

DIE AARD VAN DIALEKTIESE
VERSKIEDENHEID IN AFRIKAANS

d e u r

WILLEM JOHANNES DE KLERK M.A.

Voorgelê ter vervulling van n deel
van die vereistes vir die graad

Doctor Litterarum

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria,
Pretoria.

Pretoria;
1968.

DIE AARD VAN DIALEKTIESE
VERSKIEDENHEID IN AFRIKAANS

W.J. de Klerk

Vir Jo. en Deon.

"The most striking thing about the study of languages is their diversity — linguistic differences that appear when we pass from one country to another or even from one region to another".

(De Saussure 1964.191)

V O O R W O O R D

Hierdie studie is moontlik gemaak deur die bystand wat ek van verskeie persone en in verskillende hoedanighede gehad het. Aan hulle wil ek graag hier my opregte dank betuig.

Aan my promotor, prof. S.A. Louw, kom my innigste dank en opregte waardering toe. Die besieling wat in die stilte van hom uitgaan, is goed bekend. Na twaalf jaar aan die voete van hierdie beskeie geleerde kan n mens nie dinge uitwonder om voor dankie te sê nie. Dit is n sonderlinge voorreg om hom as dosent en as vriend te ken. Mag hy nog lank in staat gestel word om voort te gaan met die groot en mooi dinge waarmee hy besig is.

Aan my hoof, prof. H.J.J.M. van der Merwe, is ek baie verskuldig. Wat hy alles vir sy personeel moontlik maak, kan moeilik oortref word. Hierin is sy grootste ideaal "die oop gesprek" tussen sy kollegas. Die leidende rol wat hy hierin speel, het baie bygedra tot my akademiese groei. Aan hom my hartlike dank vir die voorreg om een van die "taalspruitsels" te kan wees. Mag hy eendag die vrugte pluk op sy arbeid as hoof van hierdie unieke leerskool.

Prof. M.J. Posthumus se bekwaamheid as linguis behoef geen aanbeveling nie. Dit was egter my voorreg om sy simpatieke en meesterlike leiding in die kollegiale binnekring te ondervind. Mag hy, wat in soveel opsigte n baanbreker is en nooit te besig is om raad te gee nie, nog lank die gesondheid behou om as mentor vir die jongeres op te tree.

Aan Prof. S.F.E. Boshoff my hartlike dank vir die deeglike dog welwillende wyse waarop hy opgetree het as eksaminator tydens my doktorale eksamen. Mag hy, wat in die gees nog so jonk is en so n unieke posisie beklee in die Afrikaanse taalkunde, nog lank die lus en energie behou om voort te gaan met die werk wat vir hom nooit voltooid sal wees nie.

Die onbaatsugtige wyse waarop prof. E.B. van Wyk altyd bereid is om sy kennis en insigte met ander te deel, was ook my wins. Sy uitnodiging aan my om sy p r i v a t i s s i m a e by te woon, is iets wat ek altyd baie op prys sal stel.

Aan my kollegas M.J. van der Walt en G.J. de Klerk baie dankie vir die talle stimulerende gesprekke, die belangstelling in my studie en die bereidheid om op so n onselfsugtige wyse saam te soek.

n Besondere woord van dank aan kollega F.A. Ponelis. Dit was my voorreg om baie probleme met hom saam deur te worstel. Sy belangstelling en opbouende kritiek het nooit afgeneem namate hierdie studie gevorder het nie.

Aan my studentevriend en kollega M.C. van Rensburg my hartlike dank vir alles wat ons saam bepraat en beluister het.

Aan kollega Ants Kirsipuu baie dankie vir al die "vrugbare gesprekke". Mag die invloed daarvan ook sigbaar wees in hierdie studie.

n Besondere woord van dank aan mnre. Lambert Stevens,¹ Morkel van Tonder en Pieter van Vuuren van die SAUK vir hulle bereidwilligheid - en die moeite wat dit meegebring het - om die luisteraarsbriewe aan n gereelde program aan my beskikbaar te stel.

Aan mnr. J. Verheem van die Universiteit van Suid-Afrika my dank vir sy behulpsaamheid met die afrolwerk en druk van die kaarte.

Die netjiese tikwerk is die werk van mev. C.E. Coetzee. Aan haar my dank vir alles wat sy vir ons beteken.

x x x x x x x x x x x x x x x x

Aan mnr. D.G. Kotzé, my leermeester, vriend en vertroueling, het ek my belangstelling in Afrikaans te danke. Mag sy besondere gawes

iii.

nog lank in die diens gestel word van hulle wat hy met soveel liefde dien.

Aan my ouers my innige dank vir hulle jarelange opoffering, aanmoediging en vertroue. Meer as dit kan ek nie sê nie.

Aan Jo en Deon wat al die spanning en irritasies moes verduur, dra ek hierdie werk op net al my liefde.

Die Skrywer.

Pretoria;
Mei 1968.

A F K O R T I N G E

- AB - Algemeen-beskaafd
ABN - Algemeen-beskaafde Nederlands
ATA - Afrikaanse Taalatlas
BN - Boshoff, S.P.E. en Nienaber, G.S. 1967.
Afrikaanse Etimologieë
HAT - Handboek van die Afrikaanse taal
SAAWK - Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
AWS - Afrikaanse Woordelys en Spelreëls
NWK - Noordwes-Kaapland
OVS - Oranje-Vrystaat
S/A - Suidwes-Afrika
SAUK - Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
WAT - Woordeboek van die Afrikaanse taal
VD - Van Dale: Handwoordenboek der Nederlandse taal

V E R W Y S I N G S

- ATA 1, 3 : Afrikaanse Taalatlas, aflewering 1, kaart nr. 3.
GW 9 : Vgl. grondkaart: syfereenheid 9 binne die koördinate
G en W.

Indekssyfers verwys na aantekeninge en bylae aan die einde van die
betrokke hoofstuk.

Bronverwysings is gedoen volgens die verkorte Harvard-metode.

n Asterisk dui vorme aan wat nie voorkom nie.

I N H O U D S O P G A W E

	<u>Bladsy</u>
Voorwoord	i - iii
Lys afkortinge	iv
Inhoudsopgawe	v
HOOFSTUK EEN	
A. Probleemstelling	1.
B. Prinsipiële verantwoording	3.
1. Die begrip <u>taalsisteem</u>	3.
2. Sisteemverskille	4.
3. Die begrip <u>diasisteem</u>	6.
4. Die verhouding deelsisteem tot geheelsisteem	9.
C. Metode	
Die korpus	15.
Die probleem van taalvermenging	16.
Meertaligheid	17.
AB en dialek	19.
Aantekeninge	24.
HOOFSTUK TWEE	
<u>Die dialektiese patroon in Afrikaans</u>	
1. Die status van Afrikaans as taal	27.
2. Wat is AB-Afrikaans?	30.
3. Dialekbewustheid by Afrikaanstaliges	31.
4. Die terme <u>algemeen</u> en <u>beskaaf</u>	33.
5. Afrikaanse taallandskappe	36.
6. Die kartografiese patroon	40.
7. Spraaklandskappe	48.
Aantekeninge	50.
HOOFSTUK DRIE	
<u>Die Foneologie van Afrikaans</u>	
1. Verskille in foneeminhoud	55.
2. Vokaalwisseling	56.
3. Konsonantwisseling	69.
4. Foneemvolgorde	73.
5. Opposisies X naas nul	75.

6. Die Afrikaanse foneeminventaris	78.
7. Sub-fonemiese verskille	83.
Aantekeninge	91.

HOOFSTUK VIER

Morfologie

1. Opposisies WOORD : MORFEEM	92.
2. Vormopposisies X naas nul	98.
3. Vormopposisies binne n kategorie	100.
4. Analogie	107.
5. Opposisies by komposita	114.
6. Morfeemverduistering	117.
Aantekeninge	120.

HOOFSTUK VYF

Sintaksis, logotaksis en formules

1. Woordklasverskille	121.
2. Valensionele verskille	135.
3. Logotaktiese verskille	142.
— by die ww.	144.
— by die s.nw.	146.
— by die b.nw.	147.
— by die bw. (groep)	149.
4. Idiomatiese verskille	152.
Aantekeninge	160.

HOOFSTUK SES

Die leksikon

1. Woorde wat kenmerkend van n bepaalde streek is ..	161.
1.1 Woorde met n geografies-beperkte gebruik	162.
1.2 Woordveldverdigting en noukeuriger saakonderskei- ding	169.
1.3 Naamgewing en metaforiese benoeming	171.
2. Ouer taallae	176.
3. Semantiese opposisies	188.
4. Woordvormopposisies	194.
5. Dialektiese kompositumvariante	201.

SYNOPSIS	205.
----------------	------

KURZFASSUNG	208.
-------------------	------

AANGEMAALDE LITERATUUR	211.
------------------------------	------

TAALKAARTE I - VIII.	
----------------------	--

HOOFSTUK IA. Probleemstelling

Die uitspraak is al dikwels gehoor dat Afrikaans geen dialekte het nie.¹ Daar bestaan inderdaad n byna algehele gebrek aan dialekbewustheid by Afrikaanstaliges.² Die bewustheid van taalgebruiksverskille t.o.v. wat as die AB-norm aanvaar word, het nog nie in dié mate deurgedring dat dialekte soos in baie ander lande ongeveer n saak van algemene aanvaarding is nie. Dit hang waarskynlik grotendeels saam met die volgende faktore:

1. dat n AB-Afrikaans nie ontwikkel het uit n territoriale dialek nie;
2. dat die sosiale struktuur van die Afrikaanstalige aanvanklik nie veel diversiteit getoon het nie;
3. dat taalgebruiksverskille in Afrikaans, relatief gesproke, inderdaad gering in omvang is.

Die Afrikaanse taalgemeenskap is sowel territoriaal as sosiaal baie beweeglik. Geografies loop dialektiese verskille in Afrikaans dan ook geweldig deureen. Daarbenewens tref n mens op enkele uitsonderings na geen noemenswaardige konsentrasie van dialektvorme aan wat onderskei kan word van dié in die hele res van die taalgebied nie. Hiervan getuig ook die feit dat slegs enkele pogings nog aangewend is om dialektmonografieë te skryf.³

Ondersoekers na die probleem oor die ontstaan van Afrikaans het dikwels die groot mate van eenvormigheid binne die Afrikaanse taalgebied as bewys aangevoer vir die vroeë beslag van Afrikaans. Sommige taalkundiges het van die begin af skepties gestaan oor hierdie "groot eenvormigheid", want eintlik sou n mens die teen-deel verwag.⁴ Naas aanvanklike konvergensiefaktore kon nuwe divergensiefaktore ontwikkel het.

Boshoff (1921.86) het daarom ook vroeg reeds uitdruklik gesê:

Dat die spreektaal gewestelike verskille moet vertoon, is byna vanselfsprekend. Dit het op Afrikaanse bodem alleen n ontwikkelingsgeskiedenis van meer as twee en n halwe eeue agter die rug, en die voorgeskiedenis daarvan reik terug tot n verlede waarvan ons weinig weet. Daarby is die volk, wat die taal praat, nou al vir byna n eeu uitgespreid oor n oppervlakte van byna n halwe miljoen vierkante Engelse myle, oor n landgebied dus met allerlei verskille van klimaat, bodemgesteldheid, plante- en dierewêreld en met verskillende inboorlingstamme in bepaalde streke van die land gelokaliseerd.

Die eerste aflewering van die ATA was n bevestiging van hierdie standpunt.⁵ Dat taalverskeidenheid in Afrikaans voorkom en dat die omvang daarvan groter is as wat aanvanklik vermoed is, staan vas. Dialekte (in teenstelling met die AB) veronderstel egter n bepaalde tradisie, en Afrikaans het geen lang tradisie as kultuurtaal nie. Of n mens dus in Afrikaans van dialekte in die gebruiklike sin van die woord kan praat, is nog steeds n ope vraag.

Louw (1941.11) het van die standpunt uitgegaan dat die omvang van taalverskeidenheid nie as kriterium geld vir die identifisering of onderskeiding van dialekte nie. Hy sê t.a.p.: "Dat die afwykings gering in omvang is, verander niks aan die wese daarvan nie." Later (1948.69) erken hy dat dit n "gedeeltelik aanvegbare" opmerking was wat hy met n "vooropgestelde doel" (nl. om kommentaar uit te lok) gemaak het.

Op hierdie "aanvegbare" stelling word verder in hierdie studie ingegaan. Verskille bestaan daar wel in Afrikaans. Die vraag is nou: wat is die "wese" of aard van hierdie verskille? Indien n geografiese hantering van hierdie verskille problematies is, sal n ander klassifikasieformule gesoek moet word.

- a) Enersyds sal daar gelet word op faktore buite die taalsisteem self, m.a.w. op eksterne korrelate van die taalgebruik.

p.3.....b)//

- b) Andersyds sal ondersoek ingestel word na die aard van sisteemverskille.

In hierdie opsig word die beskouing gehuldig dat die taalsisteem uit verskillende subsisteme (bv. n foneemsisteem, n morfeemsisteem, ens.) bestaan. Tussen hierdie sisteme bestaan n bepaalde integrasie. In hiërargiese orde funksioneer hierdie subsisteme dus in sisteme van hoër omvang.

Die aard van dialektiese verskille is dan daarin geleë dat hierdie verskille op verskillende vlakke in die taalsisteem kan voorkom.

B. Prinsipiële verantwoording

1. Die begrip taalsisteem

Sedert De Saussure se onderskeid tussen taalgebruik (parole) en taalsisteem (langue) het dit n saak van algemene aanvaarding geword dat die objek van die Taalwetenskap by die kode of sisteem gesoek moet word.

Vir ons doel is dit nodig om tussen twee sisteemopvattinge te onderskei.⁶

1.1 Een opvatting is dat die sisteem wat die taalkundige beskryf, niks anders as n formaliseringsmodel is nie. Die reëls van hierdie kode het slegs waarde in dié mate wat hulle enige voorspellingswaarde het vir die voorkoms van besondere strukture in die taalgebruik. Die taalkundige se formele analise van taalgebruik berus dus op n abstraksie wat hy van die sistematiek in die taalgebruik maak. Hierdie abstraksies het geen ander status as dat hulle deel van n wetenskaplike terminologie uitmaak nie. Hierdie reëls hou dus nie noodwendig verband met enige funksie of reeks funksies van die sentrale senuweestelsel nie.

1.2 Die tweede beskouing formuleer Reichling (1962:20) soos volg:

p.4....Het/

Het taalsysteem is geen abstract stelsel van begrippen over taal, maar het taalsysteem is het geheel van geordende "drijfveren" als het ware, volgens welke wij bij het gebruik en de bouw van onze taalprodukten handelen. Dit systeem heeft dan ook niet de absolute geldigheid van een logisch opgebouwd stelsel, maar het heeft alleen de waarde van een praktisch richtsnoer.

Die taalsisteen bestaan hiervolgens uit n reeks dryfvere wat sistematiese taalhandeling moontlik maak. Hoewel die sisteen dus nie n direkte gegewene is nie, kan n formulering daarvan gemaak word langs induktiewe weg deur n juiste analise van die sistematiese taalgebruik.

Die sisteen bestaan dus slegs kragtens die moontlikheid om bepaalde elemente te rig tot sistematiese ordeningspatrone of strukture. Hieruit volg dat taal in twee opsigte benader moet word:

- (a) t.o.v. die konstituerende elemente en
- (b) t.o.v. die betrekkinge tussen sodanige elemente.

De Groot (1964.2) sê dan ook: "Dit geheel van betrekkingen tussen de leden van een taalsysteem noemen we de structuur van het systeem."

Die metode waarvolgens hierdie strukture geanaliseer word, staan bekend as die strukturele metode van taalondersoek.

2. Sisteenverskille

Ons het gesê dat die taalkode slegs van die taalgebruik afgelei kan word. Die taalgebruik is egter wesenlik individueel en gebonde aan tyd en ruimte. Die probleem van die onderzoeker in hierdie opsig, stel Harris (1963.8) soos volg:

The universe of discourse for a descriptive linguistic investigation is a single language or dialect.

These investigations are carried out for the speech of a particular person, or one community of dialectically identical persons at a time. (.....) In most cases this presents no problem, since the whole speech of the person or community shows dialectical consistency; we can define the dialect simply as the speech of the person or community in question. In other cases, however, we find the single person or community using various forms which are not dialectically consistent with each other. Several ways are open to us. We can doggedly maintain the first definition Or we may select those stretches of speech which can be described by a relatively simple and consistent system, and say that they are cases of one dialect, while the remaining stretches of speech are cases of another dialect.

Indien lg. stelsel gevolg word, ontstaan die vraag hoe die verhouding tussen sulke taalgebruiksverskille beskryf moet word. In De Saussuriaanse terme is n taalsisteem n sisteem waarin alles met alles saamhang. Indien n element daarin verander of vervang word, verander die element as sodanig en die geheel waartoe dit behoort. Indien aanvaar word dat taalgebruiksverskille saamhang met sisteemverskille, moet ons n taal, bv. Afrikaans, beskou as n aggremaat van sisteme waartussen daar onderlinge verskille en ooreenkomste bestaan.

ⁿ Strukturele beskrywing van n "taal" (bv. n grammatika van "Afrikaans") moet dus òf n fiktiewe eenvormigheid veronderstel òf dit moet gebaseer wees op n enkele sisteem, gewoonlik die AB. So n beskrywing gee egter geen rekenskap van onderlinge taalgebruiksverskille binne die groter taaleenheid nie. Hiervoor is n vergelykende model nodig.

Streng genome het dit geen sin om te praat van ooreenkomste of verskille tussen sisteme nie. Dit is òf een sisteem òf twee aparte sisteme. Daar kan nie gepraat word van ooreenkoms sonder meer tussen twee sisteme indien die een bv. 5 vokaalfoneme bevat en die ander een 7 nie. Blote taalvergelyking kan dus slegs lei tot n tipologiese klassifikasie.⁷

Aan die ander kant merk Weinreich (1954:391) tereg op
.....a more flexible structuralism has overcome this hurdle by abandoning the illusion of a perfect system.

Wanneer daar gepraat word van verskillende dialeksisteme word daar immers n genealogiese verwantskap veronderstel. Daarbenewens impliseer onderlinge verstaanbaarheid tussen dialekte ook n gedeeltelike ooreenkoms tussen die sisteme. Hierdie gedeeltelike ooreenkomste maak van n taal iets anders as die blote som van n reeks sisteme.

3. Die begrip diasisteam

In sy reeds klassieke opstel Is a structural Dialectology possible? (Word, vol. 10, 1954) het Uriel Weinreich van dié standpunt uitgegaan dat sisteme slegs vergelykbaar is t.o.v. n abstraksie van n hoër orde. Hierdie sisteem van hoër orde het hy benoem met die term DIASISTEEM.

Weinreich se poging het waarskynlik gegroei uit reaksie op die twee klagtes wat die Dialektologie nog altyd ten laste gelê is, nl. dat

- (a) die hele studie berus op n metode van monsterring en
- (b) dat dit lei tot n atomistiese werkwyse, aangesien taalelemente los van die sisteem waartoe dit behoort, beskou word.

Weinreich beskou n taal ock as n aggregaat van sisteme.

Langs die weg van gebruikelike strukturele metodes beskryf n mens dus nooit n taal nie. So iets is slegs in n ideële taalgemeenskap moontlik. Daarom sê hy (op cit., p.389):

To designate the object of the description which is in fact a subdivision of the aggregate of the systems which the laymen calls a single language, the term "dialect" is used.


Voortaan sal ons, in ooreenstemming met hierdie gedagte praat van "Afrikaans", d.w.s. die aggregaat van sisteme as die GEHELSISTEEM teenoor dialekte of DEELSISTEME.

Vir die doel van taalbeskrywing moet hierdie deelsisteme egter as n gegewene beskou kan word voordat die ondersoeker

uit twee of meer deelsisteme n diasisteeem kan konstrueer. Ons keer later terug na hierdie probleem.

n DIASISTEEM is wesenlik n beskrywing van ooreenkomste tussen twee of meer sisteme en n beskrywing van die verskille as parallelle moontlikhede wat afsonderlik geïntegreerde subsisteme vorm t.o.v. die gemeenskaplike kernsisteeem. Verskille tussen taalelemente word dus met mekaar vergelyk t.o.v. die gehele waartoe hulle behoort.

Weinreich noem as voorbeeld die geval van drie Yiddische dialekte wat al drie die foneme /i,e,a,o,u/ het. Hulle struktureer in die afsonderlike dialekte egter in verskillende opposisiepatrone. In plaas van n vergelykende uiteensetting: /i·e·a·o·u/, gee n diafoneemsisteeem die volgende beeld:



Die dubbele balkies dui verwantskap binne die diasisteeem aan.

Die verhouding /i·e·a·o·u/ wat in al drie sisteme voorkom, word dus weergegee tesame met die onderlinge verskil van die /i/ en /a/ se struktureering in dialek 1, 2 en 3 respektieflik.

n Diasisteeem kan volgens Weinreich (op. cit., p.390) ge-konstrueer word uit enige twee verwante sisteme en is dan

a system of a higher level (constructed) out of the discrete and homogeneous systems that are derived from description and that represent each a unique formal organization of the substance of expression and content.

Die diasisteeem is dus die arsenaal van taalgebruiksmoontlikhede in twee of meer dialekte. Dit bied ook n model vir die sistematiese gebruik van alternatiewe of dialektiese variante. Hierdie beeld van integrasie word nie verkry van die "over-all pattern"-beskouing nie.⁸ Laasgenoemde gee slegs n beeld van die ooreenkomste tussen sisteme en van die som van verskille tussen dialekte. Daarteenoor vertoon die diasisteeem:

- a) die struktuur van die afsonderlike dialekte;
- b) die struktuur van die ooreenkomste tussen dialekte;
- c) die struktuur van die verskille tussen die dialekte.

Die beskouing van die diasisteen as sou dit n sisteem van hoër orde wees as die onderling vergelykbare sisteme hou o.i. nie noodwendig verband met die abstraksie-beskouing van die sisteem nie. Dit hang naamlik daarmee saam wat vir beskrywingsdoel-eindes as een sisteem of dialek beskou word. Die linguis kan weliswaar arbitrêre skeidslyne tussen taalverskille trek. Hockett(1964.322) sê dan ook:

The relative looseness of the two terms (d.i. taal en dialek - W.d.K.) is a merit, not a defect, for one can add as many precisely delimited technical terms as one needs..."

Sapir(1921.153) het reeds daarop gewys dat die terme taal en dialek niks meer as n verhouding impliseer nie:

The terms dialect, language, branch, stock - it goes without saying - are purely relative terms. They are convertible as our perspective widens or contracts.

Vir die taalgebruiker is die norme van sy taalsisteen egter n werklikheid. Die taalkundige se arbitrêre onderskeid tussen spreker A se taalgebruik en dié van spreker B maak nie van die bowe-individuele kode wat hulle taalhandeling rig, n abstraksie nie.

In beginsel bestaan n diasisteen by elke tweetalige spreker, in die besonder by die spreker wat om die beurt AB en dialek praat. Waar die dialekties eentalige spreker se norm deurgaans eenduidig en oppermagtig geld, word die meertalige dikwels gekonfronteer met n keuse. Hierdie keuse geskied meestal onnadenkend, maar dit is dikwels ook bewustelik. Daarmee word nie bedoel dat die spreker kennis dra van die sisteem as sodanig nie, slegs dat hy by geleentheid kan kies tussen twee parallelle taalgebruiksmoontlikhede.

In die sosiale milieu waar die gebruik van die AB vereis word, kan n spreker daarvan bewus word dat hy "verkeerdelik" volgens sy dialeknorm gehandel het.

In hierdie studie word die diasisteen gesien as n blote wetenskaplike model. In die vorige eeu het die opvallende

ooreenkomste tussen tale gelei tot die gevolgtrekking dat taal-ooreenkoms berus op taalverwantskap. Verwantskap veronderstel gemeenskaplike afstamming. Dit het gelei tot die uiters vrugbare werkhipotese van proto- of oertale. So n gerekonstrueerde oertaal is egter nie iets waarvoor enige ontiese aansprake gemaak kan word nie. Hoe die oertaal in der waarheid gelyk het, is nie van belang nie; hoofsaak is dat die gerekonstrueerde vorm langs die weg van klankwette e.a. diachroniese prinsipes n vergelykingsbasis moet bied en n sekere voorspellingswaarde moet lewer vir die verskeidenheid van tale.

Ook dialektiese verskille staan in die teken van hierdie historiese gerigtheid. Die diasistees-model is egter, in teenstelling met die oertaal-model, nie uitsluitlik diachronies nie. Waar territoriale verskeidenheid saamhang met ruimtelike fiksasie op n bepaalde tydstop in die historiese verloop, kan dit wees dat hierdie verskille herlei kan word tot n sisteemprinsiep wat nog steeds geld.

Weinreich se model vir n strukturele dialektologie is intussen deur verskeie ondersoekers toegepas en baie bruikbaar gevind.⁹

4. Die verhouding deelsistees tot geheelsistees

n Diasistees kan in feite uit enige twee of meer verwante sistees opgebou word. In die meeste Westerse lande gaan standaardisasie reeds vir eeue lank voort. Die AB kan daarom beskou word as n SENTRALE SISTEEM aangesien dit die beste vergelykingsbasis bied; deur kulturele druk verbrei die AB hom tot kwantitatief die grootste taalsistees binne die geheelsistees.¹⁰

Metodologies beskou, is dit egter n deelsistees soos al die ander dialekte.

Sprekers pas n taal aan by hulle behoeftes, en t.o.v. die kommunikasiebehoeftes van die dialekspreker is die dialek n volkome adekwate sistees. Die dialekspreker word telkens slegs bewus van die "status" van sy dialek wanneer hy bewus word van

eise wat aan sy taalgebruiksvermoë gestel word op hoër kulturele niveau.

Binne sy beperkte milieu (hetsy geografies of sosiaal) is die dialek egter volkome selfgenoegsaam.

In die Dialektologie is daar al baie gesoek na kriteria om te onderskei tussen AB en dialek. In beginsel is dit n saak wat slegs deur die onderskeie sprekers uitgemaak kan word. Uit wetenskaplike oogpunt gesien, vereis dit die konstruering van die waardesisteen van n gemeenskap waarbinne hierdie maatskaplike oordeel AB x dialek geldig is.

Geen objektiewe kriterium is tot dusver gevind nie. Daarom is daar in die jongste tyd geredeneer dat die dialek n sisteem is soos enige ander en dat verskille tussen sisteme geformuleer moet word op grond van kwantitatiewe kriteria. So kan daar dan slegs uitgegaan word van onderlinge-ooreenkoms-met-verskil. Hierdie benadering kan op niks meer as n tipologiese vergelyking uitloop nie. Dit is teoreties moontlik dat daar bv. tussen twee genealogies nie-verwante sisteme meer ooreenkomste as verskille kan bestaan. Watter hiërargie van vergelykbare momente moet die dialektoloog nou opstel?

Selfs op leksikale vlak lei so n vergelyking dikwels tot die miskennis van die woordgestalt. Tussen die volgende woorde bestaan daar wel n sekere ooreenkoms en verskil. Wat die graad van verskil is, is egter die probleem.

p.ll...../

stink			kruid	stinkkruid
stink	olie	blaar		stinkolieblaar
stink	olie		boom	stinkolieboom
	olie	blaar	boom	olieblaarboom
	olie		boom	olieboom
stink			boom	stinkboom
stink		blaar		stinkblaar
	olie	blaar		olieblaar
stink		blaar	dutter	stinkblaardutter
stink			dutter	stinkdutter
			dutter	dutter
			<u>dotter</u>	dotter

(Vgl. ATA 7,34)

n Vergelyking van foneeminhoude van woorde lewer dieselfde probleem op. By kambuis x kombuis is daar n verskil t.o.v. een foneem. By tarentaal x tarnataal is daar n verdere verskil t.o.v. foneemvolgorde.

Die soeke na die "graad van dialektisiteit" lyk nie na n baie belowende metodologiese prinsiep nie.

n Ander gedagterigting maak gebruik van die beginsel van onderlinge verstaanbaarheid. Dit gaan met taalgebruik immers om kommunikasie. Die mate waarin sprekers mekaar dus kan verstaan, word dan gebruik vir die mate van ooreenkoms tussen sisteme.

Op grond van n reeks toetsitems kan die linguis nou met een van twee beginsels opereer:

- a) absolute onderlinge verstaanbaarheid (die "alles-of-niks-prinsipe") of
- b) n kwantitatier-berekende maat van onderlinge verstaanbaarheid wat statisties bereken kan word.

Dit is n empiries-kontroleerbare feit dat geen twee mense presies eenders praat nie. Die som van die spraakgewoontes van

p.12.....n/

n individuele spreker kan n IDIOLEK genoem word. Die idiolek is ook geen konstante nie, maar die begrip is bruikbaar in n prinsipiële beskouing.

Wanneer die verhouding taal-dialek nou in hierdie verband ter sprake gebring word, word n groter mate van ooreenkoms veronderstel tussen die idiolekte van n dialek as tussen die idiolekte van n taal. In hierdie opsig word die term TAAL as n versamelterm gebruik: die taal is die kollektief van sy dialekte.

Op grond van n steekproef kan die graad van verskil tussen sisteme soos volg bereken word:

- a) Gestel die getal idiolekte is N, dan is die getal vergelykbare pare idiolekte (P):


$$P = \frac{N(N-1)}{2}$$

- b) Indien daar V onderling verstaanbare idiolekte is, dan is die formule vir die graadverskil tussen idiolekte (G):

$$G = \frac{P-V}{P}$$

G is n aanduiding van die algemene onderlinge verstaanbaarheid tussen idiolekte (tewens ook van dialekte). As die graad van onderlinge verstaanbaarheid hoog is, is G laag en omgekeerd.

Deur gebruik te maak van die onderlinge verstaanbaarheids-toets kan nou n skakelpatroon S (verbindingspatroon van onderlinge verstaanbaarheid) verkry word wat soos volg daaruit sien:



p.13.....Waar/

Waar S = skakelpatroon;

A - I = verskillende idiolekte.

Volkome verstaanbaarheid bestaan tussen:

1. idiolekte A - D;
2. idiolekte B, D en F;
3. idiolekte F en G;
4. idiolekte G, H en I.

Onderlinge verstaanbaarheid tussen slegs twee idiolekte sonder gemeenskaplike verbindbaarheid met n derde (bv. F & G) word n S-simpleks genoem; verstaanbaarheid tussen meer as twee idiolekte word n S-kompleks genoem.

Dit spreek vanself dat n spreker se idiolek nie te veel kan afwyk van die idiolekte van ander mense in sy onmiddellike milieu nie. Dan sal taal as taal (synde n kommunikasiehandeling) nie moontlik wees nie.

Ons kan dus die S-kompleks A-B-C-D-E n versameling van baie na verwante idiolekte of n dialek noem.

Hierdie hele benadering blyk by nadere ondersoek alles behalwe n towerformule te wees.

Besware:

- a) Die term onderlinge verstaanbaarheid is nie bo verdenking nie. Die vraag is: wie verstaan wat? en hoeveel?

Die hoorder dekodeer nie slegs die waarneembare tacluïting nie; hy interpreteer dit teen die agtergrond van al sy "geestelike bagasie": sy ervaring, sy kennis, sy waardesisteem, e.d.m.

- b) Dit kan miskien uit n persoon se handeling afgelei word dat hy iets sinvol geïnterpreteer het, maar hoe volledig of "korrek" is hierdie interpretasie?

Voorbeeld:

Die woord slet soos dit vry algemeen gebruik word in Suid-Afrika beteken "vrou van los sedes". In die omgewing van Inyana word dieselfde woordvorm

deur sekere sprekers gebruik met die betekenis "slordige/slonsrige/onnette vrou", maar die pejoratiewe betekenismoment van "immoraliteit" ontbreek.

Watter mate van onderlinge verstaanbaarheid sou n mens in dergelike gevalle kon konstateer?

- c) Die keuse van toetsitems by so n opname is ewe problematies. n Taalgebruiker ken dikwels nie n woord nie omdat die saak waarop die betrokke woord toepasbaar is, nie in sy milieu voorkom nie. Geen enkele taalgebruiker gebruik die hele leksikale arsenaal van sy taal nie. Die grootste dialektiese variasie in die leksikon word juis gevind by woorde m.b.t. plante-groei, diere, huishoudelike voorwerpe en gebruike, bodemgesteldheid, e.d.m. Dieselfde vraelys is dus nie geskik vir sowel die stad as die platteland nie.
- d) In elke taalkode tref ons die beginsel van oormaat aan. Grammatiese verskille kan dus soos steurnisse in die transmissiekanaal inwerk, hoewel die boodskap as geheel nog volkome verstaanbaar is.
- e) Ten slotte is daar in Suid-Afrika min sprekers by wie n mens nie "dialektiese meertaligheid" aantref nie. Spreker A se taalnorm skryf bv. die gebruik van die woord kokkewiet voor; hy ken egter ook die woord boknakerie uit sy kontak met ander sprekers, hoewel hy nooit self die woord gebruik nie. In sulke gevalle is n verstaanbaarheidstoets nutteloos.

In hierdie studie sal daar van die standpunt uitgegaan word dat bewustheid van dialekverskille deel van die taalbeleding is en dat dit slegs inter-subjektief kontroleerbaar is.

Wanneer twee sprekers gesels, konsentreer hulle op wat gesê word, nie hoe dit gesê word nie. In hierdie opsig kan n mens eerder van taalverbruik as van taalgebruik praat. Geen spreker is in n natuurlike taalgebruiksituasie bewus van die norme wat hy in sy taaluitinge aanwend nie.

Die spreker word pas bewus van n gebruiksnorm wanneer iemand anders in gesprek daardie norm oortree. Die bewus-wees van taalgebruiksverskille lê daarin dat die taalnorm verskyn uit protes teen sy verontagsaming/skending.

Dit beteken in effek dat twee dinge gesinjaleer word in n gesprek tussen dialeksprekers A en B, nl.

- a) die informasie of inhoud wat in die kommunikasie tot stand kom en
- b) buite-talige informasie dat albei sprekers nie volgens dieselfde reëls taalhandelend optree nie. Lg. informasie kan van drieledige aard wees.
 1. Die betrokke verskynsel in dialek A kan in dialek B sisteemmatig noontlik wees, maar n frekwensie nul hê òf dit kan in die een dialek produktief struktureer en in die ander nie.
 2. Die verskille kan kategoriaal van aard wees, hetsy t.o.v. n hele grammatiese kategorie, hetsy t.o.v. n bepaalde subkategorie.
 3. Fonologiese en leksikale verskille kan voorkom t.o.v. inventaris en spreiding.

C. METODE

Hierdie studie is gebaseer op n korpus dialekmateriaal ontleen aan die volgende bronne:

- 1.1 Afrikaanse Taalatals (ATA). By die skrywe van hierdie proefskrif het daar reeds 45 kaarte in druk verskyn.
- 1.2 Bandopnames wat gemaak is vir die Afrikaanse Taalatlas. Die veldwerk is deels gedoen deur die skrywer self, maar hoofsaaklik deur mnr. M.C.J. van Rensburg van die Universiteit van Pretoria.
- 1.3 Ongepubliseerde materiaal van prof. S.A. Louw wat ingewin is tydens vroeë steekproewe van dialekgeografiese navorsing.

p.16.....Aangesien/

Aangesien hierdie inligting ruim vyf-en-twintig jaar gelede ingewin is, word dit slegs by wyse van vergelyking gebruik en ook in dié verband vermeld.

- 1.4 Ongepubliseerde materiaal wat ingewin is met vraelyste van die Afrikaanse Taalatlas.
2. Etlike honderde luisteraarsbriewe aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie van persone wat landswyd bydraes gestuur het vir die taalprogram "Kloutjie by die oor" tydens 1966 en 1967.
3. Skriftelike bronne word ter plaatse vermeld.

Die probleem van taalvermenging

Suid-Afrika is n veeltalige land en n mindere of meerdere mate van tweetaligheid of meertaligheid word by die oorgrote meerderheid sprekers in Suid-Afrika aangetref.

Volgens die Taalkaart van Suid-Afrika (Van Warmelo, 1952) blyk dit dat daar groot geografiese oorvleueling in die spraakgebiede van die Bantoetale voorkom. Dieselfde geld vir die twee amptelike tale van die sentrale regering, Afrikaans en Engels. (Vgl. Coetzee, 1958.31). Coetzee praat van "die skeiding tussen die gebiede waarin meer as die helfte Afrikaanssprekend of Engels-sprekend is." (1958.30.) Daarmee bedoel hy n afbakening van gebiede waarin die verhouding verskil tussen die gebruik van Afrikaans (of Engels) as eerste en tweede taal. Dit is trouens nie moontlik om n uitsluitlik Engelse of Afrikaanse taalgebied van enige noemenswaardige oppervlak in Suid-Afrika af te baken nie.

n Onderskeid tussen AFRIKAANSSPREKENDES en AFRIKAANSTALIGES is daarom wenslik. In hierdie studie word uitgegaan van die beskouing dat elke spreker deur sy taalhandeling deelneem aan n besondere taalgemeenskap. Die poliglot is dus lid van meer as een taalgemeenskap. ..So gesien, kan daar dan gepraat word van n persoon se beheersing van n PRIMÊRE, SEKONDÊRE, TERSIÊRE taal, ens. n Afrikaanstalige is dus tewens Engelssprekend as hy Engels as sekondêre taal beheers.

Geografiese streke waarbinne meer as een taal gepraat word, is uitnemend geskik vir die bevordering van meertaligheid. Dit

beteken egter nie sonder meer dat daar taalkontak moet voorkom nie. Die LOCUS VAN TAALKONTAK is die bewussyn van die taalgebruiker.¹¹ Dit veronderstel 'n mate van kennis van 'n sekondêre taal by die spreker. Taalvermenging en -ontlening hang dus saam met:

- a) die omvang van twee- of meertaligheid;
- b) die besondere sosiaal-kulturele verhouding tussen verskillend-taliges;
- c) leentes t.o.v. gebruiksvereistes binne 'n besondere taal wat aangevul word uit 'n kontaktaal.

Meertaligheid:

The practice of alternately using two languages will be called bilingualism and the persons involved bilingual. Those instances of deviation from the norms of either language which occur in the speech of bilinguals as a result of their familiarity with more than one language, i.e. as a result of language contact, will be referred to as interference phenomena. (Weinreich, 1964³.1)

By 'n studie van die Afrikaans van Afrikaanssprekendes wat verskillende tale as primêre taal besig, moet daar dus telkens rekening gehou word met ander "steuringsfaktore" op foneties-fonologiese vlak, asook t.o.v. enige transsistemativering wat mag voorkom.¹²

Aangesien dit 'n reeks studies sal verg (na gelang van die besondere primêre taal) om 'n beskrywing te gee van die Afrikaans van sprekers wat Afrikaans as sekondêre taal besig, is slegs die Afrikaans van Afrikaanstaliges vir die doel van hierdie studie in berekening geneem.

Die Afrikaans van Kleurlinge is ook nie in hierdie studie betrek nie, hoewel baie Kleurlinge, miskien selfs die meerderheid, Afrikaans as primêre taal besig. Die beweegredes is die volgende:

1. Daar word dikwels in Suid-Afrika gepraat van "Kleurling-Afrikaans". Daar het ook reeds 'n proefskrif onder die titel verskyn.¹³ Dit impliseer 'n verhouding ras-taal, 'n korrelaat wat vir die linguïes geheel-en-al onbruikbaar is.

Die term taalbiologie¹⁴ kan moontlik ewe goed verval binne Weinreich se skema van taalkontak.

Wat wel relevant is, is dat daar by die Kleurling n veel groter kulturele gradiënt is as by die Blanke. Indien daar dus van "Kleurling-Afrikaans" gepraat word, moet daaronder n reeks dialekte veronderstel word, en nie n enkele dialek nie. Die Kleurling-digter Adam Small se Afrikaans kan bv. ewe boed as prototipe van die AB geld. Hierdie opmerking 'geld vir baie Kleurlinge in die boonste sosiale lae.

2. Geografies tref ons dieselfde toestand aan. Die Kleurling van Wes-Kaapland se taal verskil opvallend van dié van die Rend. Hierdie verskille moet egter net verskillende sosiale faktore gekorreleer word. Hier speel beroepsbeoefening n groot rol, aangesien later betoog word dat AB Afrikaans grootliks n abstraksie is wat met die skryftaalgebruik saamhang. Die mate van geletterdheid staan dus in direkte verband met die gebruik van dialek al dan nie.

3. Die ontwikkeling van n AB-norm gaan gewoonlik gepaard met n nasionale strewe. Weinreich merk tereg op:

The sociolinguistic study of language contact needs a term to describe a phenomenon which corresponds to language approximately as nationalism corresponds to nationality. The term language loyalty has been proposed for this purpose. (1964.99)

Dit was inderdaad die geval tydens die stryd om die erkenning van Afrikaans as kultuurtaal. In die G.R.A. se manifest word n beroep in dié rigting gedoen. Daar word gesê dat daar drie soorte Afrikaners is. Daar is Afrikaners met Engelse harte, Afrikaners met Hollandse harte en Afrikaners met Afrikanerharte. Op lg. groep beroep hulle hulle.¹⁵

In n land soos Suid-Afrika waar Afrikaans gekonfronteer is met n magtige kultuurtaal met n internasionale gebruiksfere soos Engels, word taalloyaliteit gebore uit n drang tot selfbehoud. Die talle Afrikaanse taal- en kultuurverenigings, periodieke puristebewegings e.d.m. in Suid-Afrika is dus volkome begryplik. Die Afrikaanse perswese is daarom ook baie meer puristies ingestel as die Nederlandse pers t.o.v. Engels.

Hierdie stellingname teen Engelse beïnvloeding het n.i. dikwels die aandag afgelei van territoriale en sosiale verskille wat daar in Afrikaans voorkom. n Persoon verraai veel meer van sy sosiale stand deur n "onnodige" Engelse woord te gebruik as deur n regionaal-dialektiese woord te gebruik.

Wanneer daar nou in die wandel van "Kleurlingtaal" gepraat word, word daarmee veral gedink aan n taalvorm waarin grootskaalse taalvermenging en baie bastervorme voorkom. Dit is weliswaar n geldige uitspraak t.o.v. die taalgebruik van n groot groep van die Kleurlinge. Of hierdie feit saamhang met enige nasionale identifisering, is nie n vraag vir die linguis om te beantwoord nie. Al wat wel ter sake is uit taalkundige oogpunt is dat hier deels n mengeltaal gepraat word wat n ander behandeling vereis as n taal waarin vreedwoorde en konstruksies getranssistematiseer is of nog as leengoed herkenbaar is.

AB EN DIALEK

Sover skrywer se kennis strek, bestaan daar geen alles-omvattende definisie van wat n sentrale sisteem of AB is of behoort te wees nie.

Weijnen se omskrywing is waarskynlik so betroubaar as wat n mens sal aantref. Hy beskou die AB as n soort koördinerende sisteem wat n reeks taalsisteme (ofte wel: dialekte) saambundel tot n taal. Hy stel dit so:

Het verschil tussen taal en dialect bestaat o.i. hierin dat een tekensysteem het pas dan tot de rang van taal brengt als het met naverwante locale tekensystemen een ander naverwant tekensysteem voor hoger en interlocaal verkeer aanvaardt (1958.18).

Indien taal beskou word as n kollektiewe begrip, synde n reeks sisteme, dan veronderstel dit n sekere kohesie tussen hierdie sisteme of dialekte. So iets is moontlik deur die aanvaarding van n gemeenskaplike normtaal. Naas sy eie

taalgebruik soos deur sy dialeknorm gedetermineer, aanvaar die dialekspreker n norm of reeks norme vir "the best usage", wat deur die afsonderlike dialeksprekers as n variant van die eie dialeksisteen aanvaar word op hoër kulturele niveau, wat die dialekte saambundel tot n taal, en nie die graad van onderlinge ooreenkoms tussen dialekte nie.

Die graad van ooreenkoms en die mate van onderlinge verstaanbaarheid tussen Afrikaans en AB Nederlands is so groot dat n mens Afrikaans as n dialek van ABN sou kon beskou. Die verskil kom egter daarby dat die Afrikaanssprekende nie die ABN-norm erken nie. Tot en met die amptelike en algehele aanvaarding van Afrikaans as kultuurtaal deur Afrikaanstaliges was Afrikaans n Nederlandse dialek, want naas die gesproke Afrikaans was Nederlands die skryftaal, die taal van die skool, Kerk en staat.

Dialekte veronderstel ook n onderlinge genealogiese verwantskap. n Lingua franca soos Fanakalo bundel bv. nie n reeks Bantoetale saam in een taal nie. Hier het ons te maak met die gebruik van n sekondêre geleentheidstaal. Dieselfde geld in gevalle waar Bantoes bv. dikwels gebruik maak van Engels as uitdrukkingsmedium op hoër kultuurvlak.

Die term algemeen-beskaafde taal is misleidend. Daar is nie so iets soos beskaafde en onbeskaafde tale nie. Beskawing is n menslike attribuut: daar is slegs beskaafde en minder beskaafde mense. Die status van die AB berus op n assosiatiewe verband. Dit spreek dus vanself dat die AB-norm hom sterker sal opdring in lande waar die kulturele gradiënt groot is en omgekeerd.

Daar word dikwels onderskei tussen regionale en sosiale dialekte. Tussen die regionale en sosiale dialek bestaan verskeie korrelate; daarom word die term dialek in hierdie studie eerder meer-dimensioneel beskou.

Gewoonlik word die term VOLKSTAAL gebruik om n benedevlak van die AB aan te dui. So n dichotomie is nie altyd bruikbaar nie, aangesien daartussen allerlei graduele verskille bestaan.

Die dialek is altyd n adekwate sisteem t.o.v. die taalgebruiksbehoefte van die dialekspreker - sowel territoriaal as sosiaal. Die volgende gevalle kan dien as illustrasie:

1. Die saak moelvoor (ATA afl. 5 nr. 21), flap (ATA 4,20), kopakker (ATA 3, 14) wenakker (ATA 3, 13), holvoor (ATA 3, 12) is bv. in groot dele van die land onbekend en gevolglik ken die mense ook nie n woord daarvoor nie.

2. Dieselfde beginsel geld op sosiale vlak. Kwant (1964²) gaan veral van die standpunt uit dat die mens se bestaansveld die besproke wêreld is. Die vertroude wêreld of sinveld om hom word bewaar in die taal van sy gemeenskap. Die taal is immers n konvensionele simbolesisteem waarin die verhouding simboolwaarde of betekenis tot simboolvorm deur n historiese band gerig word.

Elke gemeenskap, elke groep, wil zijn vertroude wereld bewaren, en daarom is hy gehecht aan de wijze waarop hij zijn wereld ter sprake brengt (op.cit., p.112).

Die sinveld van n groep, d.w.s. die dinge waaroor n groep kan praat, word gekonstitueer deur n gemeenskaplike taalgebruiksisteem.

Kwant se argument kom deels ooreen met die Sapir-Whorf-hipotese (Whorf 1966²). Enige individu se taalgebruik hang saam met die dinge waaroor hy praat; m.a.w., die taalgebruik is gebonde aan n bepaalde ervaringswêreld waaraan die sprekende mens d.m.v. sy taal sin gee.

Hieruit volg dat n persoon se deelname aan die sosiale sisteem gereflekteer word in sy taalhandeling.

Gewoonlik word gepraat van GROEPTAAL wanneer verwys word na die taalgebruik binne n bepaalde sinveld waaraan slegs n sekere ouderdomsgroep, beroepsgroep ens. deel het.

Taalverskynsels van hierdie aard is die uitsluitlike studie-terrein van die Sociolinguistiek. Sulke taalgebruiksgevalle kan slegs sinvol beskou word in ooreenstemming met n bepaalde sosiale orde. Die term SOSIOLEK is daarom verkieslik.¹⁶ Die sosiolek is dan n bepaalde geykte vorm van taalgebruik binne n spesifieke gebruiksfleer.

In die Beskrywende Linguistiek is taalverskille slegs hanteerbaar indien daar n bepaalde opposisie voorkom.

As dialekspreker A praat van n /klep/ en dialekspreker B van n /tlep/, kan hierdie woordvormverskil op strukturele grondslag benader word. Hier het ons naamlik met n kwalitatiewe verskil te maak. In dialek A kom die foneenkombinasie /tl- / nie voor nie.

Naas kwalitatiewe verskille tref ons ook kwantitatiewe verskille aan. Kwantitatiewe verskille raak slegs die leksikale inventaris en idiomatiese uitdrukkings. Hier bestaan geen x-naas-y-opposisie nie, slegs die volgende:

1. x naas nul: Spreker A gebruik n woord wat spreker B glad nie ken nie.
2. x naas x plus x_1, x_2, x_3 : Spreker A gebruik n woord wat spreker B ook gebruik. Naas hierdie woord x gebruik spreker B een of meer ander woorde ($x_1 + x_2 + \dots$) omdat hy dit nodig vind om noukeuriger te onderskei as spreker A. Bv.

A

B

Saak:

sekere (x) by (x) by:-

insek

 x_1 : geelby x_2 : wysby x_3 : hommelby x_4 : malkopby x_5 : motby

Kwantitatiewe taalverskille moet gekorreleer word met eksterne faktore soos geografiese voorkoms, sosiolektale gebruik sfeer e.d.m.

Aangesien die AB vir interlokale verkeer gebruik word, spreek dit vanself dat dit kwantitatief groter van omvang moet wees as die dialek wat gebonde is aan n bepaalde milieu.

So gesien, kan DIALEK omskryf word as die taalgebruik van die grootste homogene milieu. Dit spreek vanself dat hierdie milieu territoriaal nie té verbreed en maatskaplik nie té geskakeerd kan wees nie.

Teenoor die dialek kan die AB nou gestel word in terme van wat hom van die dialek onderskei. In negatiewe terme sal ons dan kan sê dat die spreker wie se taalgebruik sy herkoms die minste verrai as behorende tot n bepaalde streek of kultureel minderontwikkelde groep, n AB-spreker is.

AANTEKENINGE

- 1.1 So sê J.J. le Roux (1949.43) bv.:

"...ons (mag) wel dadelik die vraag stel of die bewering wat n mens so dikwels hoor, nl. dat daar in Afrikaans geen dialekte is nie, wel juis is." en besluit dan ten slotte: "Alles tesam geneem doen ons dus die verstandigste deur voorlopig maar nie van dialekte in witnens-Afrikaans te praat nie. 'Plaaslike verskille' sou n beter term wees." (Op. cit., p.51)

- 1.2 Abel Coetzee (1958.19) sê ook eksplisiet:

Afrikaans verskil van al die genoemde voorbeelde in dié opsig dat ons geen gewestelike spreektaal het nie.

- 1.3 Ook in Nederland word van dié standpunt uitgegaan.

In n resensie van die eerste aflewering van die ATA sê

Jo. Daan (1960):

Het Afrikaans heeft geen dialecten, maar de bedoeling van deze atlas is te laten zien hoe de schakeringen van het Afrikaans zijn en hoe ze over het land zijn verdeeld.

2. Vgl. Weijnen, A. (1961).

3. Vgl. bv.

- 3.1 Heiberg, L.R. 1957. Afrikaanse Visserstaal.

- 3.2 Loubser, J.E. 1954. Aspekte van die Afrikaanse spreektaal-gebruik in en om Loeriesfontein.

- 3.3 Rademeyer, J.H. 1930. Kleurling-Afrikaans. Hierdie studie is nie op een lyn te stel met die ander nie. Hier is nl. histories n geval van taaloordrag waarby totaal verskillende faktore n rol speel as by die ontstaan van dialekte in n primêre taal.

4. So skryf Van Ginneken (1913/28².213) bv.:

Deze Afrikaansche Taal is nu evenwel over haar heele rijksg gebied volstrekt niet zoo eenzelvig als vroegere schrijvers ons hebben willen doen gelooven (.....) het verdere onderzoek van P.J. du Toit en T.H. le Roux is dan ook in de laatste jaren mijne theoretische vermoedens ten volle komen bevestigen.

5. Ons tref op die 5 kaarte van die eerste aflewering die volgende getalle variante aan:

nr. 1 (bobbejaan): 24;
 nr. 2 (hoephoep) : 67;
 nr. 3 (knapsekêrel): 54;
 nr. 4 (misbredie): 62;
 nr. 5 (duwweltjie) : 76.

- 6.1 Householder se skertsende verwysing hierna as die hocus-pocus- en God's truth - beskouinge het sedertdien algemene inslag gevind. (Vgl. Joos, 1963.88)

- 6.2 Vgl. in hierdie verband ook Charles Hockett se Two Models of Grammatical Description in Martinet, A. en U. Weinreich. red. 1954.

7. Indien dialekte as selfgenoegsame sistene beskou word, is die probleme by die beskrywing wesenlik dieselfde as by nie- verwante tale. Vgl. Bazell, C.E.: Linguistic Typology in Strevens, P. red. 1966.

8. Die term "over-all pattern" dui op die beskrywing van die gemeenskaplike kern plus die som van die verskille. Sover ons weet, is die term geskep deur Henry Lee Smith.

9. O.a. deur die volgende ondersoekers:

- 9.1 Moulton, William G.: The Short Vowel Systems of Northern Switzerland. A Study in Structural Dialectology, Word vol. 16, 1960.

- 9.2 Stankiewicz, Edward: The Phonemic Patterns of the Polish Dialects, A Study in Structural Dialectology in For Roman Jakobson, Den Haag, 1956.
- 9.3 Vgl. ook die oorsig van Ernst Pulgram: Structural Comparison, Diasystems, and Dialectology in Linguistics, nr. 4, 1964.
10. Hiermee bedoel ons dat die AB, territoriaal meer verbreid voorkom t.w. as interlokale verkeerstaal. Terselfdertyd is die gebruiksnilie van die AB groter as dié van die dialek.
11. Hier word die uitgangspunt van Uriel Weinreich gevolg soos uiteengesit in Languages in Contact, 1964.
12. Vgl. Van Wyk, E.B.: Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes, in Taalfasette 11, 1966.

Van Wyk son die hele probleem so op:

By die aanleer van 'n sekondêre taal is die norme van die primêre taal se sisteem reeds so by die spreker ingeskerp, dat hy, sonder dat hy dit kan verhelp, die sekondêre taal, wat uiteraard ander sisteemnorme het, dáárna rig. (p. 27 - 29.)

13. Die reeds genoemde werk van J.H. Rademeyer.
14. Vgl. Weijnen, 1958. (p.74.)
15. Vgl. Pienaar, E.C. 1946. Die triomf van Afrikaans (p.127).

16. Hierdie term is in Dialektologiese verband voorgestel deur kollega A. Kirsipuu.

H O O F S T U K IIDie dialektiese patroon in Afrikaans1. Die status van Afrikaans as taal

Die probleem van die taalstatus van Afrikaans dring hoadelik op wanneer die terme AB en dialek met betrekking tot Afrikaans ter sprake gebring word.

Hieroor sê Heerona (1965.6):

Wij kunnen bv. op goede gronden - onze eigen goede gronden - staande houden dat de Nederlandse cultuurtaal, het plat-Amsterdams en het Afrikaans verschillend gestructureerd zijn en dus verschillende, welonderscheiden talen voorstellen. Maar een ander kan daartegenover betogen dat het zowel van diachronisch als van synchronisch standpunt volkomen gerechtvaardigd is om de Nederlandse cultuurtaal, het plat-Amsterdams en het Afrikaans onder een noemer te brengen.

Die aanvanklike teenkating teen die erkenning van Afrikaans¹ is n goeie aanduiding van hoe arbitrêr die verhouding dialekstatus: taalstatus is. Hierdie taalstryd het etlike jare geduur. Ondertussen het die linguistiese struktuur van Afrikaans niks verander nie; slegs die maatskaplike oordeel oor die taal het verander.

Hoewel die amptelike verheffing van Afrikaans tot die status van n taal enigermate kunsmatig² was, het dit tog die gevolg gehad dat Afrikaans tans nie in dieselfde verhouding tot ABN staan as die verskillende Nederlandse dialekte nie.

1.1 Waar die onderskeid AB naas dialek gemaak kan word, word meestal drie groepe sprekers aangetref:

--- n groep wie se taalgebruik nie verraai uit watter streek hulle kom nie (die AB-sprekers);

--- n tweede groep wie se taalgebruik hulle lokaliseer as komende van n bepaalde streek en wat geen ander kommunikasiemiddel het as hierdie lokale taal nie (die dialeksprekers);

--- n derde groep wat die lokale taal praat binne die dialekmilieu maar daarbuite vir interlokale verkeer gebruik maak van die AB (of hulle besondere variasie daarvan).

Die AB is dus die kommunikasievorm buite die beperkte dialekmilieu en per definisie die taalgebruiksvorm op hoër kulturele niveau. Binne die gebied waarin sodanige AB geld, bestaan daar n taaleenheid, d.w.s. deur die aanvaarding van n gemeenskaplike normtaal word n reeks dialekte saangebundel in n taal.

1.2 Daar bestaan tans geen sodanige KOHESIE meer tussen Afrikaans en die Nederlandse dialekte nie. D.w.s. ABN koördineer nie die Nederlandse dialekte saam met Afrikaans in n taaleenheid nie. Dit is toe te skryf aan die feit dat die ontwikkelde Afrikaanstalige hom sedert 1925 nie meer stel onder die ABN-norm nie. Hierdie verwydering is deels veroorsaak deur die linguistiese ontwikkeling van Afrikaans, maar ook en veral omdat Afrikaans n sinbool geword het in die strewe om die behoud van n eie identiteit³. Die ontstaan van hierdie stryd kan gesien word as n reaksie op die teenwoordigheid van die Engelse taal en bewind in Suid-Afrika.

Heeroma (op cit. p.18) vervolg dan ook tereg:

Als wij op de Afrikaanders letten, moeten wij concluderen dat het toch wel zeer bepaaldelijk de volksmythe moet zijn die aan een taalwerklikheid een naam kan geven waardoor die ten volle tot "een" taal wordt.

Voor die amptelike invoering van Afrikaans as kultuurtaal was ontwikkelde Afrikaanstaliges dialeksprekers van die derde groep⁴. Vgl. par. 1.1

Die grootste gedeelte van die bevolking was egter net Afrikaans magtig, d.w.s. dialeksprekers van die tweede groep.

AB-sprekers van die eerste groep was slegs die eerste-generasie-immigrante wat toe reeds as "Hollanders" geïdentifiseer was.

Die grootste groep sprekers (groep 2) se kontak met ABN was byna uitsluitlik visueel. ABN was vir hulle n g e s k r e w e taal en nie n normatiewe s p r e e ktaal nie.

Daar was nietemin n sterk bewustheid van die verskil tussen "Hooghollands" en Afrikaans (wat vir baie mense nog gewone "Hollands" was). Hierdie kontras het onderlinge verskille tussen geografiese en sosiale variëteite van Afrikaans oorheers.

"Hooghollands" is geïdentifiseer met die skryftaal. Dit was die taal van die Bybel en die pers. As gesproke taal het dit slegs bestaan in die mond van predikante en onderwysers. Haugen (1953) het vergelykbare "dialect attitudes" gevind onder Noorse sprekers in Amerika waar die

kontak met die stanland op soortgelyke wyse deur migrasie verbreek is. Die geskrewe taal was die enigste kontak met die taal van die stanland. Dit het gelei tot n volkome vereenselwiging van die skriftelike taalgebruik met die AB. n Tiperende uitspraak van segsmanne in hierdie omstandighede is die volgende:

Skrift-språge ær dæ bæsta, naturligvis.

(Haugen 1953. 355)

Ondersoekers is dit eens dat Afrikaans reeds vroeg sy beslag gekry het. Dit het egter vir ocue lank slegs n gesproke taalvorm gebly. Die taal van die bewind was Engels. Eers na die stigting van die noordelike republieke het Nederlands as kultuurtaal weer ter sprake gekon. In hierdie stadium het n ABN nie meer veel lewensvatbaarheid gehad nie. Die verwydering van Afrikaans en ABN was vir Afrikaanstaliges toe reeds te ver gevorder. Hoewel Nederlandse onderrig op skool die probleem enigermate oorbrug het, het te veel Afrikaanstaliges toe reeds meer Engels as Nederlands geken. Die amptelike aanvaarding van Afrikaans as kultuurtaal is gesien as die enigste alternatief teen algehele verengelsing.

Sedort die verdwyning van Nederlands as onderrigmedium in SA skole het die meeste Afrikaanstaliges n baie gebrekkiger kennis van Nederlands as tevore. Die mate van onderlinge verstaanbaarheid het tewens baie afge-
neem⁵. Dit is nie vergesog om te beweer dat n soortgelyke toestand moes geheers het voordat Nederlands weer vir amptelike doeleindes in SA gebruik is nie.

1.3 n Ander aspek wat die status van Afrikaans as taal raak, is die ADEKWAATHEID van Afrikaans t.o.v. die taalgebruiksbehoefte van sy sprekers. Onder normale omstandighede ontwikkel n taal saam met die taalgebruiksbehoefte van sy sprekers. Binne sy gebruiksmilieu voor 1925 was Afrikaans volkome adekwaat. Deur die verheffing van Afrikaans tot ampstaal is sy milieu eensklaps geweldig verruin. "n Fort het geval, maar daar was niemand om hom te beset nie." (Posthumus 1964.8)⁶.

Die tegnologiese twintigste eeu het groot eise aan hierdie taal gestel. Die leentes moes deur georganiseerde optrede gevul word. Hierdie knellinge word vandag nog op die gebied van die terminologie gevoel.

p. 30/.....In

In hierdie opsig het dit geblyk dat Afrikaans nog nie heeltemal ontvoog is van Nederlands nie. Terminoloë en leksikograwe moes nog steeds put uit die Nederlandse bronne. Formele standaardisasie in Afrikaans het aanvanklik grotendeels neergekom op 'n vertaling uit Nederlands.

Die toestand is egter anders wat die gesproke taal betref. Waar die Afrikaanstalige se eie taal of taalbeheersing tekort skiet, maak hy gebruik van Engels. Die kontak met ABN is hier volkome verbreek. Nederlandse invloed bestaan slegs indirek via terminologielyste, e.d.m. Daarnaas word in die eerste plek gepoog tot eie- en nuutskeppinge.

Die probleem bly egter om hierdie "papierprodukte" in die gesproke taal te laat ingang vind⁷. Die moontlikheid bestaan steeds dat Afrikaans in sekere sosiolektale gebruiksfere bloot 'n vertaalde en getranslitereerde Engels kan word.

Indien die adekwaatheidseis deurslaggewend is, is die status van Afrikaans as taal nog steeds twyfelagtig. Die besluit van 1925 is egter in hierdie stadium onherroepelik. Die verdwyning van ABN in SA is 'n voldonge feit. Ten opsigte van ABN is Afrikaans se status as taal 'n kwessie van volkome voltrokkenheid. Of Afrikaans gaan swig voor die invloed van Engels is 'n ander saak⁸. So iets sal 'n taalverskuiwing meebring en nie 'n AB:dialek-verhouding nie.

2. Die vraag ontstaan nou: indien die taalstatus van Afrikaans aanvaar word, is daar dan ook sprake van 'n sentrale sisteem of AB wat 'n reeks dialekte saambundel in 'n taaleenheid?

2.1 Wat is AB-Afrikaans?

Verskeie ondersoekers⁹ het hulle al hieroor uitgespreek. Nie een het egter probeer om AB-Afrikaans aan enige lokaliteit toe te sê nie.

'n Operasionele omskrywing van die AB is net in 'n negatiewe sin moontlik. Huisman (1965.3) stel dit só:

.....: "iemand spreek ABN wanneer je niet kunt horen, uit welke streek hy komt." In die Nederlandse situasie beteken dit echter: "iemand spreek ABN, wanneer je kunt horen, dat hij uit het Westen komt."

Voordat enige uitspraak gemaak word oor wat vir die "Afrikaanse situasie" geld, moet enkele sake nader toegelig word.

2.1.1 n Kultuurtaal of AB ontstaan waar die behoefte aan interlokale verkeer (d.w.s. buite die dialektmilieu) gevoel word en waar plaaslike verskille onderlinge verstaanbaarheid stren. (Vgl. Weijnen 1948). So n gemeenskaplike taal het in die reël altyd n b e p a a l d e d i a l e k a s g r o n d s l a g. Daar vind nie n soort kompromis plaas wat uitloop op n soort kleinste gemene veelvoud van dialekte nie.

2.1.2 AB-Afrikaans het geen sodanige territoriale grondslag nie.

Een skrifnorm is eenvoudig deur n ander een vervang.

Dit dien geen doel om te vra waar die "best usage" van Afrikaans aangetref word nie. Dis n sosiale en nie n territoriale kwessie nie. Weijnen (1948.12) se uitspraak:

Een algemene taal is - mirabile dictu - die taal van een bepaalde stand....,

geld des te meer vir Afrikaans.

2.1.3 Die rol van die geskrewe woord in die vestiging van n Afrikaanse AB kan nie maklik oorskat word nie. Standaardisasie op hierdie gebied is gedoen in ooreenstemming met die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) waarvan die eerste opstellers uit verskillende streke afkomstig was.

Die Taalkommissie se taak was nie net om te besluit hoe om te spel nie, maar ook wat hulle sou spel. Aanvanklik is dan ook heelwat "wisselvorme" opgeneem in die lys.

Die skrifbeeld kan uiteraard geen dwingende fonetiese druk uitoefen nie, maar binne perke moet die invloed gevoel word. Vorme soos gemeinte is dan ook besig om te swig voor die skrifvorm geneente.

2.1.4 Die invloed van die radio word die afgelope jare al sterker gevoel¹⁰. Die SAUK maak ook gebruik van n Taaladvieskomitee om eenvormigheid te bevorder. Die SAUK het uitsaaistudies in al die groot sentra en omroepers kom van oor die hele land. Hierdie invloed gaan dus ook nie van n bepaalde streek uit nie, hoewel dit praktyk is om sekere streeksvorme te verag¹¹.

3. Dialekbewustheid by Afrikaanstaliges

Daar bestaan byna n algehele gebrek aan dialekbewustheid by die Afrikaanstaliges. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word.

3.1 Weens die grootte van die land is daar geen voortdurende en grootskaalse interdialektiese verkeer nie. Die feit dat taalgebruiksverskille nie groot in omvang is in Afrikaans nie, dra ook nie by tot n bewustheid van taalgebruiksverskille nie.

3.2 Voor die amptelike erkenning van Afrikaans was n teenstelling "goeie" teenoor "dialektiese" Afrikaans nie ter sake nie. Die norm (in die mate wat dit gegeld het) was Nederlands en nie "goeie" Afrikaans nie. Bewustheid van taalgebruiksverskille in Afrikaans het bestaan in ooreenstemming met n tweedeling "witmens-Afrikaans" (om Le Roux se term te gebruik - vgl. bl. 26) en "Kleurling-Afrikaans". Nienaber (1950) beklemtoon die bestaan van hierdie twee "soorte" Afrikaans deurgaans baie sterk.

3.3 Die aanvanklike teenstelling "Afrikaans" teenoor ABN het meegebring dat n fiktiewe eenvormigheid vir Afrikaans veronderstel is. Dit was ook noodsaaklik vir die taalpolitiek tydens die stryd om amptelike erkenning vir Afrikaans.

3.4 Vroeër is Afrikaans beskou as n dialek. Die amptelike erkenning van Afrikaans het daarom die dialek van elke Afrikaanstalige verhef tot kultuurtaal.

3.5 Hierdie saak hang saam met die feit dat die sosiale struktuur van die Afrikaner vroeër nie so n groot diversiteit getoon het nie. Die meeste nense was boere. Sosiale verskille het wel bestaan, maar dit het geweldig toegeneem met die trek na die stede. Die rol van die "geleerde man" het duidelik geword in die nuwe patroon. Die sosiale stratifikasie in die groot bedryf het ook meegehelp om n statusbewustheid te laat ontstaan.

3.6 In die stadsmilieu het sosiale diversifikasie weldra duidelik geword. Sekere uitspraakvorme (vgl. hfst. III) is deur assosiasie met minder ontwikkelde sprekers bestempel as "plat". In die tweede plek moes Afrikaanstaliges by wie daar n strewe ontstaan het na "goeie" taalgebruik, sterk wal gooi teen die magtige invloed van Engels. In die bedryf het meermale net die Engelse woord bestaan. Die Afrikaanse ekwivalent was dikwels iets wat slegs via die onderwys of die boek gekom het. Gevolglik het n sterk sosiale afkeuring van "taalvermenging" (spesifiek met Engels) ontstaan. Iets soos -

My basiese se tjoepe was geperisj¹²

word baie sterker afgekeur as enige regionaal-dialektiese gebruik.

3.7 Hierdie stratifikasie het nie ontstaan tussen geografiese streke nie. n Duidelike streekskorrelasie het die begrippe ontwikkel : minder-ontwikkel bestaan nie juis nie.

Die oordeel oor die eie dialek word ook beïnvloed deur n sterk provinsialisme. Streekstrots het ook taaltrots meegebring sodat daar bv. nie gestrewe word na die taalgebruik van n ander streek nie.

Die Bolandse aksent is bv. in baie gevalle onmiskenbaar, maar daar kleef geen sosiale stigma aan nie.

3.8 Enersyds word tog gevind dat segsmanne na die taal van n naburige streek verwys as "velskoentaal" en "manparrataal"; andersyds is segsmanne aangetref wat al 40 jaar in n streek woon en nog steeds streekskenmerke van hulle herkomsgebied behou. Die feit dat hierdie kenmerke nie by hulle kinders aangetref word nie, dui nietemin daarop dat daar n ander norm bestaan wat die heentaalnorm oorheers.

3.9 Juis omdat streeksverskille gerief^o in omvang is, is die meeste daarvan sjibbolette. Aangesien die grootte van die taalgebied direkte kontak tussen dialekspreekers verhinder, is streeksidentifikasie op grond van taalgebruik meestal slegs in n negatiewe sin moontlik. n Pretoriaan sal bv. nie in gesprek met n Sandvelder agter kom dat hy n Sandvelder is nie, maar hy sal wel bewus word van die feit dat hy nie met n Transvaler of Vrystater praat nie.

3.10 Die mate van taalgebruiksidentifikasie wat wel onder segsmanne aangetref word, hang saam met die streeksbenaminge in die land. Die grense van hierdie streke is nie geografies of andersins definieerbaar nie en onder die inwoners bestaan hoegenaamd **geen eenstemmigheid nie**. Daar kan dus net n gerieflike mate van vaagheid gepraat word van die Boland, die Hantam, die Onderveld, ens. Ons lys streeksname maak daarom ook geen aanspraak op betroubaarheid nie¹³.

4. Die terme algemeen en beskaaf.

4.1 Wanneer die term AB vir die Afrikaanse taaltoestand ter sprake gebring word, is dit nodig om die twee begrippe algemeen en beskaaf te skei.

Die AB is weliswaar dikwels die taalgebruiksvorm van 'n toonaangewende minderheid, maar in Suid-Afrika word die invloed van so 'n groepie "beskaafdes" nie gevoel nie. Baie streeksverskille kom voor in die taalgebruik van hoogs ontwikkelde sprekers. Gevolglik het die maatskaplike oordeel beskaaf - onbeskaafd nie juis streekskorrelate nie.

Wanneer daar van territoriale verskille in Afrikaans gepraat word, moet die klem eerder op die term algemeen val. Baie kaarte van die ATA lewer bewyse dat 'n sekere vorm oor die hele taalgebied voorkom. Daarnaas bestaan tientalle variante. Terwyl daar geen "beskaafste" vorm is wat druk uitoefen tot gelykmaking nie, is die verwagting eerder dat die algemeenste vorm hierdie funksie sal vervul indien dialektnivellering verder sal plaasvind. Die huidige omvang van dialekvariante op leksikale vlak druis in teen alle beginsels van ekonomie in die taal. Dit is dus baie moontlik dat die algemene vorme mettertyd meer normatief sal raak.

4.2 Die oordeel beskaafd x plat is eintlik net in die groot sentra ter sprake. Dit hang in hoofsaak saam met twee aspekte van taalgebruik

--- op foneties-fonemiese vlak word sekere vorme as plat of onbeskaafd beskou - vgl. hfst. III;

--- taalvermenging word oor die algemeen sterk afgekeur. Die gebruik van 'n Engelse vorm verskerp dadelik die bewustheid van die "suiwer Afrikaanse" ekwivalent.

Omdat Afrikaans-Engelse kontak hoofsaaklik in die stede voorkom, korreleer die oordeel beskaafd - onbeskaafd in hierdie verband met gebruiklike vorme onder die minder ontwikkelde stedeling.

Hierdie toestand vorm 'n visieuse sirkel op die platteland. Omdat taalvermenging minder voorkom, het daar nie so 'n sosiale afkeuring daarvan ontwikkel nie. Gevolglik bestaan daar nie so 'n sterk afkeuring van die gevalle wat wel voorkom nie. Engelse leenwoorde is gevolglik ook dikwels getransfonemiseer - vgl. hfst. VI.

4.3 Op historiese gronde sou 'n mens miskien geneig wees om te redeneer dat Wes-Kaapland die bakermat van Afrikaans is en dat minstens sekere dialektiese verskille ontstaan het deur die migrasie na die noorde. Benewens die taalverskille wat toentertyd bestaan het en wat dus die binneland ingedra is, noes 'n mate van divergensie gevolg het weens die gebrek aan kontak tussen sprekers rondom die kerngebied en dié verder weg in die binneland.

Die gebrek aan interdialektiese verkeer oor sulke groot afstande het egter van hierdie gebied n konserwatiewe taallandskap gemaak. Die ATA lewer trouens geen bewys van ekspansieverskynsels deur kulturele uitstraling nie.

Die vraag is daarom of die b a k e r m a t en die h a a r d van Afrikaans nog sinonien is.

Boshoff (1921.3) het destyds al op hierdie kwessie gewys:

Afrikaans het sy ontstaan as aparte taal waarskynlik gekry op noueliks n kwart van die landgebied, waarin dit op die oomblik offisiële erkenning geniet. En tog sal niemand vandag die taalgebruik van die geboortegrond van Afrikaans as die enigste, of selfs die suiwerste, taalstandaard erken nie.

4.4 Die feit dat die taalgebruik van hierdie gebied nie as basis vir n Afrikaanse normtaal geneem is nie, het meegebring dat n soeke ontstaan het na die algemeenste taalgebruiksvorme. Soms word twee of meer vorme bv. kokkewiet x bokmakierie (ATA 6,30) frekwent oor groot dele van die land aangetref. In sulke gevalle is dit moeilik om die toleransieliniet van "algemene Afrikaans" vas te stel.

Die feit dat die algemeenste vorm nie altyd aantoonbaar is nie, beteken dat AB-Afrikaans nog iets in wording is.

4.5 Dis miskien nie onvanpas om hierdie bespreking af te sluit met n interessante spekulasie nie.

4.5.1 By die gebrek aan kulturele druk van bepaalde taalgebruiksvorme is dit nie vergesog om te beweer dat die algemeenste vorme die botoon sal voer in latere nivelleringsprosesse nie.

Louw (1948) het reeds gewys op die verbroekkeling en gelykmaking tydens die vroeë verblyf in Wes-Kaapland en tydens die Groot Trek.

n Derde nivelleringsproses het gevolg met die sg. "ontvolking van die platteland"¹⁴. Toenemende dialekkontak in die groot sentra moes gelei het tot verdere nivellering van onderlinge verskille. In hierdie derde stadium kon "gesagsbronne" soos woordeboeke e.d.m. dikwels die deurslag gee, sodat die skrifvorm ook hier sterk invloed uitgeoefen het.

Van die sg. metropolitaanse stede¹⁵ het slegs Johannesburg, Kaapstad, Pretoria en Durban in 1960 meer as 100,000 inwoners gehad¹⁶.

Hiervan is slegs Pretoria n oorwegend Afrikaanstalige stad¹⁷. Die Pretoria - Rand - Vereeniging-kompleks is die digsbewoonde gebiede van die land. Die bevolkingsdigtheid van die Transvaal as geheel is ook baie hoër as dié van ander provinsies, terwyl die grootste toename ook hier te bemerk is¹⁸.

Wanneer daar dus van algemene gebruiksvorme gepraat word, kan dit ener syds betrekking hê op die territoriale verbreedheid van n bepaalde vorm en andersyds op die gebruik onder die grootste groep sprekers. Br. gebied is potensieel die grootste homogene taalmilieu.

Indien daar in die toekoms n korrelasie ontstaan tussen n bepaalde taallandskap en die begrip AB kan dit veel eerder in hierdie gebied plaasvind as in enige ander.

4.5 Ons het in hoofstuk I betoog dat enige dialek kan dien as vergelykingsbasis vir beskrywingsdoeleindes. Ons stel ons voortaan op die alles-of-niks-prinsipe. Waar daar bepaalde opposisies voorkom, word die twee vorme beskou as behorende tot verskillende sisteme of "dialekte". Hiervolgens kan die aard van verskille bespreek word hoewel individuele vorme nie altyd ruimtelik gelokaliseer kan word nie.

Waar die teenstelling AB x dialek wel gebruik word, word daarmee bedoel: algemene teenoor territoriaal-beperkte gebruik. Waar hierdie onderskeiding nie gemaak kan word nie, maak ons gebruik van die dialek van Pretoria en die Rand as vergelykingsbasis. Hierdie dialek kan ewe goed dien as verteenwoordigend van AB-Afrikaans as enige ander.

4.6 Die doel van hierdie studie is trouens net om die aard van taalgebruiksverskille te ondersoek; nie om n dialektiese indeling van Afrikaans te maak nie.

n Baie groot korpus gegewens was nodig om so n groot gebied te oorskou. Die monsters gegewens uit die verskillende streke bly egter klein. Min uitsprake kan daaronder gemaak word oor die omvang van dialektiese verskille in Afrikaans. Dit kan slegs gedoen word sodra n reeks intensiewe opnames oor kleiner gebiede beskikbaar is.

5. Afrikaanse taallandskappe

Die enigste sistematiese gegewens van die hele Afrikaanse taalgebied is dié van die ATA. Met slegs 45 kaarte tot ons beskikking kan afleidings daaronder slegs met die grootste versigtigheid en voorbehoude gemaak word.

5.1 Behoudens enkele sterk gelokaliseerde verskynsels op foniese en sintaktiese vlak (hfst. III en V) bestaan die grootste dialektiese verskille op die vlak van die leksikon.

5.2 In hierdie stadium staan een ding vas: die bestaande taalkaarte en bandopnames toon n verskeidenheid wat so deureen loop dat spraaklandskappe nie volgens die gebruikelike metode van isoglosbundels of verteenwoordigende isoglosse afgebaken kan word nie. Die begrensing van homogene gebiede gee niks meer af as reekse kolle van baie klein (dikwels onbeduidende) omvang nie.

Dit gebeur dikwels dat drie of meer variante by een opnamepunt voorkom. (Vgl. ATA 1, 5 by K116/KU13 waar 7 variante bynekaar voorkom) Hierdie toestand is enigmate verbasend. Die voorkoms van baie, klein landskappe hou dikwels verband met migrasies. Hierdie patroon is egter nie so opvallend in die noorde van die land nie. Die Kaapse kusgebiede is dig bevolk en n groter mate van nivellering sal juis daaron hier verwag kan word. Dieselfde toestand kan egter hier opgemerk word.

Andersyds moet in ag gencem word dat baie woorde in die ATA van n onomastiese aard is en daaron nader aan die periferie van die aktiewe woorde-skat lê.

5.3 Dit lyk nie asof die omvang van variante direk eweredig is met die bonte verskeidenheid van die geografiese beeld nie. Kaart nr.1 bevat n woord wat net twee variante het: put x puts.

Met die uitsondering van dele van Kaapland waar die opnames - en ook die bevolking - yler is, vertoon die kaart dieselfde afwisseling x-y-x-y van die kaarte met groter getalle variante. Selfs die plekname - vgl. die stertekens - kom baie na aan mekaar voor.

Die put-vorme (die asterisk-tekens) is duidelik die algemeenste en kom oor die hele gebied voor. Plekname is uiteraard nie aan nivellering blootgestel soos gewone woorde nie; vgl. Bloenfontein: hoewel baie nense praat van Bloufontein is die amptelike naam nog oorwegend.

Langs die Weskus waar puts meer frekwent as elders voorkom, kom plekname met-puts ook oorwegend voor. Vgl. die groter swart stertekens.

Blouputs IS8
 Bosdoornputs IT4
 Dienansputs HS15
 Witputs HS15
 Droëputs IS12
 Lutzputs HS2
 Middelpuits GT10
 Puts IS6
 Rooiputs HS12
 Steynsputs HS11
 Taaibosputs HT3

Hierteenoor vind ons slegs:

De Put IU5
 De Put IU6
 Groveput HT4
 Janseput EW14
 Witput HU9
 Wonderput IT3

5.4 Verskille binne n diasisteniese verband het blykbaar baie vinnig genivelleer. Gevalle soos:

doen	x	$\frac{\text{hetgedoen}}{\text{het.....gedaan}}$
het	x	$\frac{\text{het.....gehad}}{\text{had}}$
ken	x	$\frac{\text{het.....geken}}{\text{kon}}$
weet	x	$\frac{\text{het.....geweet}}{\text{wis}}$

word nog net onder die ouer geslag gehoor.

Kaart nr.2 dui bv. aan dat die vorm kon / het....reken betreklik frekwent voorkom. Hierdie kaart bevat gegewens wat dertig jaar gelede ingewin is. Tans is dié gebruik van kon iets onbekends in die Transvaal.

Dit wil dus voorkom of nivellering van grammatiese verskille baie vinnig plaasvind. Die talle woordvariante in die ATA is dus nie n aanduiding van die mate van algehele nivellering wat wel in Afrikaans moes voorgekom het nie.

5.5 Die geografiese hantering van dialekverskille vereis die invoering van die reeds genoemde "precisely delimited technical terms". So n arbitrêr-tegniese klassifisering is reeds deur Louw (1963) gedoen. Hy sê dan ook:

Es scheint, dass hier noch stärker als in den älteren Sprachgebieten die Erscheinung zu beobachten ist, dass zwischen zwei verschiedenen Sprachformen auf der Karte nicht immer Grenzlinien gezogen werden können, dass also eine solche Linie bestenfalls nur die Begrenzung einer einzigen Spracherscheinung sein kann. Auf diese Weise werden auf der Karte Sprachgebiete getrennt, die sich in Wirklichkeit manchmal gegenseitig überschneiden¹⁹.

Ons het hierdie metode ietwat aangepas in hierdie studie. Daar is naamlik gelet op KONSENTRASIEGEBIEDE, d.w.s. streke waarin n bepaalde vorm oorheers. Hier is gebruik gemaak van n numeriese indeks.

5.5.1 As basis vir die numeriese indeks is die koördinate van die ATA gebruik. Binne n vierkant, bv. GW word 16 kleiner eenhede onderskei wat van links na regs genommer is. (Vgl. Grondkaart.)

5.5.2 Deur van die digte opnamegebiede uit te gaan is die getal en frekwensie van die variante binne elke vierkant eenheid bereken. Variante met n voorkomingsfrekwensie van 10% en minder oor die hele taalgebied is uit die staanspoor geïgnoreer, bv. die variante wat net lettertekens aangebring is op ATA 3.13.

Hierdie beginsel is slegs gevolg indien sulke lae-frekwensie-variante nie vir 3 opnamepunte n aaneenlopende gebied vorm nie. n Aaneenlopende gebied is n gebied waar die opnamepunte van twee omdersende vorme nie verder as twee syfer-eenhede van mekaar af is nie.

In bg. geval bly dan slegs twee frekwente variante wenakker x winakker oor. Eg. kom oor die hele land voor en is klaarblyklik die algemene vorm. Lg. is dig aan die suidooskus en kom verder yl verspreid in ander gebiede voor. In geen ander vierkante kom n meerderheid van hierdie vorme voor nie.

In so n geval kan die algemene wenakker-vorme dan buite rekening gelaat word en n isoglos getrek word rondom die winakker-vorme vir sover hulle n aaneenlopende gebied vorm.

5.5.3 Waar opnamepunte yl is soos in die Karoo, is die taak baie bemoeilik, aangesien dit nie moontlik is om te sê by watter digter gebied hierdie landskap aangesluit moet word nie. Die veiligste metode was om naan net die gebiede rondom af te baken.

5.5.4 Waar daar twee variante in n gebied aaneenlopend voorkom wat albei verskil van die algemene vorm, is voorkeur gegee aan dié vorm wat nie ook sporadies in ander konsentrasiegebiede voorkom nie, bv. die geelperskereën-variante naas die drie-akdaereën-variante op ATA 4.17.

Basies kom hierdie metode slegs daarop neer dat die kartografiese interpretasie wat reeds aangebied word deur die relatiewe prominensie van tekens verder oorsigtelik gemaak word.

5.6 Voorkomsfrekwensie sonder neer is egter n blote kwantitatiewe maatstaf. Dit kan n geografiese beeld gee van kwantitatiewe verhoudingsverskille. Waar daar egter linguistiese oorewegings geld, bv. die voorkoms van relikvorme soos baviaan (ATA 1,1) of kategoriaal-opponerende strukture soos opdraand x opdraans x opdraanse (Vgl. hfst. III) moet voorrang aan die linguistiese oorewegings gegee word.

6. Die kartografiese patroon

6.1 Kaart nr.4 gee n beeld van die spraaklandskappe wat berus op die beginsel van konsentrasiegebiede (par. 5.1 - 5.4.5). Hierdie kaart bevat die gesamentlike isoglosse van ATA 1 - 20. Daar is gevind dat indien n meer kaarte betrek word, dit slegs die kaartbeeld onnodig gekompliseerd en verwarrënd maak vir die doel van ons bespreking. Die doel van hierdie kaart is nie soseer om die landskapspatroon te illustreer nie, maar eerder om die aard van die isoglosse aan te dui. Die onderskeibare landskapspatrone word geïllustreer aan die hand van kaart nr. 6.

Die syfers by die eindpunte van isoglosse is die nommers van die ATA-kaarte op grond waarvan die isoglosse getrek is.

6.1.1 Die opvallendste kenmerk van hierdie isoglosse is dat hulle oorewend van die gestrekte tipe is, d.w.s. isoglosse wat nie oor kort afstande van rigting verander nie. Dit gebeur relatief min dat n isoglosse die lengte- en breedte van idekseenhede reghoekig kruis. Die onreëlmatigheid by die noordelike isoglosse is toe te skryf aan die onreëlmatigheid van opnamepunte langs die provinsiale grense.

Isoglosse van hierdie aard is kenmerkend van migrasie in dieselfde rigting wat die isoglos loop. Die bevolkingsuitbreiding in n noordoostelike rigting weg van Kaapstad af het waarskynlik baie te doen met die groot parallelisme van isoglosse by landskap 3.

Die bergreekse in hierdie gebied is oock n faktor om mee rekening te hou, hoewel kenmerkende vorme van landskap 3 wel verder noord in die binneland voorkom.

6.1.2 Isoglosse langs die Weskus vertoon n opvallende "golf"-patroon. Hierdie isoglosse volg naastenby die loop van die Oranjerivier en swenk dan in n mindere of meerdere mate verder die binneland in.

Hierdie kaartbeeld is egter misleidend. Langs die Weskus is daar geen u i t s t r a l i n g s k e r n nie. Hierdie patroon is waarskynlik veroorsaak deur die feit dat n groot gebied langs die Weskus n groot mate van eenvormigheid vertoon. Hierdie eenvormigheid neem af namate die bevolking yler word verder die binneland in. Interdialektiese verkeer speel waarskynlik hier die grootste rol.

Isoglosse wat ver die binneland in loop om sodoende n groter gebied af te baken sluit aan by die oostelike grens van landskap 2. Landskap drie is oor die algemeen sterk afgeteken teenoor die ander.

Geen landskap toon kleiner verbrekkeling in die sg. "Stamboom"-patroon nie. Daar word oral n mate van isoglosbundeling aangetref. SA het trouens geen digbewoonde bergstreke of ander geografiese omstandighede wat in die reël aanleiding gee tot hierdie tipe landskapsvorming nie.

6.1.3 Die Kaapse binneland is baie yl bevolk. Daarbenewens is die opnamepunte ook veel minder. Opnames in hierdie gebiede ontbreek dikwels vir sekere taalkaarte (bv. ATA 1, 3; 3, 14; 4, 20) omdat die betrokke saak in die streek onbekend is. Om hierdie toestand die hoof te bied en nie n fiktiewe beeld van die grootte van homogene gebiede te gee nie, moes n operasionele definisie van n aaneenlopende gebied gegee word. Die afwesigheid van isoglosse in hierdie gebied is die gevolg van n gebrek aan betroubare gegewens en nie weens skerp dialektgrense van die westelike en noordoostelike gebiede nie.

6.1.3 Die groot mate van homogeniteit in die Transvaalse, Vrystaatse en Natalse landskapspatroon blyk nie dadelik uit die ATA nie. Eensyds word min prominensie aan algemene vorme gegee sodat die frekwensiever-skille t.o.v. ander variante nie dadelik blyk nie; andersyds bestaan daar talryke lae-frekwensie-variante wat deur n meer algemene vorm oorheers word. Hierdie toestand is kenmerkend van migrasiegebiede. (Vgl. ATA 6, 30).

Dieselfde beginsel geld t.o.v. klein aaneenlopende gebiede van opslagverskynsels in die Transvaal. Vgl. landskap A (by FV op ATA 1, 3). Die klitsgras / swartklits / klits-variante wat hier aangetref word, kom origens slegs gekonsentreerd aan die suidooskus van Kaapland voor.

Hierby moet in ag geneem word dat die bevolkingsverskuiwing in SA in hoofsaak n eenrigtingverkeer na die Noorde was. Suidelike vorme wat relatief minder frekvent word in hierdie rigting kan daarom nie as ekspansieverskynsels beskou word nie.

6.1.4 Die isoglossbundels in die suide vertoon n opvallende ooreenkoms met sekere stadia van die vroeë bevolkingsverbreiding aan die Kaap. Landskap 1 korrespondeer grotendeels met die bewoonde gebied teen 1700 terwyl landskap 3 strek tot by die Gantoosrivier wat deur die veeboere in 1765 bereik is. Vgl. Boeseken (1948. 53, 55). Hierdie isoglosse loop ewewydig met die trekrigting. Enkele isoglosse vertoon n verdere aaneenlopende gebied tot by Port Elizabeth.

Histories is dit die oudste taalgobied in die land hierdie. Die mate van eenvormigheid t.o.v. nie-algemene vorme wat hier voorkom, is daarom geensins verbasend nie.

6.1.5 In gevalle waar die Oranjerivier n grens vorm vir Vrystaatse vorme wat verskil van dié in Transvaal of waar die Vrystaatse vorm aansluiting vind in die suide, kom n groot mate van dialekvermenging in die Wes-Transvaal voor. Hierdie toestand word ook weerspieël in Kaapland noord van die Oranjerivier.

Oos van hierdie mengelgebied bestaan die grootste mate van interne uniformiteit in Transvaal. n Waarskynlike verklaring is dat nivellering tydens die Groot Trek en tydens die verblyf op kommando en in aanhoudingskampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog hier n rol moes gespeel het. Die interdialektiese verkeer in die driehoek is meer reserw.

6.2 Landskapskenmerke

6.2.1 Noordwes-Kaapland is die mees afgesonderde gebied in Suid-Afrika. Hier is geen noemenswaardige groot sentra nie. Die yl bevolking se interdialektiese mobiliteit word verder gestrem deur n relatiewe gebrek aan verkeersweë. Dis daarom nie verbasend dat relikvorms soos baviaan (en die ander y-vorme) op ATA 1, 1 hier aangetref word nie.

Waar daar binne hierdie gebied n paar verskillende vorme voorkom, is hulle redelik reëlmatig versprei, d.w.s. sonder n opvallende frekwensie-oorwig soos in die Transvaal. Hierdie toestand word opvallender verder van die Weskus af. Hierdie "neutrale" patroon maak dit onmoontlik om enige isoglosse hier te trek.

Verskeie taalkaarte (bv. ATA 1, 5; 2, 9; 5, 25; 6, 29; 6, 30; 7, 31; 8, 40) toon bv. vorme wat langs die Weskus gekonsentreerd voorkom terwyl dit in die res van die taalgebied òf glad nie voorkom nie òf dan slegs in geïsoleerde gevalle. In enkele gevalle (bv. ATA 5, 25) het ons net strukturele verskille t.o.v. n bepaalde item te maak.

Konsentrasies langs die Weskus toon dikwels n aaneenlopende verspreiding van hierdie vorme al langs die loop van die Oranjerivier tot ongeveer by die Boegoeberg-nedersetting (HS8). Vgl. ATA 1, 5; 2, 8; 3, 12; 4, 17; 5, 21; 5, 22; 5, 24; 6, 26; 6, 27; 7, 31; 7, 34; 8, 40.

Kaapland noord van die Oranjerivier sluit meer aan by die Transvaalse en Vrystaatse landskappe. In gevalle soos ATA 1, 3 waar twee frekwente variante weerskante van die Vaalrivier voorkom, word hierdie toestand in dié gebied weerspieël.

In die Karoo bestaan daar nêrens n konsentrasiekern nie. Eensyds vertoon hierdie gebied vorme wat oorweeg in taallandskap 2 en/of 3 (vgl. ATA 1, 3; 1, 4; 2, 9; 6, 25; 7, 33; 8, 36) en andersyds is daar aansluiting met die vorme wat oorwegend verder noord voorkom (vgl. ATA 4, 20; 6, 29; 8, 40).

Lae-frekwensie-variante is relatief hoog in hierdie gebied, maar hulle vorm nie aaneenlopende gebiede nie. Daar is dus min tekens van latere divergensie in hierdie gebied. Vorme wat hier voorkom, kom dikwels oor die hele taalgebied of wyd verbreed elders voor, hoewel dit nie altyd die frekwente variante is nie. Gevolglik toon die ATA geen onderskeibare Karoo-landskap nie.

6.2.2 n Ander konstante patroon wat hon op verskeie kaarte voordoën, strek vanaf Kaapstad al langs die Weskus tot aan die Olifantsrivier, d.w.s. oor die gebiede bekend as die Swartland en die Hantam. Vgl. landskap 1. Die suidelike kusaansluiting van hierdie isoglosbundels loop slegs hoogs uitsenderlik aan weerskante van die Boland verby. Geen isoglos baken die Boland van landskap 1 en 2 af nie. Landskap 2 is trouens self n mengergebied wat òf by landskap 1 òf by landskap 3 aansluit.

Die grense van landskap 1 blyk duidelik uit die ATA 1, 1; 1, 3; 3, 14; 6, 28; 6, 29; 7, 31; 7, 34; 9, 44. Waar hierdie landskap aaneen loop met nrs. 2 en 3 is dit opvallend dat dit meestal n groter interne eenvormigheid vertoon as lg. twee. Vgl. bv. ATA 2, 6; 2, 7; 2, 8; 2, 10; 3, 12; 3, 15; 5, 22; 7, 32; 7, 33; 7, 35.

In gevalle waar landskap 1 en 2 aaneen loop, gebeur dit dikwels dat landskap 3 (langs die suidoekus tussen die Gouritz- en die Sondagsrivier) duidelik afgeteken staan teenoor die ander twee. Dit blyk veral uit ATA 2, 6; 2, 7; 3, 12; 3, 13; 4, 18; en 8, 38.

6.2.3 Die grootste aaneenlopende gebied strek oor die Vrystaat, Transvaal, Noord-Natal en dele van Noord-Kaapland. Weens die reeds genoemde redes is dit moeilik om hierdie suidelike grens en die aansluiting by die ooskus te bepaal. Op kaart nr. 4 is dit ook met stippellyne aangebring.

Behalwe in die geval van Zoeloe- en ander leenwoorde bestaan daar geen landskapsgrens tussen Natal en Suidoos-Transvaal nie. Tussen Natal en die Vrystaat vorm die Drakensberge n natuurlike grens wat interdialektiese verkeer grotendeels afsny. Vrystaatse(en Wes-Transvaalse) vorme soos die skapskeerder / -stoker / haarskeerder-variante op ATA 2, 8 kom dan ook nie in Natal voor nie. Waar sodanige vorme verder suid in Noordoos-Kaapland voorkom (bv. ATA 4, 17) kom hulle ook sporadies in Natal voor.

ATA 4, 19 gee n goeie beeld van die maksimumoppervlakte van hierdie gebied in gevalle waar n noord-suid-teenstelling bestaan.

ATA 4, 20 teen andersyds n ewe groot mate van eenvormigheid in hierdie gebied waar die betrokke saak verder suid onbekend is. Die uitbreiding van die Zoeloe-leenwoord sakaboela na die suide is ietwat verbasend. Langs die kus bestaan hier geen interdialektiese verkeer via die Transkei nie. Die vermoede is veel eerder dat hierdie vorm deur trekwerkers verder suid ingedra is.

In gevalle waar die algemene vorm sterk oorheersend is in hierdie gebied kom baie minder lae-frekwensie-variante voor as in landskap 3. Vgl. bv. ATA 7, 31. Indien daar naas die algemene vorm 'n frekwente variant voorkom, is die verspreiding hiervan taanlik reëlmatig. Vgl. bv. ATA 7, 32. Die aanduiding is deurgaans dat 'n bepaalde vorm 'n frekwensie-oorwin oor die hele gebied verkry. Hierdie vorm verbrei nie van 'n sekere punt af nie. Die aanduiding is eerder dat nivellering deur onderlinge verkeer plaasvind. So gesien, is die kleiner mate van eenvormigheid in die Wes-Transvaal nie juis ongewoon nie.

Die Oranjerivier verdeel die inwoners van die Vrystaat en Noord-Kaapland in twee belangegroeppe. Suid van die rivier is dit 'n Karoo-landskap en noord van die rivier begin die grasveld. Dit bring 'n verdeling in die aard van die boerdery mee. Tipiese Karoo-voorve soos n duisend skaap (vgl. hfst. V) word nog in die Suid-Vrystaat gehoor by IU3 en 4 waar die skaapboerdery oorheers. Verder noord kom dit nie voor nie.

Die vorm veaekbeentjie (ATA 7, 35) kom in Transvaal en in Kaapland voor. Die voorkoms van hierdie vorme in die Vrystaat sluit egter aan by die Transvaalse gebruik en nie net die suidelike landskap nie. Waar lg. wel gebeur (bv. ATA 8, 36) kom albei die frekwente Transvaalse variante oor die hele Vrystaat voor.

6.2.4 Dit is opvallend dat die variante met 'n lae voorkomingsfrekwensie oor die hele land voorkom. Sulke vorme vorm egter byna nooit aaneenlopende gebiede nie. Hierdie vorme is totaal verskillend van opslagverskynsels aangesien hulle geen aantoonbare konsentrasiekern het nie.

Die kokoek-variante op ATA 1, 2 kom bv. langs die Kaapse kus voor en kom vandaar ingedra gewees het na die binneland. Die een- of tweemaalige voorkoms van ander variante soos skaapwattertjie, katryn-platvoet, en kommandovoël dui eerder op latere benoemings. Kokkeseep is bv. 'n vorm wat eenmalig by GS13 opgeteken is.

Dit is dus duidelik dat daar wel dialektiese divergensie gevolg het op die bevolkingsverskuiwings uit die suide. Hierdie proses het egter nie gelei tot landskapsvorming van enige noemenswaardige omvang voordat druk deur meer algemene en/of frekwente vorme gevolg het nie. ATA 1, 3 illustreer hierdie verskynsel goed. Die knapsekêrel-variante (rooi) en die wenaar-variante (blou) is die frekwentste oor die hele

gebied. Daarnaas kon enkele konsentrasies van predikant- en klitsras- variante voor. Daarbenewens bevat die kaart 23 ander variante met n baie lae frekwensie. Die knapsokêrel- vorme is afwesig in die suide maar oorheers in die noorde. Hierdie landskapspatroon moes dus ontstaan het na die migrasie na die noorde. Historiese gegewens steun hierdie interpretasie. Beide onkruidsoorte wat vroeër onbekend was, is saam met die perdevoer van die Britse troepe die land ingedra.

Die nisbredie-variante (blou) en die hanekam-variante (rooi) op ATA 1, 4 vertoon n corwig van eg. vorme in Transvaal terwyl die twee vorme afwisselend verder suid voorkom. Hier is die aanduiding wel dat die nisbredie- vorme die binneland ingedra is aangesien geen grootskaalse bevolkingsverskuiwing in die omgekeerde rigting plaasgevind het nie. Die groter mate van eenvernighoid in die Transvaal dui daarop dat die twee vorme aan n groter mate van nivellering blootgestel is.

Waar suidelike vorme in die Vrystaat voorkom, is daar tekens van lewendige dialektvermenging. Dieselfde glêd (in hoofsaak n.b.t. leenwoordlandskappe) vir die aansluiting van Noord-Natal by die suidoostelike deel van Transvaal. Vgl. ATA 1, 4; 2, 6; 3, 11; 4, 19; 4, 20; 5, 22; 5, 25; 6, 27; 8, 36.

Die geïsoleerde voorkoms van talle lae-frekwensie-variante in die gevestigde en dig bewoonde gebiede om die suidpunt van die land is daaron baie ongewoon.

6.2.5 Die kaartbeeld op grond van woorde soos bobbejaan (ATA 1, 1) waar daar druk van die skrifbeeld uitgaan of waar die woord n groter algemene gebruiksfrekwensie het as baie ander toetsitems in die ATA (bv. ATA 1, 5; 2, 10; 5, 24; 5, 25) is van besondere belang.

In sulke gevalle bestaan daar n frekwente en landswye voorkoms van n bepaalde algemene vorm met relatief min variante. Hierteenoor staan die Weskusgebied en die suidelike landskappe die skerpste afgeteken. Vgl. ook kaart nr. 3.

In gevalle waar n landswye algemene vorm voorkom in afwisseling met n groter getal variante bv. ATA 1, 2 vertoon die kaarte die minste patroon. Dis egter anders gesteld waar daar twee of meer vorme is wat betreklik algemeen voorkom soos op ATA 1, 3. In sulke gevalle kan konsentrasiegebiede onderskei word.

Algemene vorme wat ongelede woorde is, het dikwels kompositum-variante met n konstante kern. Op ATA 1, 5 word bv. n algemene vorm duwweltjie / (dubbeltjie) aangetref met verskeie gelede variante. Daar-teenoor bestaan n reeks gelokaliseerde -doring-variante. Bepalingskomponente is meermale nodig by die kompositumvariante ter wille van n fyner saakonderskeiding wat elders nie nodig is nie, bv. vaalduwweltjie x fynduwweltjie x blouduwweltjie x hardeduwweltjie. Hierdie bepaling verskil dan op grond van die verskillende assosiatiewe verbande met n besondere omgewing (bv. karooduwweltjie), boerderystreek (bv. skaap- / bees- / bok- duwweltjie) of historiese oorsaak (enelse- / trcepeduwweltjie). Dieselfde geld vir die doring-variante.

Naas hierdie tipe variasie t.o.v. die algemene vorm deur n bepalinguitbreiding, vind ons ook die omgekeerde deur n proses van verkorting op morfologiese vlak, bv.

ATA 1, 3

knapsakbessie ATA 1, 3

knapsak

kakiesydissel

 sydissel

 dissel

dwarrelwind ATA 2, 10

dwarrels

uitholvoer ATA 3, 12

uitvoer

In n geval soos dwarrelwind x dwarrels is die verskil wel linguisties relevant.

Dwarrel- is n onproduktiewe komponent (vir sommige sprekers waarskynlik n unieke komponent). Die selfstandige woordsoortlike status (as s.nw.) lewer dus n frekwensie-opposisie op. Daarbenewens kom hierdie verkorting nie voor t.o.v. die ander frekwente variant werwelwind nie:

dwarrelwind x dwarrels

werwelwind x *werwels

In die meeste gevalle lewer variante van hierdie aard egter n misleidende patroon van heterogeniteit t.o.v. die algemene gebruiksvorm. Om begryplike redes is hulle daarom d.i.v. baie naverwante tekens op die kaart aanbring.

Kerton: variante van hierdie aard lewer n ander soort "eenheid" of "algemeenheid" aan die groot getalle variante. Verskille van hierdie aard sal tewens baie moeilik nivelleer.

7. Die landskappe wat ons tot dusver bespreek het, blyk nie uit enige enkele taalkaart nie. Dit kan slegs idealitêr geïllustreer word - vgl. kaart nr. 6 - aan die hand van die gencende taalkaarte.

7.1 Landskappe 1 - 4 loop dikwels aaneen òf twee of meer van die gebiede loop onderling aaneen soos blyk uit kaart nr. 4. Waar hulle wel onderskeibare patrone vorm, lyk die patroon soos op kaart nr. 6. Landskap 2 is die enigste wat hier as mengelgebied aangedui word.

7.2 Landskap 5 kan geneem word as vertrekpunt vir verdere bespreking.

7.2.1 Die breë horisontale strepe dui die grootste homogene gebied hier aan. Dit strek oor die Transvaal, Oranje-Vrystaat, Natal en n gedeelte van Noord-Kaapland.

7.2.2 Die NW-SO-lyne dui die verbreiding van vorme aan wat in die Transvaal ocrheers. Hierdie vorme strek tot oor die Oranjerivier en loop vryelik aaneen met Noord-Natal.

7.2.3 Die SW-NO-lyne dui op vorme wat aansluit by die suidelike patroon en is daaron met stippellyne verleng.

7.2.4 Die vertikale lyne toon die gebied waarin vorme naastenby deur die Oranjerivier in die suide begrens word.

8. Kaart nr. 5 bevat isoglosse op grond van ATA 1, 3, 5, 6, 7, 8, 9, 13, 17 en 18. Hier het ons spesiaal vorme uitgesoek wat so versprei is dat die kwessie van aaneenlopendheid van gebiede nie so n probleem is nie. Hier is Louw se metode toe gevolg en die hele gebied afgebaken waarbinne n sekere vorm voorkom.

Hierdie isoglosse vertoon basies dieselfde patroon as kaart nr. 4, hoewel die frekwensie van variante nie hier in ag geneem is nie. Iso-glos nr. 18 gee bv. die noord-suid-verdeling van n variant wat oor n groot gebied, maar nie frekwent voorkom nie. Gevolglik word n groter

gebied op die wyse afgebaken. Dit geld ook van isoglos nr. 7.

Die patroon van landskappe aan die Kaapse kus verskil weinig van dié op kaart nr. 4. Die gebruik van lae-frekwensie-variante het uit die aard van die saak n verbroekeling van die Transvaalse en Vrystaatse gebied meegebring. Die grens suid van die Vaalrivier (isoglos 6) en die mate van dialekvermenging tussen die Vrystaat en Wes-Transvaal (isoglos 8) word nietemin goed geïllustreer.

x x x x x x x x x x x x x x x x x

Die grootste probleem in hierdie stadium is dat die verbinding tussen die suidelike en noordelike taallandskappe nie duidelik aangetoon kan word nie. Ons hoop om dié gebrek in die ATA nattertyd te oorkom.

AANTERENINGE

1. Vgl. Pienaar, E.C. (1946.358 e.v.)
2. Vgl. Posthumus (1964.8-10) se beskouing dat die prestige van die taal n skielike sprong gemaak het waarmee die taalprestasie nie tred gehou het nie. Sedert 1925 bestaan n voortdurende stryd om hierdie ewewig te herstel.
3. M.J. Posthumus stel dit so:

Die woord "taal" is vir ons volk sterk met gevoel gelaai.
 (.....) Meer as n eeu voer ons n verbete stryd om ons nasionale identiteit te behou. En ons taal was in so n mate die simbool van ons volkwees dat ons vandag nog geneig is om die hele stryd as n taalstryd te sien

(Die Bondgenoot, Mei 1960).

4. Vgl. Kirsipuu (1967.56)
5. Hierdie gedagte is deur verskeie sprekers uitgespreek tydens die laaste simposium van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging. Vgl. Verslag 1967.
6. In n radiopraatjie (landswye uitsending 15 Jan. 1961; 12.45 nm.) het Abel Coetzee hierdie taalaksie vgl. met dié in moderne Israel. Hy noem die aanvanklike optrede "eintlik net n dapper geloofsdaad, want al was ons taal toe al meer as twee eeue oud, was dit net nog naar aangepas by die boerdery, by die intiene alledaagse omgang....."
7. Hierdie probleem was die tema van die Vaktaalkongres van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, gehou op 27 Oktober 1967 in Johannesburg.
 Vergelyk ook die referaat van Combrink (1967) oor Reklameeologiesnes in Taalfasette III.
8. n Onderzoek na die stand van Afrikaans teenoor Engels word tans deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in opdrag van die regering beplan.

9. O.A. 9.1 Coetzee (1958.9-29), Standaard-Afrikaans (n herdruk van sy inaugurale rede.)
- 9.2 Le Roux (1965.214-31) Standaarduitspraak of Algemeen-Beskaaf.
- 9.3 Pienaar (1939) Praat u beskaaf?
- 9.4 Ibid. (1947) Die Afrikaanse Spreektaal.
10. Vgl. die toename in gelisensieerde radiotoestelle:
- 1936: 161,767
- 1946: 397,383
- 1956: 779,428
- 1966: 1,457,739

(SAUK-)JAARVERSLAG 1967, p.69.)

11. Vgl. die opmerking van mnr. Alewyn Lee, Taaladviseur van die SAUK: Ons probeer soek na n standaardtaal wat natuurlik bepaal word deur sekere aspekte soos bv. die streek, die geslag van die persone wat dit besig, die ouderdom, die sosiale groep en die vakgebied.....

(Die Vaderland, 27 Februarie 1968.)

12. Deur die skrywer opgeteken in n st. VII-leerling se opstel.
13. Vgl. Bylaan by hierdie hoofstuk.
14. Die volgende syfers toon die persentasie-toename van die stedelike bevolking vir die verskillende provinsies:

	1904	1960
Kaapland	53.6	81.1
Natal	53.9	88.9
Transvaal	60.7	85.5
Die OVS	53.6	76.4

(Statistiese Jaarboek 1967, A.24)

15. Hier word verwys na die volgende stede: Kaapstad, Oos-Londen, Kimberley, Port Elizabeth, Durban, Pietermaritzburg, Pretoria, Johannesburg, Germiston, Van der Bijlpark-Vereeniging,

p.52/.....Bloemfontein

Bloemfontein; die Oos- en Wes-Rand en die Vrystaatse goudvelde.

16. Die getal blanke inwoners was soos volg:

Johannesburg:	413,153
Kaapstad:	305,155
Pretoria:	207,202
Durban:	196,398

(Statistiese Jaarboek 1967, A - 48)

18. Bevolkingsdigtheid per vierkante myl:

	<u>1904</u>	<u>1960</u>
Kaapland:	2.1	3.6
Natal:	2.9	10.1
Transvaal:	2.7	13.4
Die OVS:	2.9	5.5

(Statistiese Jaarboek 1967, A - 23)

19. Hierdie sitaat kom uit n artikel wat Louw verlede jaar geskryf het vir die MITZKA Festschrift. Dié publikasie is egter nog nie tot ons beskikking nie. Ons siteer uit die manuskrip.

p. 53/.....Bylaag

B Y L A A GStreeksbenaminge

1. Die Boland:
Die distrikte van Stellenbosch, Wellington,
Worcester (en Paarl).
2. Die Overberg:
Caledon, Napier, Bredasdorp, Gansbaai, Stanford,
Agullas, Arniston, Riversdal, Riversonderend.
D.w.s. die landdrosdistrikte Caledon en Bredasdorp.
3. Die Swartland:
Die distrikte van Malmesbury, Moerreesburg,
Hopefield (en Piketberg).
4. Die Sandveld:
Leipoldtville, Graafwater, Redelinghuis.
5. Die Hantam lê tussen die Swartland en Namakwaland: Clanwilliam,
Vanrhynsdorp.
6. Die Onderveld is geografies die Middellande. Die inwoners hier
noem hulleself nie Ondervelders nie; inwoners van die suideliker
gebiede noem hulle so.
7. Die klein Karoo lê tussen die Swartberge (die noordelike grens)
en die Langeberge (die suidelike grens). Noord hiervan tot aan
die Oranjerivier lê die Groot Karoo.

Wanneer daar van die Noordweste gepraat word, word gewoonlik
bedoel die distrikte van Upington, Kenhardt, Prieska, Hopetown,
Britstown, Victoria-West, Carnavon, Beaufort-Wes, Calvinia en
Frazerburg.
8. Die Namakwaland is die westelike kusstrook. Oor die algemeen
word hierby inbegryp: Nuwerus, Bitterfontein, Garies, Kamieskroon,
Springbok, Okiop, Port Nolloth, en Alexanderbaai.

Sommige inwoners meen dat Springbok deel van die Boesmanland is en dat Vanrhynsdorp ook deel van die Namakwaland is. (vgl. 5).

9. Die Boesmanland is n groot, maar yl bewoonde gebied en dis moeilik om sy grense aan te dui. Die landdrosdistrik van Kenhardt sluit n groot deel van hierdie gebied in. n Paar van die groter dorpe in dié gebied is Kakamas, Onseepkans, Pofadder, Nieuwefontein, Loeriesfontein, Brandvlei, Vanwyksvlei.
10. Die Bokkeveld beslaan ongeveer die landdrosdistrik van Ceres.
11. Die Rienland is in die Oos-Vrystaat en beslaan deel van die landdrosdistrikte van Harrismith, Reitz en Vrede.
12. Die Marico (-bosveld) lê in die Verre-Wes-Transvaal en word begrens deur die landdrosdistrikte van Lichtenburg en Rustenburg.
13. Die Waterberg is ook afgebaken as landdrosdistrik. Die sentrum is Nylstroom.
14. Die Springbokvlakte is n smal strook tussen Warmbad en Lydenburg en sluit dorpe in soos Groblersdal en Marble Hall.
15. Gordonia is die gebied noord van Kenhardt oorkant die Oranjerivier en grens aan Griekwaland-Wes wat strek oor die distrikte Postmansburg en Barkley-Wes.
16. Hierdie streeksbenaminge klop in n groot mate met die agrokeonomiese indeling van die land. Dikwels onderskei die inwoners klein streke in hierdie gebiede, bv. die Koue en Warm Bokkeveld, Groot en Klein Namakwaland/Boesmanland, ens. Daarbenewens word kleiner gebiede en minder gebruiklike streeksbenaminge aangetref bv. die Grasveld (Mosselbaai, Riversdal), die Knersvlakte (tussen Vanrhynsdorp en Garies), ens. Etlike streke korreleer met geografiese faktore wat wel amptelik so genoem word, bv. die Roggeveld, die Witwatersrand, e.d.m.

H O O F S T U K I I I

Die Foneologie van Afrikaans

Weens die uitgestrektheid van die Afrikaanse taalgebied kon daar tot dusver nog nie volledige opnames gemaak word van alle klankverskille in Afrikaans nie. Die bespreking wat hier volg, kan daarom uit die aard van die saak slegs voorlopig en onvolledig wees.

1. Verskille in foneeminhoud

Indien dialekwoordvorme teenoor mekaar gestel word, is sekere FONEEMALTERNASIES baie opvallend. Spreker A praat bv. van pampoens en spreker B van pompoens. In beide sprekers se idiolek bestaan daar egter sowel n /a/- as n /ɔ/- foneem. Omdat spreker A egter nie ook n woord pompoens ken wat iets anders beteken as pampoens nie, ontstaan geen dialektiese homonimie nie. Sulke woordvariante kan dus in die heelstelsel van Afrikaans voorkom omdat daar toevallig nie betekenisverskille tussen hierdie variante bestaan wat op grond van die distinktiwe eienskappe van die /a/ en /ɔ/ onderskei word nie. Hierdie woordvormverskille bestaan dus onafhanklik van die vermoë van /a/ en /ɔ/ om as twee aparte foneme in enige besondere dialek te kan funksioneer. Daar bestaan dus verskille tussen dialekwoordvorme t.o.v. foneeminhoud sonder dat dit verband hou met verskille in die foneemstelsel. Kortom: hierdie woordvormverskille is paradigmatisies beskryfbaar, maar sintagmatisies sluit die verskillende moontlikhede mekaar nie uit nie.

Hoewel sulke vormverskille bloot op die vlak van die leksikon voorkom, is hulle tog van groot belang aangesien sodanige foneemalternasie in reekse voorkom. Sekere vokale wissel dialekties af met sekere ander vokale, maar nie met alle ander vokale nie. Konsonantwisseling is nog baie meer vas.

Hierdie foneemalternasie bied dus n vergelykingsbasis vir die beskrywing van sekere dialektiese woordvormverskille. Aangesien baie min Afrikaanse woorde slegs een foneem bevat, kan n mens uitgaan van die standpunt dat foneemalternasie eerder sal voorkom by langer

woorde. Die foneem is n woordvormkenmerk. n Woord word nie slegs aan een foneem geken nie. Die funksionele belasting van enige enkele foneem is slegs van wesenlike belang waar daar n binêre opposisie ter sprake is. Nie al die woorde in n taal kan egter in n binêre opposisie teenoor mekaar gestel word nie. Die statistiese waarskynlikheid hiervan neem af namate die woord meer foneme bevat.

Om die oorsake van hierdie klankwisseling linguisties vas te stel, is in beginsel onmoontlik. Aangesien hulle nie voorspelbaar is uit die foneemsisteme van die besondere dialekte nie, is hulle ook nie sistematies nie. Basies het n mens dus hier te doen met die dilemma van die vorige eeu, nl. die "oorsake van klankverandering". Die enigste oplossing is om hierdie verskille te beperk tot die beskrywing van die leksikon. Waar faktore soos analogie, volks-etimologie, assimilasie e.d.m. opsigtelik is, kan dit as deel van die beskrywing aangebied word.

Aangesien hierdie woordvormverskille nie algemeen en sistematies is nie (soos Kloeke se klassieke huis/muis-kaart reeds aangetoon het), het dit nie veel waarde om sodanige verskille as geografiese reekse te probeer definieer nie¹.

In die volgende bespreking word opnamepunte daarom slegs vermeld in gevalle waar die betrokke verskynsel vermoedelik nie baie verbreid voorkom nie.

2.1 Vokaalwisseling

Die beskrywing van n taal se vokaalsisteem verg baie minder parameters as die beskrywing van die konsonantsisteem. Die verskille tussen vokale is (uit n artikulatories-fonetiese oogpunt gesien) in die eerste plek n kwessie van verskil in grootte van resonansruimtes. Faktore soos faringealisasie e.d.m. kan in elk geval vir Afrikaans buite rekening gelaat word. Gevolglik kan n mens meer wisseling by die vokale verwag as by die konsonante.

2.1.1 Die wisseling /i x e/

kiesieblaar x kesieblaar
 mierkat x meerkat

: volksetimologie (BW.417)

niegentig / nientig x negentig / neëntig.

Hierdie ie - vorme kom ook buite die sisteem van die "verhoogde" /e/ en /o/ voor.

olienhout / oliewenhout x olenhout
 iewers x ewers

2.1.2 /i x e/

Kniehalter x knêhalter (HV13) / knelter

Die vorm knelter wat vry algemeen voorkom, is duidelik n sekondêre ontwikkeling. Dit blyk uit die morfologiese deursigtigheid van knie + halter.

2.1.3 /i x e/

a) In sillabes met hoofklem:

diep x dip (ww.)

glieps x glips

kwien x kwint (t)

: die frekwensie van die foneemvolgorde /kwi-/ is baie laag in Afrikaans.

kiesieblaar x kjissieblaar

koesieters x koesisters (ATA 7,32)

b) Sillabes met byklem:

knappiesekêrel x knappesekêrel

By knapsak + kerwel net hier allerlei analogieë ingewerk:

knaap, knapie, kaap ens. Vgl. ATA 1,3.

perskies x perskes

: dit is waarskynlik vroeër as diminutief beskou
(BN.495).

gewieks x gewiks

Origens verswak /i/ dikwels tot /e/ waar dit nie die hoofklem dra
nie: figuur, sipres, e.d.m.

2.1.4 /i x ei/

a) Sillabes met hoofklem:

kwien x kwein

b) sillabes met byklem

bokwiet x bokweit

: n transfonemisering van die Eng. buck wheat.

junie x juny

Julie x Julj

: n transposisie op grond van die Eng. en ouer
Nederlandse skrifbeeld: July x Julij.

2.2.1 /e x a (:)/

Hoewel hierdie wisseling nie n groot reeks vorme nie, kom dit
wyd verspreid voor in woorde soos leerte x laarte en meermotjie x
maarmotjie.

Vgl. Coetzee (1951) en Louw (1948) vir kaarte van hierdie twee
woorde.

2.2.2 /e x o/

a) Sillabes met hoofklem:

genees x geneus(-blaar)

meel x meul

puntenerig x punteneurig

sewe x seuwe

59/.....speel x speel

speel	x	speul
speling	x	speuling
veel	x	veul
teen	x	teun

b) Sillabes met byklem:

soveel	x	soveul
--------	---	--------

Konsonante verbind hefter met vokale wat op hulle volg, as met dié wat hulle voorafgaan.

Dit wil dus voorkom asof labiale en nasale in die anlaut verband hou met die ronding van die opvolgende vokaal. Dit wil voorkom asof labialisasie ook in enkele gevalle retrogressief werk (sewe x seuwe). Dié moontlikheid doen hom ook voor by ander gevalle van vokaalroning. Hierdie verskynsel is opvallend omdat die algemene neiging juis tot ontronding van vokale is.

2.2.3 /e x œ/

keerk(IÜ3)	x	kurk
knepeldik	x	knuppeldik.

2.2.4 /e x e/

Benewens die gewone sandhi-verswakking of verlies aan sonoriteit in sillabes sonder hoofklem, kom daar n wisseling van hierdie twee vokale voor wat met die palatalisasie van die /x/ saamhang: /e/>/e/ en dan volg die oorgang van /x/, /k/ tot/xj/, /kj/.

gjeeftig	x	giftig
kjeent/kjeeners	x	kind
kjees	x	kis

2.2.5 /e x ei/

In baie gevalle hang hierdie wisseling histories met die proses van diftongering saam. Dit is egter moontlik dat baie e- vorme op dialektiese Nederlands terug gaan wat eers later deur hierdie proses

geraak is. Die vorme eentlik en eenklik bestaan bv. vandag nog terwyl Van Riebeeck reeds EYNTELICK geskryf het. (Vgl. BN. 215.) Dis nie moontlik om te sê of sekere van hierdie vorme nie deur die diftongering geraak is en of latere monoftongering ingetree het nie. Van der Merwe (1963.93-114) meen dat die proses van diftongering nom eers aan die Kaap voltrek het. Elders (1964.153) stel hy dit dat hy

.....van Kloeke verskil ten opsigte daarvan dat die relikte van monoftongiese uitspraak nie saam met Van Riebeeck cum suis ingevoer is nie, maar dat dit hier ontstaan het nadat diftongering min of meer gelyktydig hier en in die stamland voltrek is....

a) Sillabes met hoofklem:

bredie	x	breidie
bereken	x	bereiken
eentlik	x	eintlik
gemeente	x	gemeinte
kleedjie	x	kleidjie
kween	x	kwein
mening	x	meining
relings	x	roilings
<u>teken</u>	x	<u>teiken</u>
<u>vlees</u>	x	<u>vleis</u>

b) Sillabes met byklem:

aalwee	x	aalwyn
daarmee	x	daarmy (Boesmanland)
waarmee	x	waarmy (Boesmanland)

By die onderstreepte gevalle het daar in die AB betekenis-differensiasie ingetree sodat hier wel semantiese implikasies is.

2.3.1 /ε x a/

ertappel	x	aartappel (Vgl. BN. 121)
elke	x	alke (HV 4)
ken	x	kan (modale hulpww.)
knelter	x	knalter (ATA 5, 22)

2.3.2 /ɛ x œ/

jêlle x julle

hêlle x hulle : met gerekte /ɛ:/- algemeen in die

O. Tvl. en Namakwaland.

2.3.3 /ɛ x e/

Hierdie twee vokale tree baie frekwent in afwisseling met mekaar op in sillabes waar die prominensie geen invloed het nie.

In die meeste gevalle kom hierdie vokaalalternasie voor vóór n nasaal. Die /ə/ in onbeklemtoonde sillabes van die Engelse ekwivalent het in baie gevalle ook invloed gehad.

Hierdie wisseling kom so wyd verbreid voor dat die Taal-kommissie bv. heelwat van hierdie "wisselvorme" erken, (bv. ken x kin).

As gevolg van hierdie alternasie bestaan daar dikwels binne een dialek n onreëlmatigheid binne n kategorie. Hoewel win en wen albei "erken" word, is die gebruiklike skrifvorm wen. Hierteenoor sê n wen-spreker egter:

oorwinherwininwinen miskien selfs: winakkerVgl. verder: dink x denke x bedenklik

Hoewel die meeste /ə/- vorme tot die "oumenstaal" behoort en vinnig besig is om te verdwyn, is daar enkele /ɛ/- vorme wat deurgaans as "plat" beskou word deur die meeste ontwikkelde sprekers. Voorbeelde hiervan is: /xɛsɛx/, gesig; /dɛstrɛk/, distrik. Vraelyste van 1938 toon n baie groter voorkoms van die /ɛ/-vorme as wat tans die geval is. Die druk van die meer aanvaarde vorme is verantwoordelik vir die verdwyning van gevalle soos Maretzburg, neggie, Prens (frekwent as naam vir n perd) e.a.

€2/.....Baie

Baie woorde wat deur hierdie wisseling geraak word, kom baie algemeen voor oor die hele taalgebied. Dit is daarom beter om van hierdie gevalle as INTERDIALEKTILISE VARIANTE te praat.

a) In meersillabige woorde:

agent	x	agint
bedenklik	x	bedinklik
begon	x	begin
<u>bemes</u>	x	<u>bemis</u>
bennekant	x	binnekant
brekfis	x	brikfis
engaan	x	ingaan
Engels	x	Ingels
enkele	x	inkele
flekfloodi (HVL3)	x	flikfloodi
flenters	x	flinters
gemmer	x	gimmer
geseg	x	gesig
gewend	x	gewind
gornent	x	gornint
hender	x	hinder
henssel	x	hingsel
korente	x	korinte
krenterig	x	krinterig
krokkedel	x	krokkedil
kruisenent	x	kruisemint
laventel	x	lavintel
lendelam	x	lindelam
lenker	x	linker
ontrent	x	omtrint
parlement	x	parlemint
rente	x	rinte
sement	x	semint
steg	x	stig (<u>ATA</u> 5, 23)
stengel	x	stingel
tengerig	x	tingerig

63/.....versegtig/.....

versegtig x versigtig
 sendeling x sindeling
 verlep x verlip
 welkom x wilkom

b) in eensillabige woorde:

breng x bring
 deng x ding
 lenk x dink
 des x dis (: dit is)
 det x dit (Namakwaland)
 en x in (voorsetsel)
 es x is (werkwoord)
 kends x kinds
 meng x ming
 prent x print
skenk x skink
 swem x swim
 swenk x swink
 tent x tint
 vent x vint
 wen x win
 wend x wind
wenk x wink

Die historiese aanloop van hierdie alternasie is behandel deur Scholtz (s.j., p.205-10)

Die onderstreepte woorde is gedifferensieerde vorme binne die AB.

2.4.1 /a x a:/

Omdat die /a/ en /a:/ in Afrikaans twee aparte foneme is, word die lengteopposisies hier van belang geag buite die ongewings waar rekking gewoonlik voorkom.

Etlike Afrikaanse woorde met 'n kort /a/ as stamvokaal vertoon 'n lang /a:/ in gelede vorme.

Hierdie /a:/ gaan terug op n ouer vorm wat in Afrikaans behoue gebly het.

Diachronies gesien, het ons dus hier met twee verskillende vokale te doen op die vlak van die diasistiem: die a van gate is nie dieselfde foneem as die a in mate nie.

Diasistemies lyk die verhouding so:

$$\frac{//a \sim a://}{a \ x \ a://}$$

Voorkoms

a) in eensillabige woorde:

brak x braak (adj.)
 gat x gaat
 hastag x haastig
 kalf x kaalf
 maswerk x maaswerk (af. 5, 22)
 skap x skaap
 vat(e) x vaat(e)
 vrat x vraat

Die /a:/ verloor dikwels sy sonoriteit in die klankstroom waar dit nie die klem dra nie. Benewens hierdie gewone sandhi-verskynsel tref ons verkorting van die /a/ aan waar dit nie as gevolg van die aksentuering plaasvind nie.

Vgl. an x aan
 gan x gaan
 mar x maar

b) in meersillabige woorde:

/afrika/ x /a:frika/
 asvoël x aasvoël
 gehad x gehaad
 kambessie x kaambessie
 manhare x maanhare
 papkuil x paapkuil

skurwejanne x skurwejane : hier word die verband met die eiennaam klaarblyklik nie meer ervaar nie.

varrings(GV12) x varings

2.4.2 /a x e/

Die oorgang van /a/ na /e/ kom vry algemeen voor vóór die hoofklem. Ons hoor dikwels n /e/ in die eerste sillabe van woorde soos vandag, patrys, radys, plafon, baklei.

Hierdie verskynsel is duidelik te sien in gevalle waar n klemverskuiwing plaasgevind het: Karnaadjie - karnaadjie - kernaadjie. In onbetoonde sillabes kom die gewone verswakking voor:

patatas - /pətatəs/
 paddastoel - /padəstul/
 Maandag - /ma:ndəx/

Voor n auslauts - /x/ word /a/ dikwels aangetref in plaas van /e/. Hierdie verskynsel is eintlik vreemd aan die normale artikulasiepatroon van Afrikaans. Dit kan wees dat vokaalharmonie hier n rol gespeel het. Behoudens enkele gevalle soos oranje - oranja kom hierdie verskynsel net voor by -ig, waar lg. dikwels nog as morfeem herkenbaar is.

Voorbeelde:

armoedig x armoedag
 kastig x kastag
 kragtig x kragtag
 lastig x lastag
 middag x maddag/marrag
 magtig x magtag
 pragtig x pragtag
 regtig x regtag
 sommer x sonaar
 stadig x stadag
 tagtig x tagtag
 vinnig x vinnag
 wragtig x wragtag

66/.....Met

Met die uitsondering van nagtag en wragtag word die a-vorme gewoonlik as minder fatsoenlike taalvorme beskou.

2.4.3 /a x ɔ/

a) In sillabes met hoofklem:

bobbejaan x babbejaan

bokmakierie x bakmakierie (ATA 6, 29)

bokwiet x bakwiet : hierdie wisseling hang saam met die feit dat die Eng. (ʌ) in Afrikaans in twee rigtings (t.w. na /a/ of /ɔ/) kan transfonemiseer.

polniet x palmiet: sons dra die tweede sillabe die klem.

popkuil x papkuil

b) sillabes met byklem:

fontein x fantein

hanekon x hanekam (ATA 1, 4)

kombers x kambers

kombuis x kambuis

komfoor x kamfoor (GW 9)

konyn x kanyyn (IU 5)

kosatiewater x kasatiewater

mopanie x mapanie

orrobok x orrabok

pompelmoes x pampelmoes

pompoen x pampoer

popelier x papelier

2.5.1 /ɔ x o/

In hierdie volgende gevalle moet daar weer eens van interdialektiese variante gepraat word:-

Môre x more

ôk x ook

smôrens x smorens

smôrs x smoors

Die volgende /ɔ/-vorme wat o.a. algemeen in Griekwaland-Wes en ook aan die Oos-Rand voorkom, val die meeste sprekers as "afwykend" op:

bor x boor
 dot x dood
 kop x koop
 lop x loop
 mor x moor
 stot x stoot

Hierdie /o/ se posisie is ongeveer /ɔ46/ en neig dikwels tot breking: /ɔə/.

Sprekers wat eg. reeks woorde gebruik se /o/ is deurgaans baie kort, ook in ander omgewings waar dit nie binêr opponeer met /ɔ/ nie. By die onderstreepte gevalle het ons teweens met dialektiese homonimie te maak.

2.5.2 /ɔ x u/

bobbejaan x boebejaan (ATA 1, 1)
 genug x genoeg
 komfert x koevert
 molvoor x moelvoor (ATA 5, 21)
 onder x oener
 omdraai x oendraai
 sop x soep

2.5.3 /o x u/

Daar word dikwels n /u/ gehoor in die eerste sillabe van woorde soos: dominee, profeet, kosyn, rosyne, domein, probeer, sosatie.

Histories beskou, is woorde in hierdie klas meestal vreemdwoorde. Dit kan dus wees dat die o-uitspraak bloot as gevolg van die invloed van die skrifbeeld is.

Die alternasie in soontoe x soentoe is bespreek deur Van Rensburg (1967).

2.5.4 /o x ou/

soontoe x sountoe

stowe x stouwe : hoewel die ekv. hier ook stoof is, wil dit voorkom asof hier Engelse invloed te bespeur is.

2.6.1 /ə x ei/

/əntlek/ x eintlik

kwin x kwein

2.7.1 /y x iu/

waarsku x /va:rskiu/

Hoewel hierdie diftong net in die een woord opgeteken is, kom dit taanlik frekwent voor.

Dit is van besondere belang omdat die /iu/ n unieke opeenvolging is wat nêrens elders in die Afrikaanse fonologie voorkom behalwe in plekname soos Nieu-Seeland nie. Die woord kieu is o.i. net n skrifvorm. Die algemene gebruik is kief x kiewe.

2.8.1 /y x ui/

suutjies x soetjies

trapsuutjies x trapsoetjies

Lg. kom as die enigste vorm in die grootste gedeelte van die O.V.S. voor.

2.8.2 /y x ou/

waarsku x waarskou : hierdie vorm reik waarskynlik verder terug as Van Riebeeck se tyd: WAARSCHOUWEN (BH.307)

nu en dan x nou en dan : ook hier het ons eerder met n ouer Afrikaanse res te maak.

2.9.1 /ø x œ/

Hierdie wisseling kom vry algemeen voor in woorde soos:

heuning x hunning (: wissel ook dialekties in Ndl.)

jeuk x juk (ww.)

69/.....neuk x nuk (-ery)

neuk x nuk (-ery)
 reugstring x rugstring : onder die Knysna-boswerkers gehoor;
 origens waarskynlik uitgesterf.

seukel x sukkel
 skeulp x skulp
 veul x vul

Die eu-vorme gaan met die uitsondering van heuning en neuk nie deur as AB nie.

Dit geld veral van die volgende voorbeelde wat in die ongewing van BR14 gehoor word, maar waarskynlik verder verbreid in die Boesmanland voorkom.

leunsriem x lunsriem
 beult x bult
 gekeul x gekul
 skeulpad x skilpad/skulpad
 skeurfte x skurfte

2.9.2 /o x oev/

Die vorm sluitel x sleutel kom sporadies in die Suid-Transvaal, Wes-Transvaal en O.V.S. voor.

Die vorme:

leuters x luiters
 skeuns x skuins
 kom na ons wete net aan die Weskus voor.

3. Konsonantwisseling

In die Afrikaanse konsonantreeks:

/p/ x /b/
 /t/ x /d/
 /k/ x (/g/)

is stemhebbendheid x stemloosheid die enigste distinktiewe foneemeienskap.

Variasie tussen die stemhebbende en stemlose teenhangers kom nietemin heelwat voor.

3.1 Die wisseling stemhebbend/stemloos3.1.1 /p x b/

bubbelaas x pappelaas
 bandiet x pandiet
 bebeer x probeer
 bepaald x pepaald
 besop x pasop
 betaal x petaal
 beteken x peteken
 beteuterd x peteuterd
 bety x party
 betyds x petyds
 bohaai x pohaai
 blafon x plafon
 bobbejane x bopejane

In die meeste gevalle kom hierdie wisseling nie voor aan die begin van 'n beklemtoonde sillabe nie.

3.1.2 /t x d/

bantom x bandom
 eelte x eelde
 glatenal x gladenal
 kasaterwater x kasadewater
 pontok x pondok
 roltoes x roldoes (ATA 2, 9)
 sate x sade
 skuite x skuide
 soldate x soldade
 tru x dru (GW5)

3.2 Wisselinge van frikatiéf/eksplosief3.2.1 /x x k x g/

wilger x wilker x wilgher

3.2.1.2 /x x k/

nuusgierig x nuuskierig

gonlastiek x konlastiek
 gotta x kotta : eufenistiese werking.

3.2.2 /v x b/

Hierdie alternasie kom oor die hele taalgebied voor. Soms kan variante van dieselfde woord geografies duidelik gerangskik word op grond van hierdie wisseling. Kyk taalkaart nr.3. (Vgl. ook De Klerk en Van Rensburg 1966.)

Waar hierdie wisseling wel voorkom, is die plasing van /v/ en /b/ altyd intervokalties en word /v/ slegs deur die vokaal /e/ gevolg.

babber x bawer
 bobbejaan x bowwejaan
 dobbertjie x dowweltjie
 dubbeltjie x duuweltjie
 leberig x lewerig (= slap)
 oktober x optower
 (oor-)krabber x krawwer
 tabbert x tawwert
 troebel x troewel (2)

Soms ook in afwisseling met /p/ stapel x stawel

3.3 Wisseling van eksplosief met eksplosief

3.3.1 /t x k/

brandnetel x brandnekel
 kokkewiet x kokkewiek

3.4 Wisseling van eksplosief en triller

Naas die intervokaltiese wisseling van /v/ en /b/ kom die intervokaltiese wisseling /d x r/ die meeste voor. Soos eg. kan dit artikulatories verklaar word.

In teenstelling met die /v/-vorme is die /r/-vorme in die tweede alternasiegroep minder aanvaarbaar as AB.

Dit geld nie die afwisseling van /r/ en /d/ as sandhi-verskynsel nie: /na:ri orkant•tu/

Die /r/ in intervokaliëse wisseling is nooit n fortis /r/ nie en meermale n flapklank /ɾ/.

Voorbeelde:

beddegoed x berregood
 geluide x geluire
 gladde x glarre
 Jode x Jore
 koddig x korrig
 meide x meire
 middag x mirrag

: Die maatskaplike oordeel is wel sigbaar in die reëning wat daar ontstaan by biddag wat nie oorgaan tot birrag nie.

nadat x narat
 nodig x norag
 oorlede x oorlere
 padda x parra
 predikant x prerikant
 stadig x starag
 verlede x verlere
 voordat x voorlat/voorat
 soldate x soldare

3.5 Die wisseling van likwiede

3.5.1 /l x n/

heeltemal x heenteman (HW1., KR15)
 almal x alman (IUS)

: dit lyk of man hier analogiese druk kon uitgeoefen het.
 pallebrankoe x pannebrankoe (ATA 8, 40)

3.6 Die Halfvokale

Fonologies is die halfvokale in Afrikaans konsonante en kan hulle ook net in die anlaut van sillabes voorkom.

3.6.1 Die wisseling van /h/ en /j/ is wyd verbreid, maar veral opvallend in die Noordweste en Boesmanland in woorde soos:

72/.....heeltemal

heeltemal x jeentemal

help x jelp

hele x jele

here x jere

hees x jees

haupe x jeupe

Die j-vorme word deurgaans as substandaard beskou in die groot sentra.

n Opvallende verskynsel in die Sentraal- en Suid-Vrystaat is die vervanging van die halfvokale /h/ en /j/ deur n glottale eksplosief waar die halfvokale as tussenvokaliese oorgangsklanke optree in woorde soos

liniaal

ideaal

idioom

In sulke gevalle is die uitspraak:

/leni[?]a:l/

/idi[?]a:l/

/idi[?]om/

3.6.2 /h x X/

Die affiksale wisseling /-heit/ naas /-xëit/ is n morfologiese kwessie. Aangesien analogiese druk hier die deurslag gee, word dit by die morfologie behandel.

4. Foneemvolgorde

4.1 Metatesis

Dieselfde beginsel wat geld t.o.v. foneemalternasie, nl. dat vormverskille voorkom wat nie spruit uit verskille binne die foneemsisteme nie, geld ook t.o.v. foneemvolgorde. In n geval soos brekfis x berkfis verskil die foneemvolgorde in die eerste sillabe van die twee variante. Die opeenvolging brek- en berk- is in albei dialekte moontlik in vergelykbare gevalle soos:
bres/trek - berg/kerk

Aangesien die betekenis vormbepalend is (Reichling 1962:30) ervaar dialeksprekers in so 'n geval wedersyds 'n woordvorm-
"versteuring"³.

Onderlinge verstaanbaarheid kan slegs voortbestaan indien albei woordvorme nie in een dialek voorkom nie. Indien dit gebeur, word twee verskillende woorde aan die verskil in foneemvolgorde geken soos in gevalle van die tipe sak x kas, tak x kat, strek x sterk.

4.2 Volgordeopposisies

Metatesis van konsonante kom vry algemeen in die geheelsisteen van Afrikaans voor. Die besondere konsonant se "verspringing" gaan egter dikwels gepaard met klankvormverskille wat aan ander faktore toegeskryf moet word.

4.2.1 Die /r/

Die onvaste voorkoms van /r/ is in die AB in sekere gevalle so algemeen dat dit vir die meeste sprekers onopvallend is. Daar is nietemin meestal n kategoriale druk wat deur n woord se paronieme uitgeoefen word. Persent x present, perbeer x probeer en persies x presies kom bv. vry algemeen voor; persenteer, perbleem en persiseer is egter nie vir die AB-spreker aanvaarbaar nie.

Dialekties is die metatesis van /r/ ook nie baie opvallend nie, tensy dit gepaard gaan met ander klankverskille. Sprekers word nie so maklik bewus van die verskil tussen turksvy en truksvy of krukke x kurke as in gevalle soos volmink x fla ink nie.

Woorde soos turksvy x truksvy moet daarom eerder as interdialektiese variante beskou word. Dit gebeur selfs dikwels dat albei vorme in een segsman se spraak opgeteken word. So iets moet nie verwar word met die sg. "wisselvorme" binne die AB nie.

Dié saak word elders bespreek.

Woorde wat wyd verbreid voorkom waarin die plasing van /r/ verskil, is:

Afrikaans x Aferkaans
granaat x gernaat
harpuis x repuis
renoster x arnoster

75/.....kirkvors x krikvors

kirkvors x krikvors
 krenenaadjie x karmenaadjie
 tarentaal x trantaal
 tumult x trumult

4.2.2 Die /l/ en /n/

Metatesis van die alveolêre resonante gaan dikwels gepaard met metatesis van n hele sillabe of met inversie van die foneenvolgorde binne die sillabe. Soms is dit slegs n plasingverskil, bv.

oorel x oorle (: oorlede)
 waatelmoen x waatlenoen
 volmink x flamink

Daarteenoor kom verskynsels soos die volgende voor:

- a) /skotseli:n x /kotfɛni:l/
 knoffel x knoflok
- b) menakwa/ x namakwa (-duif, -patrys, ens.)
 tarnataal x tarentaal

4.3 Metatesis van sillabes

In Afrikaans korrespondeer die morfeem- en sillabegrense slegs toevallig. Waar hierdie grense wel saamval, kom metatesis van die tipe wasvet x vetwas (ATA 9, 42); motby x bymot; bronput x putbron; waskers x kerswas dikwels voor.

5. Opposisies X naas nul

Woordvariante in Afrikaans is dikwels vergelykbaar t.o.v. foneeminhoud en -volgorde, hoewel een variant meer foneme bevat as n ander. Uit diachroniese oogpunt gesien, is dit meestal die gevolg van elisie en klisis. Die keuse van die AB-vorm het dikwels nie op die oudste woordvorm geval nie. So bestaan die AB-vorm bobbejaan bv. naas die dialektiese (ouer) baviaan/bawwejaan (ATA 1, 1). Die vorm bojaan is daarteenoor duidelik n verdere fonetiese mutasie van bobbejaan.

Indien die AB-spreker nou gekonfronteer word met dialektiese variante, ervaar hy n toevoeging of verkorting van die woordvorm wat hy gebruik wat nie noodwendig klop met die historiese proses nie.

Rusper is bv. nie n ouer vorm van ruspe nie. Die woord rusper het waarskynlik ontstaan r.a.v. die morfeem { -er } van die nomen agentis. Eintlik verwag die ondersoeker die teenoorgestelde, aangesien Afrikaans meestal n klankverlies t.o.v. ouer Afrikaans/Nederlands vertoon.

5.1 Assimilasie

Daar word dikwels onderskei tussen histories-voltrokke assimiliasies van die tipe gemmer gementer en assimiliasies in die lewende taal. Taalkundige begrippe soos assimilasie wat dui op p r o s e s s e moet egter baie versigtig gehanteer word uit n sinchroniese standpunt. Dat assimiliasie ook n hic-et-nunc - verskynsel is, daarvan getuig die feit dat n spreker in verskillende omstandighede (afhangende van sy spreektempo, die plasing van die woord in die sinsintonasiekontoer, goedstemming, e.d.m.) dieselfde uiting nou sal assimileer en later weer nie.

Assimilering is egter deel van die taalgebruik wat die spreker in sy omgewing aanleer, d.w.s. hy assimileer nie self n klankkompleks X_1 tot X_2 nie; hy leer die geassimileerde vorm as sodanig aan. Dialeksprekers is glad nie bewus daarvan dat kernaadjie of knaadjie n geassimileerde vorm van karmenaadjie is nie. Hy assimileer dus nie die woord karmenaadjie tot knaadjie nie; lg. is al vorm wat hy ken. In enkele gevalle het daar selfs n betekenisdifferensiëring ingetree:

<u>Woordvorm</u>	<u>Saak</u>
karmenaadjie	"kottelet"
kernaadjie	"n stuk vleis wat as geskenk aan bure gestuur word".

(W.Tvl.)

Dieselfde geld binne die AB. Sprekers sien geen verband tussen historiese doeblette nie. Assimilasies is wel "deursigtig" wanneer n kategoriale verband behoue gebly het. Dikwels is dit egter net die skrifbeeld wat die nie-geassimileerde vorm weergee.

Skrywer het nog nooit gehoor dat n /d/ in eenders uitgespreek word nie. Die Afrikaanse spelling laat wel enersyds toe! Dit is dus duidelik dat vormverskille wat berus op assimiliasie uiters moeilik

hanteerbaar is. Daar kan geen reëls vir assimilering geformuleer word nie. Tog is die ondersoeker subjektief daarvan bewus dat dialektspreekers baie meer assimileer as AB-sprekers. In die omgewing van bilabiale kom dikwels sterk assimilering in Afrikaans voor. Geen AB-spreker kom agter dat hy sê steembok en nie steenbok nie. Die uitspraak sprimokvlakte val hom egter as "afwykend" op. Die probleem sal miskien beter benader kan word wanneer meer bekend is oor die supra-segmentele fonologie van Afrikaans.

Voorlopig is dit veiliger om opmerkings liever te beperk tot uiterste gevalle, waar hele sillabes dikwels gesinkopeer word, ens.

5.2 Klankwins

5.2.1 Paragone van /t/

bakent x baken
 begint x begin (ww.)
 lakent x laken
 leraart x leraar
 mint x min (of meer)
 reent x reën
 sprinkaant x sprinkaan
 tekent x teken
 toet x toe (voegw.)

Met die uitsondering van reent word al die t-vorme as sub-standaard of archaïes beskou.

5.2.2 Epentesis

a) /r/

sprikkel x spikkel (IU 1.)
 skorperjoen x skerpioen
 waartlemoen x waatlemoen: dit gaan moontlik terug op 'n klankassosiasie met watermeloen.

b) /ŋ/

konkewiet x kokkewiet (ATA 6, 30)
 onkerneut x okkerneut

5.2.3 Protesisvorme soos sperskies en struksvye kom sporadies oor die hele land voor.

5.3 Klankverlies

Ons beperk ons hier tot gevalle waar hele sillabes gesinkopeer is.

aferkaatpeer x avokadopeer (LT3)

blo x belowe (WP, NWK.)

Dialekties bestaan hier soms differensiëring waar blo naas belowe beteken "dreig".

boermesyne x boeremedyne (HW1)

bojane x bobbejane (Vgl. ATA 1, 1)

gloof x geloof (s.nw.) (opgeteken: NWK.)

gevloer x geverloer (NWK)

graante x geraante (NWK)

kwalk x kwalik (Boesmanland)

naand x naderhand

oolfante x olifante (KT15)

otoormaand x oktobermaand (HW2)

pastrie x pastorie (HW2)

prekant x predikant (GW5)

seketaars x sekretaris (OVS)

skawagter x skaapwagter (NK)

Stemmer x September (HW2)

tamryn/tambryn x tamaryn (WK)

veroore (grond) x verowerde (HV6)

waantoe x waarnatoe

weevrou x wedevrou (ATA 1, 3)

Hierdie voorbeelde gee enigermate n beeld van die mate van "distorsie" wat n woord kan ondergaan sonder dat dialektiese onderlinge verstaanbaarheid in n gegewe situasionele verband opgehef word.

6. Die Afrikaanse foneeminventaris

Dit wil voorkom of daar in hierdie stadium geen diafoneemstelsel vir Afrikaans gekonstrueer kan word nie. Dit lyk onnodig om enige alternatiewe foneme te onderskei in die inventaris van die

geheelsisteen. Die beskrywing word baie vergemaklik wanneer verskille in fakultatiewe variante op sub-fonemiese vlak bespreek word.

Enkele sake verdien egter nadere toeligting.

6.1 Unieke foneme

Foneme met n baie lae (self eenmalige) voorkonshrekwensie kan vir beskrywingsdoeleindes geïgnoreer word. Dit is die geval met die dialektiese foneme /iu/ en /au/.

n Soortgelyke geval tref ons aan by die unieke foneempeenvolging fn- wat slegs in die woord fnuik voorkom.

Weselik verskil so n unieke foneem of foneempeenvolging nie van enige ander foneem nie, aangesien geen foneem in al sy opposisie-moontlikhede voorkom of ewe frekwent voorkom nie.

6.1.1 Die /iu/

Aan die Rand en in Pretoria kom /iu/ hoogstens voor in die nieu- van Nieu-Nederlands, Nieu-Seeland, en dergelyke gevalle wat n baie lae frekwensie het.

In ander streke, veral die Suidoos-Vrystaat is dit meer frekwent en kom dit voor as teenhanger van /eu/ van die Pretoriase dialek. Binne die gebied waar die "verhoging" van die /e/ geld, word dit ook gehoor.

Die vorm /va:rskiu/ is n unieke geval (frekwent in die OVS) en is nie n teenhanger van /eu/ nie.

Verder kry ons:

/iu/ x /eu/

/liu/ x /leu/

/spriu/ x /spreu/

/skriu/ x /skreu/

6.1.2. Die /au/

Die /au/ kom voor as teenhanger vir /ou/ in die twee woorde hanou en grou.

Dit is selfs moontlik dat /xrau/ die gevolg kan wees van n kontaminasie tussen grawe/gra (wat ook in die /xrau/- gebied voorkom) en grou.

6.1.3 Unieke foneempeenvolgings

Morfeem- en sillabegrense val in Afrikaans slegs toevallig saam. Dit gebeur soms dat n stemlose eksplosief op die end van n morfeem aan die begin van die suffiks-sillabe uitgespreek word: besit-lik: /bəse-tlək/ Die "eksplosief" is in sulke gevalle n sluitklank en vorm saam met die opvolgende frikatief n affrikaat.

Die sillabifisering gee hier aanleiding tot n spreidingsgroepe- ring wat nie in die anlaut van woorde voorkom nie. Die hegte bin- ding by sulke affrikate gee egter aanleiding tot koartikulasie by foneemgroepe soos:

/k + l/
/k + n/

wat gevolglik homorganies (alveolêr) uitgespreek word as:

/t + l/
/t + n/

Hierdie ongewone foneempeenvolgings is veral opvallend in die Noord- en Noordoos-Transvaal in die uitspraak van woorde soos:

- a) /tna:p/ x /kna:p/
/tnəp/ x /knəp/
/tnui/ x /knui/
/tnop/ x /knop/
/tnɔp/ x /knɔp/
/tnəip/ x /knəip/
- b) /tlam/ x /klam/
/tlap/ x /klap/
/tləin/ x /kləin/
/tlɛp/ x /klɛp/
/tləm/ x /kləm/
/tləp/ x /kləp/
/tlof/ x /klof/
/tlɔp/ x /klɔp/

Die AB-spreker wat die foneemkombinasie /tl/ hoor, kan dit maklik transponeer tot /kl/ aangesien dit nie bots met n bestaande groep in sy sisteem nie.

Dit wil voorkom asof die foneengroep /kl/ fonetiese druk uitoefen in die geval van

eintlik x einklik

eentlik x eenklik

intlik x inklik

(ATA 9, 43)

Soortgelyke verskille wat hulle voordoën as gevolg van palatalisasie word eerder by die sub-fonemiese klankverskille bespreek.

6.2 Die bry - r

Die Afrikaanse /r/ kan foneties beskryf word as n stemhebbende alveolêre tongpunttriller.

Sy opposisiepatroon lyk egter só:

- a) Stemhebbendheid: geen opposisie met stemloosheid nie.
- b) Alveolariteit: opponeer met al die konsonante behalwe: /t, d - s, z - n - l/.
- c) trilling: opponeer met alle ander konsonante.

Die trilling van /r/ is dus n distinktië eienskap t.o.v. al die ander konsonante. Omdat die trillingskarakter van die /r/ nêrens fakultatief of andersins opgehef word nie, is die alveolariteit van /r/ bloot redundant in die gevalle waar dit wel kontrasteer met ander artikulasiepunte van konsonante.

In n dialeksistiem B waar /r/ konsekwent met /R/ vervang word, staan /R/ in presies dieselfde opposisiepatroon as /r/.

Die aanwesigheid van ðf /r/ ðf /R/ het dus geen invloed op die foneemsistiem waartoe hulle behoort nie, aangesien albei die essensiële (distinktië) eienskap "triller" het.

Aangesien /R/ en /r/ nie fakultatief afwissel nie, is die term "gewestelike allofone" (vgl. De Villiers 1965:101) ietwat kwestieus. Ons het hier met fonetiese variante te maak wat elk op sy beurt in staat is om n bepaalde foneem te realiseer. Waar fakultatiewe variante vir die sprekers "eenders klink", het ons hier n geval waar twee variante maklik transponeerbaar is. Die taalgebruiker is nie daarvan bewus dat /k/ en /c/ in sy uitspraak allofonies varieer nie; hy is wél bewus van die feit dat spreker B bry.

Die maatskaplike oordeel oor /r/ en /R/ stel De Villiers (1965.52) soos volg: "Eg. word beskou as n standaardklank en lg. as dialekties of afwykend".

Binne die raamwerk van die oordeel AB x dialek is dit miskien beter om /r/ en /R/ FONEEMVARIANTE te noem.

Om die sg. /R/ n foneemvariant te noem, is ook n veralgemening. Die bry-R word gewoonlik geassosieer met "die mense in die graan-distrikte" (De Villiers 1965.101).

Hoewel sprekers wat bry minder talryk is in ander gebiede, kom die bry as sporadiese groepsverskynsel⁴ voor tot ver in die binneland. (Vgl. kaart nr.7.)

In breë trekke kan daar minstens 3 bry-variante onderskei word:

- a) die baie fortis /R/ van die Swartland (Malmesbury, Moorreesburg, Hopefield);
- b) die meer lenis-bry van die Overberg (Caledon, Bredasdorp,);
- c) die Vrystaatse bry.

By (a) is n triller meestal hoorbaar in sowel die anlaut as die auslaut. Die auslauts- /R/ is minder fortis omdat die sonoriteitsafloop van die sillabe hiermee saamhang.

Die Overbergse bry (b) wissel in die anlaut van n lenis /R/ tot n stemhebbende frikatief /r/. In die auslaut kom dit baie na aan die stemlose /x/

(c) Sprekers wat bry, kom sporadies oor groot dele van die Vrystaat, veral in die omgewings van Ficksburg en Winburg, voor.

In die anlaut is dit n semifortis eenklap-triller en in die auslaut meestal duidelik waarneembaar stemhebbend /r/

Baie sprekers in die suide beweer dat hulle sprekers kan lokaliseer op grond van die bry-r-variante. Die oorgang tussen die variante is egter so gradueel dat dit o.i. slegs idealitêr moontlik is; daarom waag ons in hierdie stadium ook nie n noukeuriger fonetiese beskrywing nie.

7. Sub-fonemiese verskille

Die langue-parole- onderskeid is problematies vir die dialekbeskrywer. "Men heeft een probleem opgeroepen:", sê Reichling (1962. 25), "wat behoort tot de taal, wat tot de spraak?" Uitspraakverskille is nie noodwendig taalverskille nie. n Onderskeid tussen taalsisteem en spreeksisteem is daarom wenslik⁵. Die term spreeksisteem dui op n bepaalde sistematiek in die klankvormkopieë⁶ van n individuele spreker (idiolek) of n groep sprekers (dialek) wat op n sub-fonemiese vlak onderskeibaar is van dié van ander sprekers.

Verskille binne spreeksisteme vorm nie deel van die daargestellingsfunksie van taal nie, maar is wel n aspek van die appèlfunksie⁷ en as sodanig is dit opvallend binne n taalgebruiksituasie tussen verskillende dialeksprekers.


Die omvang van sulke foniese verskille is geheel-en-al afhanklik van die presisie van die skaal wat die taalbeskouer in sy vergelyking gebruik⁸. Die enigste sinvolle kontrole wat hier bestaan, is om rekening te hou met die subjektiewe taalbelewenis van die hoorder. In hierdie geval moet die taalbeskouer hom slegs stel op die standpunt van die taalgebruiker. Opvallende verskille t.o.v. sy eie spreeksisteem kan hy dan taalbeskouend ontleed en beskryf.

n Tweede oorweging ten gunste van hierdie werkwyse is dat dit moeilik is om n aanvaarde "standaarduitspraak" vir Afrikaans te veronderstel. Meyer de Villiers (1965.16) merk dan ook tereg op: "In Suid-Afrika het ons op dié gebied nie so n ou tradisie soos die meeste Europese volkere nie, maar ons beskou tog sekere vorme van uitspraak as beter dan andere". Hiermee hou hy ook rekening in sy lys getranskribeerde woorde (op. cit., p.18). Hy wys nietemin daarop (loc. cit.) dat daar bv. van radio-omroepers verwag word dat hulle uitspraak nie n bry-r of die sg. verhoging van vokale moet vertoon nie.

Wat ook al die geval mag wees, is die AB vir die doel van taalbeskrywing n dialek soos enige ander. Die hanteerbaarste metode is daarom om n idiolek as vergelykingsbasis te kies. Skrywer het daarom waar nodig sy eie idiolek as vertrekpunt geneem. Aangesien AB Afrikaans n taanlik wye toleransielimiet het, kan dit ewenwel ewe goed dien as verteenwoordiger van die AB.

7.1 Die fonologiese model wat in hierdie studie gebruik word, lyk soos volg:

- a) Inventaris: i) Vokale: /i, e, ε, a, aə, y, ø, œ, ə,
u, o, ɔ, œu, oi, œy, eu, ai, ui.
 ii) /p, b, t, d, k, f, v, s, x, l, r, m, n,
 ŋ, h, j/
- b) Opposisiepatroon van vokale:



Opposisie 1-2 = gerond: ongerond.

- c) Ons transkripsie van die foneme sluit aan by die bestaande tradisie: Foneemiese verskille sal vergelyk word t.o.v. mekaar met behulp van 'n sewe-af-vier-dwars-vokaalkaart⁹.

8. Sub-fonemiese verskille

Dit wil voorkom asof die taalgebruiker se belewenis van klankverskille tog verband hou met die wyse waarop hy hierdie klanke funksioneel gebruik. Kortom: 'n spreker praat sy taal "foneties", maar hy hoor hom "fonologies". Met ander woorde die wyse waarop hy klankverskille ervaar, hang saam met die wyse waarop hy hulle fonemies moet transponeer.

8.1 Foneemvariante

Aangesien die /R/ en /r/ bv. dieselfde distinktiwe eienskap het, is hierdie twee fone funksioneel identies. Die /R/ het egter n redundante eienskap, nl. uvulariteit wat by geen ander Afrikaanse foneem voorkom nie. Gevolglik val hierdie foniese verskil op.

8.2 Allofoniese verskille

8.2.1 Dit gebeur dat n foneem in dialek A n allofoon in n bepaalde spreidingsposisie het wat dit nie in dialek B het nie.

Op grond van die foneem /k/ kan minstens drie groepe sprekers onderskei word:

- a) Die grootste groep sprekers in die land se foneemstelsel bevat n foneem /k/ met n allofoon /c/ (d.w.s. n gepalati-seerde /kj/) voor die /i/ van diminutiewe.

Dus: hark x /harci/
woord x /vo:ri.i/

Hierdie allofoon tree net op in gelede woorde.

- b) By n tweede groep word die allofoon /c/ (hetsy pre-palataal of palataal) ook in die anlaut aangetref voor die vokale /i,e,ɛ,ø.ə/

Dit kom veral voor aan die Weskus, Noord-Natal, Noordoos-Vrystaat, die Wes- en Noordwes-Transvaal.

By hierdie sprekers kom daar ook dikwels n gepalati-seerde /f/ in hierdie posisie voor voor voorvokale, bv.

/fjɛlt/ - veld
 /fjy:r/ - vuur

- c) n Derde groep sprekers kom veral in Johannesburg en die Oos-Rand voor. In hierdie foneemsisteme bestaan geen allofoon /c/ nie. Die verskynsel kom ook sporadies elders in die land voor.

8.2.2 In al bogenoemde drie groepe as foneemsisteme funksioneer /n/ en /ŋ/ betekenisonderskeidend t.o.v. woordpare soos

wan x wang
 ban x bang

In ander opsigte is hulle spreiding komplementêr. In teenstelling met /n/ staan /ŋ/ nooit in die anlaut nie, terwyl /n/ in teenstelling met /ŋ/ nooit in dieselfde sillabe deur n /k/ gevolg word nie. Daarteenoor assimileer /n/ maklik tot /ŋ/ voor /k/. Dis waarskynlik die rede waarom die taalgebruiker hulle as "twee klanke" ervaar.

Die palatale /ɲ/ kom egter nie in die dialek van /ki/-sprekers voor nie.

Die /ɲ/ word slegs gevolg deur palatale konsonante. Die /ki/-spreker gebruik nie die palatale /c/ nie. Sy uitspraak is:

/haiŋki/ x /haiɲci/
/hoŋki/ x /hoɲci/

8.2.3 n Soortgelyke geval tref ons aan by die konsonantfoneem /v/. Wanneer dit in dieselfde sillabe deur n eksplosief voorafgegaan word, kry ons n bilabiaale /w/. By baie Bolandse sprekers en ook by baie sprekers in Boesmanland en Naakwaland bestaan hierdie allofoon glad nie. Ons hoor deurgaans die uitspraak:

/dva:l/ = dwaal
/kve:k/ = kweek
/tva:lf/ = twaalf

In die lig hiervan moet die Boesmanlandse uitspraak van die woorde kom en kombuis eerder fonemies geïnterpreteer word as

/k^uom/
/k^uombœys/,
d.w.s. /ɔ~uɔ/

8.2.4 n Verdere geval is die afwisseling van /x/ met /ʃ/ voor die vokale /ɛ, e, ø/, bv.

sjeld x geɫd
sjee x gee
sjerf x gerf
sjeute x geute

In meersillabige woorde tref ons hierdie foon aan in woorde soos korrigeer. In dergelike gevalle soos stasioneer, situasie, nasionalisme het ons met 'n Engelse leenfoneem te maak. Lg. word ook by AB-sprekers gehoor; eg. word maatskaplik baie laag waardeer.

8.2.5 Soms kom 'n bepaalde allofoon net meer frekwent in een dialek voor as in vergelykbare klankomgewings in 'n ander dialek waar daar 'n onreëlmatigheid in die patroon bestaan.

Die /x/ in die auslout van woorde soos sorg, berg, morg het die allofoon /g/ voor fleksie-uitgange.

sorg - /sɔrgə/
 berg - /bɛrgə/
 morg - /mɔrgə/

Hierdie allofoon kom nie voor in die AB-uitspraak van die mv. van woorde soos brug nie.

In die Vrystaat en in die omgewing van Knysna kom die uitspraak

brug - bru-ghe
 eg - e-ghe
 ploeg - ploeghe

vry algemeen voor.

In gevalle waar ons (diachronies) met 'n gesinkopeerde /x/ te doen het, kry ons gevalle soos

/drogə/
 /xəhɔgə/
 /hogə/
 /((fan)vegə/
 /frugə/

8.2.6. Dieselfde allofone kan soms in twee dialekt-sprekers se spreek-sisteen voorkom en tóg opval omdat hulle nie in dieselfde spreidings-posisies voorkom nie.

In skrywer se idiolek is drie duidelik onderskeibare allofone van die foneem /ɛ/ . Hulle kom voor in die klankomgewings soos ge-
 illustreer deur die volgende woorde:

wet
 né / elke
 sleg / rek / pers

Op die vokaalkaart (kyk bylaag) is hulle posisies respektiewelik: 51, 52, 52/62. Nr. 52/62 kom voor velêre konsonante voor, behalwe waar dit in n onbetoonde sillabe voorkom wat deur n sillabe met hoofklem gevolg word, bv. in woorde soos ekseem, ekstrak, ekstase.

Hierdie allofoon is in n groot mate n sjibholet. Die lae /ɛ/52/62 word net in die Transvaal en Vrystaat gehoor. (Hierdie allofoon moet nie verwar word met die lae variant 61/62 wat ook in die Transvaal gehoor word nie. Lg. word ook deur Transvalers as "plat" bestempel. Hierdie allofoon lê baie na aan die Engelse /æ/.) In dieselfde klankomgewings word variant 52 in die binneland van Kaapland (veral die Onderveld) gehoor. In die Westelike Provinsie word 51 en 52 gehoor en in die Noordweste word die variant 51 feitlik deurgaans gehoor. Dit geld ook vir die Boesmanland hoewel hier nog n verdere onderskeiding bykom: as die vokaal in die anlaut staan en deur n likwade gevolg word, word dit n diftong met /i/ as eerste element:

/iɛlke/
 /iɛrci/

Fonologies kan dit ook as n /j/ geïnterpreteer word aangesien die algemene patroon van Afrikaanse diftonge is dat die eerste komponent die sonoorste is.

8.3 Kenmerkend van die Bolandse spreekstelsel is die "verhoogde" uitspraak van /e/ en /o/.

Hier bestaan n allofoniese wisseling van /e/ en /i/. Eg. kom voor voor /l/ en /r/; in alle ander posisies word /i/ aangetref. Die /o/ wissel fakultatief met /u/ in alle posisies behalwe voor die konsonante /k, l, n, r, s, t/ (vgl. Scholtz, s.j., p.211-212).

Hoewel hierdie verskynsel n sjibbolet is wat n spreker dadelik lokaliseer, word dit nie maatskaplik afgekeur nie omdat dit ook by ontwikkelde sprekers binne hierdie streek aangetref word.

Louw (1963) het hierdie klankvariasie op kaart gebring. Volgens n vroeëre vraelys¹⁰ blyk dit dat slegs die /o x u/ by sekere opnamepunte voorkom terwyl die /e x i/ nie daar aangetref word nie. Dit blyk ook uit n vergelyking van Louw se twee kaarte dat die opgawes nie oral korrespondeer nie (die onvermydelike nadeel van n vraelys-metode!)

Wat ook al die geval mag wees, die kaarte toon dat hierdie "verhoging" oor n groter gebied voorkom as wat gewoonlik onder "die Boland" verstaan word.

Die populêre verwysing na "verhoging" verdien meer aandag. Hieraan moet nie gedink word as n lewende assimilasiëproses nie. Hierdie /i/ en /u/ lê eenvoudig hoër op die vokaalkaart as /e/ en /o/. Die feit dat /i/ en /u/ beskou word as fakultatiewe variante van /e/ en /o/ is slegs om aan te sluit by die patroon in ander dialekte. Ons kan eweneens n foneemvariant /I/ met fakultatiewe variant /e/ en n foneemvariant /ʊ/ met fakultatiewe variant /o/ poneer.

In die binneland (Noord-Kaap, Natal en O.V.S.) word n monoftongiese /e/ en /o/ gehoor. In die spreekstelsel van baie Vrystaters en die meeste Transvalers is hierdie foneme diftongies: /iə/ en /uə/ waarvan die sonore komponente wisselende posisies rondom 23 en 26 respektieflik is. Die Bolandse /i/ en /u/ varieer binne 22 en 26/27 respektieflik.

Die verskil kan daarom ewe goed as n verskil in snyding beskou word, veral aangesien die "Bolandse vokale" veral in eensillabige woorde besonder kort is.

Die neiging tot diftongering in die rigting van /ə/ is kenmerkend van die Transvaalse uitspraak by vokale in eensillabige woorde met n oop sillabestruktuur.

In dele van die Noord- en Noordwes-Transvaal word n baie opvallende 36/46-variant van /o/ gehoor met baie sterk breking in woorde soos:

/bo46^{em}/ - boom
/stro36^{en}/ - stroom

Dit word sosiaal laag waardeer. Hierdie verskynsel gaan dikwels saam met n verlagings van /ə44+/ tot /ə44-/ in eensillabige woorde soos sit, wit.

Dikwels word daar in die streke ook n sterk breking by /e/ gehoor. Dié verskynsel is ook sporadies in die Oostelike Provinsie teëgekem.

8.4 De Groot (1964:54) sê dat die mens so onduidelik as moontlik praat. Dit val heeltemal binne die artikulasiepatroon van Afrikaans dat die opposisie ronding - ontronding dikwels opgehef sal word.

Sover ons kan vasstel, het daar geen kompenserende faktor ingetree om vir hierdie verlies te vergoed in die spreekstelsel van mense by wie ontronding baie voorkom nie. Kortom: ons het geen bewyse van n fonemiese "drift" wat tans aan die gang is nie.

Hoewel baie sprekers se taalgebruik homofonies is t.o.v. woorde soos huis x hys; put x pit; muus x nies is hulle nog bewus van hierdie onderskeidende funksie. Selfs by sprekers wat in gevallende soos hierdie nog duidelik rond, tree ontronding op in oop sillabes wat nie die hoofaksent dra nie. n Mens hoor by hulle nog /my:r/, maar nie */myra:si/ nie.

Hierdie opheffing raak die ontronding van voorvokale wat ook fonemiese implikasies het. In dele van die Marico en Noordwes-Vrystaat word n opvallende ontronding van die /o/ gehoor by minder ontwikkelde sprekers. Hierdie indruk hang saam met die feit dat vokaalrekking oor die algemeen in hierdie gebied voorkom.

Oor die algemeen word ontronding van vokale in beklemtoonde sillabes maatskaplik sterk afgekeur.

AANTEKENINGE

1. Hier kan dus slegs met die premisse gewerk word dat elke woord sy eie geskiedenis het. Die feit dat kombuis naas kambuis voorkom hou nie fonemies of geografies verband met pompoen x pampoene nie. Hierdie verskynsel is geen aanduiding dat iets soos* bontom x bantom aangetref sal word nie.
2. Baie historiese assimilasies van die tipe kriebel x kriewel is bekend, hoewel hulle tans nie meer geografies naas mekaar voorkom nie. In sulke gevalle behoort /v/ en /b/ tot dieselfde historiese diafoneem.
3. Ons gaan nie in op die hele teorie van versteuring in die kommunikasie nie. Vgl. Weinreich (1964.14 - 29).
4. Die bry-/R/ is nie altyd n aangeleerde taalgebruikspatroon nie. By sommige persone is dit n "spraakgebrek"; hulle bry hoewel niemand anders in hulle taalmilieu bry nie. Baie klein kinders bry aanvanklik en verleer dit dan weer later.
5. Hierdie onderskeid asook die terme is voorgestel deur A.J.B.N. Reichling in n private gesprek tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1965.
6. Hierdie term is ontleen aan Combrink (1965).
7. Ons volg hier die interpretasie van Van Wyk (1962) van Bühler se klassieke model.
8. Indien hierdie sub-fonemiese verskille nie op een of ander wyse met die foneem in verband gebring word nie, kan n transkripsie maklik ontaard in iets "significant of nothing but the acuteness of the writer's ear" (Bloch, Trager 1942.39).
9. Ons gebruik die vokaalkaart en magnetiese band met akoestiese korrelate van L.W. Lanham. Vgl. LANHAM (1964) in Van der Merwe (1964.10). Kyk Bylaag by hierdie hoofstuk.
10. Ons verwys hier na ongepubliseerde stof wat S.A. Louw in die vroeë veertiger jare m.b.v. vraelyste ingewin het.

B Y L A A G

i	11	12	13	14	15	16	17	u
I	21	22	23	24	25	26	27	v
e	31	32	33	34	35	36	37	o
E	41	42	43	44	45	46	47	o
ε	51	52	53	54	55	56	57	o
æ	61	62	63	64	65	66	67	α
a	71	72	73	74	75	76	77	α

H O O F S T U K I VMORFOLOGIE

In 'n analitiese taal soos Afrikaans kan 'n mens nie verwag om baie morfologiese verskille dialekties aan te tref nie. Nietemin word sekere opposisietipes aangetref wat vanweë hulle struktuur baie opvallend is.

1. Opposisies WOORD : MORFEEM

Dit gebeur dikwels dat 'n bepaalde klankkompleks X in twee dialekte voorkom. In dialek A is dit 'n woord; in dialek B is die spreiding daarvan gebonde en het dit slegs morfeemstatus. Dit geld veral van stamme en unieke komponente, maar in enkele gevalle selfs van afleidingsformantia.

'n Lineêre vergelyking van sulke verskynsels is nie moontlik nie, aangesien ongelyksoortige kategorieë nie direk teenoor mekaar gestel kan word nie. Diasistemies kan die verskil wel aangetoon word. Dit geld ook vir verskille wat binne 'n bepaalde grammatiese kategorie voorkom.

1.1 In die name van die weksdae: Sondag, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag bestaan daar 'n mate van morfologiese deursigtigheid by So., Ma., en Do. Die komponente son-, maan-, donder- is vir die meeste sprekers nog herkenbaar.

Dit is nie die geval met Woensdag nie (histories: Wodans dag). Die komponent -dag wat deurgaans herkenbaar is, gee aan hierdie name unieke komponente.

By KR15 en IV9 is die vorme

die dag van Woens

die aand van Woens

opgeteken.

p.93/.....In

In hierdie geval is Woens nie n unieke komponent nie. Verder is dit ook heeltemal buite kategoriale verband aangesien iets soos

*die dag van Maan

*die dag van Vry

nie voorkom nie.

Diasistemies is dit dus n enkele vormopposisie binne kategoriale verband:

Woens-

Woens

1.2 Gewone unieke komponente van die tipe skrikkeljaar en kaboemie-lie ontleen hulle status aan die herkenbaarheid van -jaar en -mielie as morfeme. Buite hierdie verband weet niemand in die reël wat n *kaboe is nie.

Sommige van hierdie unieke komponente kom dialekties wèl geïsoleerd voor. Woens hulle beperkte spreiding is dit n ope vraag of die ondersoeker woordstatus aan sulke eenhede mag toeken.

1.2.1 oertel(s) x oerteloog

By FW14 is opgeteken:

Hy kyk oertel (= met sy oë op skrefies getrek - bw.)

Hy oertel (= kyk skeel)

(Iemand) se oertels (= skeel oë).

Elders bestaan oertel nie as woord nie; slegs as unieke komponent in oertel-oog.

Diasistemies lyk die opposisie so:

oertel- (geen woordsoortlike korrelate)

oertel : bw. x ww. x s.nw.

Vgl. ATA 9, 45)

1.2.2 Soortgelyke opposisies as die hierbo (1.2.1) genoem, kry ons by die volgende:

n lampet (IT12) x n lampetbeker
 n vame leuen (IS15) x n infame leuen
 n boorling van daardie plek (KT15) x n in - boorling¹.
 ek kan my dit nie heue nie (IR7) x onthou, n.a.v. geheue.

1.3 Unieke komponente word deels so genoem vanweë die feit dat hulle net in een verband voorkom. Die unieke komponent lampet- kom in die AB in geen ander kompositum voor behalwe lampetbeker nie.

In hierdie opsig kry ons nou n soort "frekwensie-opposisie": n unieke komponent in dialek A kom in meer as een verband in dialek B voor sodat sy status nog steeds onselfstandig is (soos moei- in moeisaam, moeilik ens.) maar nie meer uniek is nie.

1.3.1 Die komponent dyns- kom bv. in die AB slegs voor in dynserig (en afgeleide vorme : -e, -heid, ens.)

Dialekties kry ons ook:

n dynskyker (iemand wat sy oë op skrefies trek)
 (die Moot)

Dit wil tog voorkom uit die verband of dit semanties dieselfde dyns- is.

Vir die AB-spreker is n wyl ("n rukkie") n archaïese vorm. Die woord terwyl is vir hom eenmorfemig. By IT11 is

in/onder die wyl (= ondertussen)

baie algemeen gebruiklik.

1.4 Die woord kloekmoedig is vir AB-sprekers òf n Nederlandisme òf n unieke komponent plus -moedig.

Dit gebeur egter dikwels dat sg. archaïese vorme dialekties lewendig bly. So bestaan die unieke (archaïese) komponent kloek- dialekties nog as woord.

Vgl. Die koring groei kloek
Die koring staan al kloek

(GW9)

1.5 In die Boland is dit gebruiklik om die woord mismoed soos volg te gebruik:

Dit gee n mens sommer mismoed X (elders: dit maak n mens sommer mismoedig).

Die mismoed staan wit in die blom (idiomaties vir : die moeilik- hede is volop).

Vir baie ander sprekers elders in die land bestaan mismoed- slegs in die kompositum mismoedig.

In die twee gevalle verskil die komponentverhouding dus.

<u>Boland</u>	<u>Elders</u>
mismoedig	mismoedig
mismoed -ig	mis - moedig
mis - moed	moed - ig ² .

1.6 Vir n sagte reën bestaan daar oor die hele taalgebied verskeie variante. Die frekwentstes is motreën, misreën, stuifreën.

(Vgl. ATA 4, 16).

Vir die AB-spreker is die mot- in motreën n unieke komponent.

(Vgl. De Villiers 1965.174)

Vir sekere sprekers kom twee of selfs al drie variante binne die- selfde woordveld voor (Vgl. De Klerk 1967.35).

N.a.v. <u>stuifreën</u>	die reën stuif (neer)
	dit stuif

kom die volgende nou voor:

dit mis (ww.)

dit mot (ww.)

1.7 Op ATA 7, 33 kom die vorm nooien voor as ekv. teenoor nooiens. Vir die nooi x nooiens-spreker bestaan nooien- slegs as allomorf van die stam nooi voor fleksie-uitgange. Vir hom lê hierdie "versteuring" op die volgende vlak:

ekv.	mv.	formans
	<u>nooien</u> -	<u>-en/s</u>
<u>nooien</u>		<u>-s</u>

n Soortgelyke geval is

kind
kinder-

Die AB-spreker sê:

die hoendertjies x n hoendertjie

maar nie

die kindertjies x *n kindertjie, nie.

Lg. kom frekwent voor by GR5.

1.8 Die voorkoms van n unieke komponent of onselfstandige stan as woord in n tweede dialek is nie so opvallend as wanneer n afleidingsmorfeem n woord-agtige voorkoms het nie, aangesien die afleidingsmorfeem eintlik slegs via die stam beteken.

Enkele affikse soos on-, -heid, -loos se betekenis is vooraf definieerbaar t.o.v. alle stamme waarmee hulle kan verbind. Dit is nie die geval met affikse soos -lik waar morfemiese homonimie voorkom nie. Semanties staan dier:dierlik nie soos lof : loflik nie.

1.8.1 In die Namakwaland word die prefiks on- dikwels selfstandig gebruik. Daar word bv. gesê:

Hy voel on. (= ongesteld)

Hy is on. (= omgekrap, < ontevrede(?))

p.97/.....Die

Die vraag ontstaan dadelik of ons hier met dieselfde on- te doen het as in ongelukkig, ongelowig, ens.

Die gebruik van
die weer is on

naas die AB:

dit is onweer
wil dit enigermate bevestig.

Andersyds sou n mens dit maar as n vorm van elliptiese taalgebruik moet beskou. Dit is inderdaad slegs moontlik om binne die gespreksituasie agter te kom wat on (semanties: nie) in die betrokke geval be-

teken:
ontuis
ongesond
ongelukkig
onvriendelik

1.8.2 Die suffiks -heid het die fonologies beskryfbare allomorf /x^əit/. Soms word dit stilisties aangewend buite die gewone klankomgewing, bv. moeilikheid. Binne hierdie verbreiding moet -geit eerder beskou word as n aparte suffiks.

In enige kompositum X plus -heid beteken -heid: substansie van X. Hierdie suffiks is ook grammaties eenduidig, aangesien hy net in die naamwoordkategorie voorkom.

-heid is dus "selfstandiger" as die meeste ander morfeme.

Hoewel die gebruik waarskynlik bewustelik stilisties is, kom die suffiks -geit in die Boland selfstandig voor in gevalle soos:

(n genoemde reeks)... en al die ander geite (x dinge)
wat se geit is dit? (x saak, ding).

n Soortgelyke geval tref ons aan in

dit klink vir my wan (IU 11.)

2. Vormopposisies X naas NUL

Hierdie tipe opposisie vind ons waar n aantoonbare morfeem in dialek A geen vormlike korrelaat in die woordvariant van dialek B het nie.

Uit die aard van die saak kan so iets makliker ontstaan by die sg. leë morwe of paramorfeme (De Groot 1964.19).

2.1 Ons tref sulke gevalle dan ook veral aan by die verbindingsmorfeme of skynverbindingsmorfeme van komposita:

armsorg x arnesorg
 badkamer x badskamer
 badwater x badswater
 boermense/-fees/-familie x boeremense/-fees/-familie
 boerwors x boerewors
 bokbaard x boksbaard
 diepbord x diebebord x diepebord
 druifkorrel x druiwekorrel
 duiwelbrood x duiwelsbrood
 houtbalie x houtebalie
 houtkooi x houtekooi
 mierhope (IV9) x miershope
 moedwillig x moedswillig
 oormôre x ooremôre (GW5)
 reg wys x regswys (n.a.v. kwanswys)
 somertyd x somerstyd
 verjaardag x verjaarsdag
 vlermuis x vlerremuis (KR11)
 winterhande x wintershande³.

Die toestand is hier hoegenaamd nie vas nie. Skrywer self sal nooit sê badskamer nie, maar daarteenoor sê hy afwisselend werkopdrag x werksopdrag.

2.2 Die nie-affektiewe buigingsuitgang -e by die attributiewe b.n.w. het geen grammatiese betekenisaspek nie; dit het bloot valensionele waarde⁴. Hiervan getuig die feit dat enkele woorde nie hierdie vormverandering toon nie.

n sterk man x die man is sterk

Die Taalkommissie (vgl. AWS.240) wil dat ons met n kompositum te doen het wanneer die te verwagte attributiewe -e in n gegewe geval nie voorkom nie. Ons wil nie hier op dié probleem ingaan nie, veral aangesien die sisteemnorme van een dialek nie op n ander oorgedra kan word nie. Ons enigste voorlopige aanduiding (totdat die betrokke woord se spreiding nagegaan is), is die 3 -- 2 toonkurwe. In enkele gevalle is die opposisie kompositum: woordgroep sigbaar:

die dorpslewe x dorplike lewe (LT3).

: hier het die analogie van huislike gewerk. Dorp het nie so n adjektiewiese teenhanger in die AB nie.

2.2.1 Soms kom die buigings-e nie in die AB voor nie, maar wel in die dialekte.

<u>AB</u>		<u>Dialekties</u>
bont koei	x	bonte koeie
donker aand	x	donkere aand
flou skynsel	x	floue skynsels
fris kind	x	frisse/friste kind
gelyk pad/gelyke kans	x	gelyke pad/kans
groot klip	x	grote klip
(n) hees sten	x	n hese sten
(n) lang/nat pad	x	n lange/natte pad
mooi kalwers	x	mooie kalwers
soet/stout	x	soete/stoute kinders
swaar vragte	x	sware vragte

2.2.2 Die omgekeerde word veral dialekties in Kaapland aangetref.

n agtelosige vent	x	n agtelosig vent
n dooie perd	x	n dooi perd (NWK)

p. 100/....., n flukse jong

n flukse jong	x	n fluks jong
egalige reën	x	eengaal reën (IUS)
die hele land	x	die heel land
n sekere ding	x	n seker ding
n slegte vent	x	n sleg vent (NWK)
n snaakse ding	x	n snaaks ding
n vierkantige klip	x	n vierkantig klip
n volle jaar	x	n vol jaar

Etlike interdialektiese variante kom in hierdie opsig voor;
vgl.

heeldag:

die hele dag x die heel dag.

Enkele voorbeelde is erfstukke uit die Nederlandse kanseltaal,
soos:

geestelike gebied	x	geestelik gebied
kerklike gebied	x	kerklik gebied
stigtelike byeenkoms	x	stigtelik byeenkoms

Hierdie verskynsel kom nie net by ou het-woorde voor nie;
bijeenkomst is vroulik.

3. Vormopposisies binne n kategorie

3.1 Histories beskou, het ons in Afrikaans enkele diminutiewe wat
synchronies nie meer as sodanig herken word nie. Gevolglik bestaan
daar dikwels nie minus-diminutiefmorfeem-korrelate nie.

Nietemin word vorme soos sok (x sokkie) en mand (GV7) naas
mandjie gehoor.

Die variante karmenaadjie/kernaadjie, ens. kom slegs in die vorm
plus "diminutiefsuffiks" voor. (Die woord is op een lyn te stel met n
soortgelyke verskynsel t.o.v. die meervoud by woorde soos masels, hurke,
husse, pampoentjies.)

By die Strand kom die variant kernaat (:kernaadjie) wel voor.

Hierdie gevalle is veral van belang omdat hulle in n gefossiliseerde kategorie voorkom. In baie dele van Kaapland is die enigste gebruiklike vorme erte en bone naas die algemene ertjies en boontjies.

Die omgekeerde, d.w.s. n "verdubbeling" van die verkleiningsuitgang is dialekties baie frekwent. Die semantiese aspek is dikwels n intensivering van die verkleining, bv.

	AB	Dialekties
kas	kassie	kassietjie
		blikkietjie
		boompietjie
		dansietjie
		dassietjie
		mensietjie
		stukkietjie

Soms is dit slegs n allomorfeïese opposisie /ci/x/ici/ naar spreker B ervaar dit as toutologies.

3.2 Die drie hoofkategorieë substantiewe in Afrikaans is eiename, soortname en massaname. Lg. se klasbetekenis is "nie-telbare dinge". Woorde in hierdie klas soos sand, water, room, melk, poeier, e.d.m. het geen morfologiese meervoudskorrelate nie.

Die oorgrote groep behoort egter tot die soortname wat wel n vormlike opposisie ekv. -mv. vertoon. Binne hierdie morfologiese kategorie bestaan daar heelwat dialektiese verskille.

3.2.1 Die vormlike opposisie by meervoudsvorme lê dikwels in die morfologiese verandering wat die stam ondergaan.

In die Boesmanland bestaan die woord mug (naas AB muggie: vgl. 3.1). In ooreenstemming met woorde soos brug, is die meevoud mûe.

Die opposisie mûe x muggies lê nou op twee vlakke.

Na n diminutief tree slegs die s-meervoud op, nie die -e nie. Die -e x -s staan dus nie sistemies teenoor mekaar nie, aangesien hulle morfologies komplementêr spreik.

By muggie kry ons geen allomorfiiese stam nie; dis

muggie + s

Die opposisie lyk daarom só:

A mug	x	mu -	-e
			s
B muggie	x	muggie-	-s
			-e

Soorgelyke gevalle ontstaan onder analogiese druk, bv.

voorskoot:

voorskoot-	-e
voorskooi-	

: binne die fonologiese patroon:

goed x goeie; histories: rood x rooi.

So ook:

meerkat x meerkaaië:

n.a.v. pad x paaië

Vgl. ook	<u>slot</u>	x	<u>e</u> :	<u>slotte</u>
	slooi-		e :	slooie

(GX13)

3.2.2 In die mv.-kategorie self bestaan die opposisies dikwels uit historiese tautologieë.

Verskeie taalkaarte in die ATA lewer ook hiervan bewys. Spreker A gebruik bv. n woord met n vormlike aspek wat spreker B ken as die morfologiese korrelaat van die meervoudskategorie, hoewel spreker A ekv. "bedoel".

Bv.	Dialek	Ekv.	Mv.
	A	opdraand	opdraans
	B	opdraans	opdraanse (Vgl. <u>ATA</u> 9,41)

Indien spreker A spreker B se opdraans hoor, verstaan hy "meervoud" (i.p.v. ekv.) en wanneer hy opdraanse hoor, ervaar hy opdraan-s -e, d.w.s. n "tautologiese" mv.

Soms ontstaan hierdie versteuring in die kommunikasie bloot toevallig. Dialekties wissel put bv. met puts: (Lg. vorm bestaan nog in die AB in die kompositum teerputs). By put x putse ervaar die put-spreker ook n soort toutologie.

Die konstruksie van n diasisteen by opposisies van hierdie aard toon die volgende patroon.

- i) A vy/vyg x vye
 B vye
 C vye x vyens (Vgl. ATA 5, 24)
- ii) A meul x meule/meulens
 B meule x meulens
 C meules x -
 meulens

By ii) C bestaan daar geen morfologiese meervoudskorrelaat nie.
 (ATA 2, 7)

- | | | Ekv. | | Mv. | | Toutologiese mv. | |
|------|---|-----------------|---|----------------|------------|---------------------|--|
| iii) | A | <u>ui</u> | x | <u>ui/uie</u> | | | |
| | | <hr/> | | | | | |
| | | uie/eiwe | x | | uies/eiwes | (<u>ATA</u> 5, 25) | |
| iv) | A | <u>nooi/noi</u> | x | nooiens/noiens | | (<u>ATA</u> 7, 33) | |
| | B | nooie | | | | | |

Hiernaas kom ander gevalle soos die volgende sporadies voor.

- bad x badde/baddes (IV9)
 baddens
- bui x buie/buiens (IP7)
- hoed x hoede/hoedens (interdialektiese variante)
- mied x miede/miedens (O.V.S./AB)

Soms is dit slegs n fonologiese verskil wat analogies ontstaan het, bv.

- brug x brugte (Bokkeveld).

Die wisselvorm reent x reën kom algemeen voor. Die meervoudsvorm reents (x reëns) is egter net by IV9 opgeteken.

Volgens medewerkers word vroeëre gebruiklike vorme soos

reëns, vrouense,

donkiese en kafferse

in die omgewing van die Kamiesberge tans nie meer onder Blankes gehoor nie.

3.2.3 n Besondere meervoudsvariasie word aangetref by die woorde

skaap x skape

bees x beeste

Hier het ons n soort "morfologiese sjibbolet" van die Noord-Kaap en Suid-Vrystaat. Hier bestaan geen meervoudskorrelaat vir hierdie twee woorde nie. Die volgende voorbeelde is kenmerkend van die gebruik:

ek boer met skaap/bees

n trop skaap/bees

n duisend skaap/hees

In die Suid-Vrystaat word soms gepraat van

n trop beeste

naas

n trop skaap. (IU3/4)

Slegs in enkele gevalle word gesê:

ek het twee skape geslag.

(Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan druk van die AB, aangesien dit nie konsekwent so voorkom nie.)

Dit is te betwyfel of hierdie gebruik saamhang met n anomalie in die morfologiese kategorie "meervoud". Volgens die gebruik van die twee woorde in naamwoordgroepe is dit eerder n oorgang van een sub-klas (by die naamwoord) na n volgende.

Skaap en bees kan in hierdie geval eerder as massanaamwoorde beskou word. Die gebruik is semanties op een lyn te stel met:

ek boer met koring x ek boer met skaap

n duisend sak (= omvangsnaam) x n duisend skaap

n honderd man.

Grammaties is die verbindbaarheid met hooftelwoorde buite die gewone sisteem. Vgl. die volgende.

n hoop sand (= ontvangsnaam + massanaam)
n hoop klere (= versamelnaam + soortnaam)

teenoor

n trop springbokke (alg. in NWK)
en
n trop skaap/bees.

3.3 Woorde wat morfologies eenvoudig is, is baie opvallend wanneer hulle vormlik verskil t.o.v. foneeminhoud.

Vgl. byn x by (IU8) - voors.
meen x mee (HR2) - voors.
toet x toe (IV9) - bw.
siet x sien
sowat x so iets/dergeliks (GW5)
: ek weet nie of daar sowat is nie;
sowat het ek nog nie gesien nie.

(Hierdie geval is opvallend omdat dit n leksikale variasie meebring in n eenledige klas.)

Die variasie mint x min het bv. gelei tot n sametrekking mintomeer (= min of meer) wat vir die AB-spreker ondeursigtig is.
(IR 1).

By werkwoordsvorme is dit dikwels die gevolg van historiese reste:

begin x beginne
bid x bidde
bind x binne
buig x buie
gebeur x gebeure
lyk x lyken: dit lyken vir my (KR11)
onder(skei) x skeie
ploeg x ploë
skeur x skeure

p.106/.....skud

skud x skudde
 terg x tère
 verf x verwe
 wei x weie
 word x wôre

Voorbeelde van hierdie tipe is volop en kom sporadies oor die hele land onder ouer sprekers voor. Die uitbreiding hiervan word sterk deur die skrifbeeld teëgewerk. Die wwe. op -e is veral kenmerkend van die Kaapse Middelland (Onderveld)⁵.

3.4 Die adjektiewe min, baie, goed vertoon onreëlmatig in die morfologiese vergelykingsreeks: -er, -ste.

Soms word n analogiese suffiks aan hierdie woorde gevoeg:

beterder, beste, ens.

Soms word n toutologiese komparasiemorfeem naas die sintaktiese vergelyking gebruik, bv.

meer beterder
 meer korterder

By MS3 en IU8 is gevalle aangetref waar semantiese verskille voorkom by

n beter man ("bekwamer, meer bedrewe")

naas

n goeier man ("gelowiger, karaktervoller").

Lg. gebruik hang saam met die algemene gebruik van

n goeie man

in die sin van n goedgeaarde, wellewende, altruïstiese persoon.

Komparasiesuffikse word in die NWK dikwels aangetref by nie-adjektiewiese stamme soos

opper
 affer
 sountoeder.

By IS4 is die vorm

die hoekste dropper (d.i. die binderpaal naaste aan die hoek) opgeteken.

In baie gevalle is die morfologiese vergelyking naas die sintaktiese vergelyking met min en baie nog baie onvas. Vgl.

onwaarskynlikste x mees onwaarskynlike

Oor die algemeen is hierdie "toutologies" eerder n sosiale as n territoriale verskynsel. Dit is aan die verdwyn onder die jonger geslag.

3.5 Dieselfde geld vir deelwoorde wat uitgaan op -eer (dikwels nie morfologies segmenteerbaar nie) of wat die prefikse be-, ge-, er-, ont- en ver- het. (By her- is daar blykbaar n sinchroniese "drift" aan die gang.) Histories het ons by hierdie prefikse te maak met eertydse morfeme wat perfektiewe semantiese aspek gedra het. Hulle word gevolglik nie voorafgegaan deur ge- nie.

Vorme soos

ge-begeer, ge-ervaar, ge-ontmoet, ge-verspeel

kom nietemin baie voor. Soos met die voorgaande korreleer hierdie vorme van taalgebruik nie met enige streek nie; eerder met belesenheid of geletterdheid.

Weens die analogiese druk van die veel groter ge- kategorie kom sulke "foute" soms voor ook in die spraak van ontwikkeldes.

Dit gebeur sporadies aan die Weskus dat die sg. "skeidbaar-saangestelde werkwoorde" nie deur -ge- geskei word nie, maar voorafgegaan word, bv.

ek het vinnig ge-omgedraai

ons het toe ge-afsaal/ge-uitspan.

Die gebruik is veral opvallend by die verbale vorm staan maak:

ons het die ding gestaanmaak.

Lg. kom meer verbreed in die Noordweste voor.

4. By baie vormlike opposisies is die rol van analogie baie opvallend. Soms is die morfiebou slegs deursigtig wanneer dialektiese woordvorme naas mekaar gestel en vergelyk word.

Vgl. bv.

1. plaas toe

2. plastoe (verkorting /a/)
3. blastoe (die /p x b/-wisseling)
4. lastoe (prokopee van /b/p/)

(Uitroep wanneer n koei stal toe gejaag word.)

Naas die vorm plaas toe hoor n mens in dieselfde gebied: plek toe.

Die woord plaas word dus nog herken as n ouer vorm van die woord plek.

Hierdie etimologiese deursigtigheid word nie aangetref by die meeste van die volgende gevalle nie.

4.1 Volgens dieselfde sametrekingsproses waarlangs voertsek ontstaan het uit voort sê ek, kry ons die volgende uitroepe:

roepsek (vgl. ATA 7, 31): roep sê ek!

haarsek: haar sê ek!

hotsek: hot sê ek!

rintsek: erin sê ek!

n Verdere analoë reeks is:

bokrin: bok er in!

boesrin: bees er in!

mofrin: mof er in!

skaprin: skaap er in!

Vir die meeste sprekers in hierdie gevalle eenmorfelig. In sulke gevalle kan volksetimologiese bewustheid van skynmorfene egter ontstaan. Een segsman (GW9) het die vorm bokkerin bv. verklaar as n "vloekwoord": bokker (:Eng. bugger) in.

Volksetimologie is basies niks anders as transsistematisering en valse analogie nie. Die identifisering van willekeurige foneemgroepe in eenmorfelige woorde het waarskynlik gelei tot die klankvormveranderinge by woorde soos:

amangels (: mangels) x amandels (IUS)

beteuteld (: betuel) x beteuterd (NWK)

heiding (: ding) x heiden (alg.)

Dit is moontlik dat velarisasie hier n rol gespeel het; vgl.

lantern x lantêring

lusern x lusêring

(Overberg)

klipseman (: klip, man) x klipsalamander (HW5)

kokkewiek (: wieke) x kokkewiet (ATA, 6, 30)

onkeurneut (: donker) x okkerneut

ondentlik (: on-, n.a.v. onnosel) x ordentlik/

oordentlik (IV12)

Die kontaminasie klotnot uit klein Hotnot het bv. onder kategoriele druk van woorde soos speelgoed, kleingood aanleiding gegee tot die vorming van klôgoed (= Hotnot-kleingood) (KU13).

4.2 Analogiese druk is duidelik in die volgende gevalle:

- i) ieder - iedere
elk - elkere (LT3)
- ii) gebod - gebooie
slot - slooie (HT3)
- iii) pad - patte : kat x katte
lied - liete : riet x riete
wind - winte : pint x pinte (Almal HR12).
- iv) buk - gebukkend
hurk - gehurkend (KU2)
- v) Die woord ander is morfologies eenvoudig. N.a.v. die -e in onder andere word deesdae dikwels n meervouds-e gehoor:
Andere (x ander) dink nie so nie.

By sand x sante: kant x kante bestaan n grammatiese steuring van n ander aard: sand (n massanaamwoord) het in die reël geen meervoud nie.

Dis interessant dat die morfonemiese wisseling t / d: hand x hande sonder enige klaarblyklike rede nie hier gewerk het nie.

p.110/.....Die

Die woorde liewers en liewerster wissel oor die hele land. Ons tref egter n analogiese uitbreiding van hierdie wisseling by

anders x anderster

êrens x êrenster

iewers x iewerster

nêrens x nêrenster

(Veral frekwent in die NWK.)

4.3 Hoewel dit heeltemal binne die woordbousisteen van Afrikaans val - vgl. sten x stenning; teel x teling - kry ons dialekties enkele analogiese komposita wat nie elders voorkom nie.

Na analogie van wei plus die substantiveerder -ing : weiding kry ons in die Kaapse binneland:

stanning (x staanplek (vir vee))

suiping (x suipplek /-geleentheid (vir vee))

n Verdere uitbreiding van hierdie reeks is deur Heiberg (1957:152) opgeteken in die visserstaal:

behoeding

bekommering

bestaning

pasopping

In die Boland is n vergelykbare vorm balling ook bekend (: "tot n bal genaakte-"), bv. n balling wasgoed.

Komposita buite die sisteem kom baie selde, hoewel tog enkele kere voor, bv.

verskoonsel x verskoning (HV9)

Op die vlakboustruktuur lyk dit in orde

verskoon (ww.) plus (-sel) n.a.v.

bak- + -sel : baksel

werp- + -sel : werpsel

p.111/.....Hier

Hier bestaan egter n semantiese weerstand. Substantiewe met hierdie bou het almal n semantiese aspek "kollektiwiteit" of "kwantiteit" wat nie hier van toepassing is nie. Vgl. ook laaisel x lading/vrag (IR6). Hierdie vorm val binne die sisteem bak + sel maar kom nie algemeen voor nie, aangesien hierdie reeks betreklik beperk is.

n Vergelykbare uitbreiding kom voor by die -te-suffiks. Nie-algemene vorme is met n asterisk gemerk.

eng x engte
 nou x noute
 *snalte
 berug x berugte
 *alleente
 *eensaante
 *arnte (: armoede)
 begeer x begeerte
 *jeukte
 vrekte (NWK)

Die reeks

op x *opte ("effense opdraand")
 af x *afte ("effense afdraand")

is by IS4 opgeteken. Hier bestaan n opposisie met morfologies eenvoudige teenhangers. Andersyds word n X naas NUL-opposisie aangetref by woorde soos

gevoelte
 respekte

4.4 Die twee suffikse -(ent)heid en -(ig)heid wat meestal opponeer met -heid in die AB kom sporadies oor die hele land voor. Aangesien dit nie skrifvorm is nie, korreleer die gebruik daarvan eerder met belesenheid/geletterdheid as met enige spesifieke spraaklandskap.

4.4.1 -entheid opponeer vormlik as geheel met die suffikse -ing, -te, en veral -heid. (Histories is die -en- afkomstig van die verbale vorm op -en : bedoelen + heid. Die -t- is meestal epenteties.)

pl12/.....Die

Die morfeengrens (met snit voor -heid) het egter vervaag en die analogiese druk het uitgegaan van -entheid sodat hierdie suffiks "in n beperkte mate in Afrikaans produktief geraak het" (Kempen s.j.353). Diachronies gesien, het hier dus n proses van metanalise plaasgevind (Vgl. De Villiers 1965.168).

By enkele gevalle waar hierdie proses werkbaar was, bestaan daar geen teenhanger nie. Enkele "-entheid"-vorme word dus as AB aanvaar. Hulle is o.a.:

bedorwen(d)heid
 belowen(d)heid
 besopen(d)heid
 verlore(n)dheid
 vermoën(d)heid
 volkome(n)dheid

Die vorme met epentetiese t is waarskynlik minder aanvaarbaar vanweë die sterker assosiasie met die dialektiese reeks.

By die volgende groep bestaan daar telkens n morfologiese opposisie met

i) -ing:

bedoelendheid x bedoeling
 ervarendheid x ervaring
 verbasendheid x verbasing
 verbelendheid x verbeelding
 vervelendheid x verveling

ii) -te/ste:

begerendheid x begeerte
 verlangendheid x verlangste (: eweneens dialekties)

iii) -heid:

benouendheid x benoudheid
 gearendheid x geaardheid
 gelerendheid x geleerdheid

iv) nul:

gevoelendheid x gevoel
 verkouendheid x verkoue

v) -e:

vertrouendheid x vertrouwe
verlangenheid x verlange⁶

(Die -e van verkoue het nie langer morfeemstatus nie).

4.4.2 -ig-heid:

Dieselfde verskynsel as by -endheid tref ons ook hier aan.

Etlike woorde soos soetigheid (in teenstelling met bv. haastigheid, koorsigheid) lewer met n onmiddellike-komponent analise probleme op. Die stam soet- is segmenteerbaar en die suffiks -heid is binne kategoriale verband herkenbaar, naar daar bestaan geen vrye morfeem soetig- nie. Derhalwe moet -ig- beskou word as behorende tot die suffiks -heid; dus -igheid.

Enkele van hierdie -igheid vorme bestaan as enigste AB vorm:

kleinigheid
lawwigheid
nattigheid
soetigheid
soutigheid
stoutigheid
voorsienigheid

By ander het n betekenisdifferensiëring ingetree t.o.v. die vorm sonder -ig(heid), bv.

malheid x malligheid

(: absurditeit/ongehoordheid) x (: verspotheid)
wat se malheid is dit?/wat se malligheid is dit?

Dialekties is hierdie -igheid-kategorie baie meer produktief.

Net soos by -endheid is dit eerder n sosiale as n regionale verskynsel.

Die -ig- opponeer in 'n X-naas-NUL-verhouding, aangesien die AB vorme in die volgende gevalle slegs stam + -heid is.

astrantigheid x astrantheid
 bangigheid x bangheid
 benoudigheid x benoudheid
 donnigheid x donheid
 gekkigheid x gekheid
 growwigheid x grofheid
 lannigheid x lanheid
 luiigheid x luiheid
 mooiigheid x mooiheid

In die volgende gevalle is daar ook opposisie by die stam:

(in die) gouigheid x haastigheid (AB)
 klarigheid x gereedheid

4.4.3 -e(nis) is 'n baie beperkte morfeemreeks. Tog het hier dialekties 'n mate van produktiwiteit ontstaan. Na analogie van woorde soos

beduidenis
 bekentenis
 bemoeienis

vind ons ook

aanstaltenis x aanstalte
 beloftenis x belofte
 besorgtenis x besorgdheid
 ellendenis x ellende/-igheid
 geaartenis x geardheid
 ongesteltenis x ongesteldheid

5. Opposisies by komposita

Vormlike opposisies by komposita wat meer as een stam bevat, is talryk in die ATA.

5.1 Die reeds genoemde voorbeeld (vgl. hfst. 1) van die stinkblaar (ATA 7, 34) kan nou weer in oënskou geneem word. Daar is reeds op

gewys dat n lineêre vergelyking van die variante: stinkolieboom, stinkolie, stinkboom, stinkblaar, stinkolieblaar, olieblaar, olieboom en olieblaarboom niks oplewer nie. Paradigmaties lyk die ooreenkomste soos volg:

stink	olie	boom
stink	olie	
stink		boom
stink		blaar
stink	olie	blaar
	olie	blaar
	olie	boom
	olie	blaar boom

Diasistemies vorm die variante vorm *stink/olie/blaar/boom. (D.w.s. al die variante kan saangestel word uit n keuse van die komponente in hierdie volgorde.)

Die omsetting van hierdie diasistemiese kompositum lyk s6:

boom
 boom (het) blare (ond. + oorg. ww. + voorw.)
 blare (het) olie (do.)
 olie stink (ond. + onoorg. ww.)
 Die twee groot opposisiegroepe is dus:

- a) -boom as kern (onderwerp)
 olieblaarboom

p.116/.....stinkolieboom

stinkolieboom
 olieboom
 stinkboom
 b) -blaar as kern (onderwerp)
 stinkolieblaar
 olieblaar
 stinkblaar
 stinkolie-

(Die verskillende sintaktiese verhoudings tussen die komponente hoort tuis in hoofstuk V, maar vanweë ander oorwegings word dit in hoofstuk VI bespreek.)

Wat hier van belang is, is die feit dat die komponent-blaar in een reeks variante die kern van die komposita vorm, terwyl dit in die eerste reeks in 'n voorwerpsverhouding tot die kern -boom staan.

Soortgelyke opposisies is talryk, vgl. .

<u>ATA</u> 1, 2:	<u>ATA</u> 4, 19:
bontkuifkop	varkoorblom/-lelie
kuifkop	varkoor
kuifvoël	varkblom
teenoor:	
kankoppie	varkblaar
kamvoëltjie	varklelie
kanduifie	

5.2 Kernopposisies is veral talryk waar die bepalingskomponente kaffer- boesman- kakie- duiwel- voorkom, bv.

kaffervink	boesmanpyle
kafferkoning	boesmangras
(<u>ATA</u> 4, 20)	(<u>ATA</u> 1, 3)
kakieklits	duiwelsvurk
kakiegras	duiwelskerwel
kakiebos	(<u>ATA</u> 1, 3)
(<u>ATA</u> 1, 3)	

Verskille van hierdie aard hang saam met naangewing en saak-onderskeidings wat van streek tot streek verskil. (Vgl. hfst. VI.)

Van meer belang in hierdie hoofstuk is die morfemiese status van komponente in dialektiese variante.

6. Morfeemverduistering

6.1 Dialekties tree daar dikwels n verduistering by morfologiese komponente in. Soms hang dit saam met die afsonderlike historiese verloop van twee variante; vgl. ATA 6, 26:

appel-der-liefde:

appelliepie - hier is -liepie n unieke komponent indien appel- nog as morfeem herkenbaar is; by apteliefde is die toestand presies omgekeerd.

Naas appelliefde waar daar slegs n morfologiese verdigting plaasgevind het, is vorme soos

happelliefte
apteliefte
affeliefie
apteliet

morfologies volkome ondeursigtig.

Fonetiese verandering bring dikwels net n verduistering van een komponent mee. Vgl. bv.

ATA 2, 9: roloppie x roltoe
rolletoe
roltoes
roldoes.

In hierdie geval is -does bv. nie transponeerbaar na -toe nie.

Soortgelyke gevalle tref ons aan by ATA 1, 4:

tong + blaar : tongblaar
- + blaar : tomblaar.

p.118/.....ATA 5, 22:

ATA 5, 22:

knie + halter + slag/knoop : kniehalterslag
 - + - + slag : knelterslag
 knalterslag.

ATA 1, 4:

mis + bredie : misbredie
 mis + - : misbrede
 misbrei

ATA 6, 29:

reën + voëltjie : reënvoëltjie
 - + voëltjie : reunsvoëltjie

Vir die koeksuster/-sisters-spreker is die vorm twee-morfemig. Dit is nie die geval by gosisters (vgl. ATA 7, 32) nie.

Sodanige morfologiese verduistering vind dikwels plaas om eufemistiese redes: hanepootdruie, kaalgaarperske. ATA 8, 39 lewer n goeie voorbeeld op. Naas vorme soos

tetsuiper
 borsbyter
 pransuier

vind ons die morfologies ondeursigtige vorm bramsuier.

6.2 By ATA 1, 3 het die ouer vorm kerwel (vgl. BN.356; HAT. 426) vergete geraak en het die volksetimologiese vorm -kêrel die grootste uitbreiding ondergaan.

Daarteenoor kan die onproduktiwiteit van volksetimologiese vorme daarvan unieke komponente in een dialek maak terwyl dit elders heeltemal onbekend is. Op ATA 1, 4 vind ons bv. die vorme

rooibeslein
 beespeslein (b x p-wisseling).

Hoewel die metaforiese verband nie duidelik is nie, is dit vermoedelik dieselfde beslein as die volksetimologiese vervorming van porselein. Vgl. BN.515; WAT 1,389.

n Soortgelyke unieke komponent doen hom voor op ATA 6, 29

ourooi (: oureool?)
 misourooi
 reënourooi.

Dialektiese kontaminasies lei dikwels tot n verduistering van die sintaktiese verband tussen komponente (vgl. hfst. VI). Dit wil voorkom asof sekere morfologiese verduisteringe ook met hierdie proses verband hou. Vgl. die vorme

kankopvoël/-duif
 kankoppie

 koekoek
 kakoek

op ATA 1, 2 met die ondeursigtige vorme koekampie.

6.3 Weens die beperkte spreiding en onproduktiwiteit van unieke komponente tree dialektiese vormverandering baie makliker hier in. Die foneeminhoud van sulke vorme toon dan ook heelwat variasie; vgl. bv.

bok-/bak-/boekweit/wiet.
 brand -netel/-nekel/-neukel.
 kasater-/kasade-/sjiavati-water
 knapse-kerwel/-kerwe/-kêrel
 moel-/moelie-/moel-voor
 orra-/orram-/orro-bok.

x x x x x x x x x x

SAMEVATTEND:

Dialektiese verskille op die morfologiese vlak toon geen deurgestruktureerde vormopposisies nie. Verskille kom voor by die individuele vorme binne n kategorie. Slegs by lae-frekwensie-vorme soos unieke komponente kom kategoriale verskille voor. Origens bestaan slegs analoë uitbreidings of uitbreidings van reekse binne n algemene kategorie. Die term "morfologie" is daarom in hierdie bespreking ietwat ruimer opgevat: benewens kategoriale verskille is ook ander verskille op die vlak van die woordbou behandel.

AANTEKENINGE

1. Hier het ook n semantiese verskuiwing ingetree:
 in'boorling - (gekleurde) persoon gebore in n bepaalde land.
 boorling - persoon gebore in n bepaalde streek, dorp
 (veral van toepassing op Blankes).

2. Diachronies beskou het ons waarskynlik hier te doen met n geval van Rückbildung. Die sinchroniese toestand blyk uit die analise verskillend te wees.

3. Dis n ope vraag of taalgebruikers nie dikwels die verbindingsmorfeem as "meervoud" ervaar in gevalle soos perdestal en hondehok (= hok vir honde) nie. Dit wil voorkom of dit die geval kan wees by:
 kalwershok
 hoendershok
 en
 beestekraal

4. In enkele gevalle het dit n betekenisdraende funksie aangeneem:
 skoon klere x skone kunste; sterk man x sterke derduiwel
 Posthumus (1968) beweer dat ons in enkele gevalle nog "stofadjektiewe" het en dat iets soos houtkooi (par. 2.1) op een lyn te stel is met:
 goue horlosie
 sye sakdoek
 porseleine beker
 Ons stel ons op die standpunt dat die houtkooi-spreker hier n verbindingsmorfeem ervaar, ongeag die status van die kompleks in die ander dialek.

5. Enkele gevalle kom so wyd verbreid voor dat albei gangbare AB vorme of interdialektiese variante is. Sulke gevalle is bv.
 skuif x skuiwe
 beloof x belowe

6. Kempen (s.j. 402 - 4) noem nog verskeie ander voorbeelde wat nie in ons nonster voorgekom het nie.

H O O F S T U K VSintaksis, logotaksis en formules

Weens die beperkte morfologie van Afrikaans is die sintaktiese struktuur, soos verwag kan word, baie vaster en meer kompleks. Dialektiese verskynsels in die Afrikaanse sintaksis raak daarom slegs die kleiner kategorieë. Verdere verskille kom slegs voor by individuele items wat anomalies binne hulle kategorieë is.

1. Woordklasverskille

Etlike woorde word dialekties in 'n woordsoortlike verband gebruik wat vreemd aan die AB is.

1.1 Afrikaans vertoon nog die meeste fleksie en leksikaal-grammatiese teenhangers¹ by die voornaamwoord.

1.1.1 Aangesien is nooit 'n oorganklike ww. is nie, kom die voorwerps-korrelaat hom van die persoonlike voornaamwoord hy nie na is voor nie:

dit is hy
 waar is hy?
 wie is hy?

Dialekties kom die vorm hom wel hier in die plek van hy voor. Terwyl is nie funksioneel verskil nie, beteken dit dat hom hier in 'n sinstruk optree waarin dit nie in die AB voorkom nie:

die hom
 dis hom daardie.

Naas

hy - hom - syne

kom ook voor

hy - hom - hom syne/se

Lg. is n sintaktiese kontaminasie van twee AB-vorme waarvan die spreidingsposisies mekaar uitsluit:

dis hom s'n/syne

n Verdere opposisie bestaan by die besitlike se wat in die AB slegs volg op naamwoorde:

Piet se/die man se/die motor se

By LT3 is opgeteken:

dis hom se kalf

Dit hang saam met die gebruik van man vir albei natuurlike geslagte (sexus) aangesien

*haar se.....

òf nie voorkom nie òf nie opgeteken is nie.

1.1.2 Die gebruik van man as ontvangsvoornaamwoord vir albei geslagte kom sporadies voor oor die hele land.

ons eet sommer twee, elke man

(Deur n vroulike informant gesê: EV16)

Hierdie gebruik van man kom vry algemeen voor in die uitdrukking

elke man moet vir homself sorg

(wanneer na gemengde geselskap verwys word, d.w.s. in opposisie met elkeen.)

In die omgewing van HS.11 word kêrels eweneens vir albei geslagte gebruik.

1.1.3 By die betreklike v.nw. kom die Nederlandse vorm

die man die

(x: die man wat)

nog hier en daar onder ou mense voor. Hier heers egter n stryd tussen sisteme aangesien die gebruik nie konsekwent is nie.

Na verneem word was hierdie gebruik n 30 of 40 jaar gelede nog baie frekwent in die Skiereiland en die Koup. Daarteenoor was

*die kind dat

nie gebruiklik nie.

Langs die Weskus word die verskynsel dikwels aangetref dat wie x wat as betreklike v.nw. gebruik word. Wie word gebruik m.b.t. persone en wat m.b.t. diere en dinge:

Die man wie daar loop...

Die hond wat daar loop....

So iets is ongrammaties binne die AB: wie kom in n vergelykbare verband slegs na voorsetsels voor:

die man aan/vir/deur wie....

of gevolg deur se:

die man wie se kind....

Dus:

AB onderwerp + voors. + wie/wie se

DIALEK onderwerp + wie

1.1.4 Omvangsname by die v.nw. het in die AB geen leksikale teenhanger nie. Naas

ek - my - my/myne

jy - jou - jou/joune

hy - hom - sy/syne

sy - haar - haar/hare

bestaan slegs

iemand - iemand

niemand - niemand

almal - almal

geeneen - geeneen, ens.

Dieselfde geld vir ons, julle en hulle in voorbepalingsposisies

ons huis

julle boeke

hulle kinders

Slegs na n koppelwerkwoord kry ons

(dit is) ons/julle/hulle s'n

Die inklusiewe gebruik van eiename plus hulle soos Piet-hulle kom nie in Nederlands voor nie hoewel dit reeds in Oud-Noors aangetref word². Hier word die eienaam se valensie vir se nie opgehef nie.

Dialekties kom sodanige valensie wel voor:

Jan-hulle motor x AB: Jan-hulle se motor. GX12.

In hierdie dialekvorm bestaan daar nou nie meer n direkte verband in die tyd tussen die eienaam en motor nie; gevolglik opponeer dit met die AB vorm waarin ons, julle en hulle nie n direkte verband met se aangaan nie.

Die gebruik van ons plus se om besitting aan te dui, was vroeër baie algemeen² - ook in die skriftelike taalgebruik (vgl. Onse Vader...).

Tans word dit deur die AB-spreker as toutologies aangevoel aangesien ons benewens in onderwerps- en voorwerpsposisies slegs as bepaler in naamwoordgroepe optree en as sodanig die semantiese aspek "besitlik t.o.v. kern" in hierdie spreidingsposisie dra.

Die voorkoms van

hulle se (huis)

julle se (huis)

u se

is nog betreklik frekwent in die Westelike Provinsie en in n mindere mate in Noord-Natal.

Die meer formele u het dialekties eweneens n valensie vir se en hulle wat in die AB slegs ten opsigte van naamwoorde voorkom:

u se(x AB: u)

u-hulle(x AB: julle/u)

Binne die opposisiepatroon is die verhouding dan:

AB: eienaam + hulle + se + s.nw.

dialekties: eienaam + hulle + s.nw.

AB: eienaam/soort-, massanaam + se

dialekties: voornaamwoord + se/naamwoord + se

AB : u

dialekties : u + se/-hulle

1.1.5 Eiename gaan besitlike voornaamwoorde nie direk vooraf in die AB nie. Dialekties bestaan daar nog spore van n ouer taal-laag waarin dit gebruiklik was, bv.

Maria haar moeder

(x: Maria se moeder).

Hierdie gebruik van haar in opposisie met se kom vry algemeen voor as skrifvorm onder die ouer skrywers, maar is tans nie meer gebruiklik nie behalwe onder baie ou mense.

Die ooreenkomstige gebruik van sy x se

Fiet sy plaas

(x: Piet se plaas)

moes selfs vroeër al verdwyn het. Landsweye opnames wat in 1938 gemaak is, toon slegs 5 opnamepunte (GV4, GW16, KU3, HU2, FV7) waar die verskynsel voorgekom het, terwyl dit in drie gevalle aangesit is as "raar".

1.2 In die AB het voorsetsels geen teenhangers in die werkwoordklas nie en verbind daarom ook nie met die sintaktiese paramorfeem ge- van die verlede deelwoord nie.

Voorsetsels kan ook agtersetsels wees, d.w.s. agter die naamwoord geplaas word:

op die bult

die bult op

p. 126/.....deur

deur die spruit
die spruit deur

Langs die Weskus en in groot dele van Namakwaland kom werkwoordelike gebruik van voorsetsels voor wat agtergeplaas kan word veral in die vorm van verlede deelwoorde:

hy het die bult ge-uit
hy het die berg ge-af
hy het die hoek ge-on
hy het die leer ge-op, ens.

Hoewel dit n hele opponerende struktuurpatroon vorm, is die ontwikkeling in hierdie rigting deursigtig.

jy moet by die hek uitgaan
jy moet uitgaan
jy moet uit.

Indien moet steeds aangevoel word as n modaal, beteken dit dat uit optree in die posisie van n hoofwerkwoord en is die verbinding met die konkordansiemorfeem ge- nie heeltenal vreemd nie.

1.3.1 n Soortgelyke uitbreiding van n bestaande kategorie is kenmerkend van die taalgebruik in die Groot Karoo hoewel die verskynsel so ver suid as KR 16 voorkom.

Dis binne die AB-sisteem om te sê:

Laat loop die bediendes
jy moet die bediendes laat loop

maak reg die dak
jy moet die dak reg maak.

Binne die bevelsinstruktuur het hier n sydelingse ontwikkeling³ plaasgevind (noontlik onder Engelse invloed):

laat/maak hom werk.

Dialekties het hierdie proses verder ontwikkel tot

maak die paal staan
 jy moet die paal staan maak
 staan maak die paal

maak die kind lê
 jy moet die kind lê maak
 lê maak die kind.

n Algemene vorm in die taal van rangeerders is

die trok is kortstaan getrek
 (= net n entjie getrek)

wat eweneens lyk asof dit binne hierdie reeks val.

1.3.2 By n verdere geval wat kenmerkend van genoemde streek is, moet n mens n sintaktiese kontaminasie in die sin se omsettingsgeskiedenis⁴ veronderstel:

ek val (NS₁ + WS₁) x my arm breek (NS₂ + WS₂)
 ek val my arm breek
 ek het my arm breek geval.

Hier tree val op binne die klas werkwoorde wat slegs oorganklik is indien die gesegde n uitbreidingskomplement bevat:

hy lê my van die bed af.

1.3.3 By

ek sal hom breek slaan
 (x: ek sal hom stukkend slaan)
 hy gooi (iets) breek
 (x: hy gooi (iets) stukkend)

het n verandering in die vlakbou ingetree sodat hierdie gevalle nie onsetbaar is tot n grondvorm nie. Hier moet n mens twee grondvorme veronderstel soos by

hy kap die paal in die grond in
 : hy kap die paal/die paal gaan in die grond in

D.w.s.

hy gooi iets/iets breek
 hy gooi iets breek.
 hy sal hom slaan/hy sal hom breek
 hy sal hom breek slaan.

Vgl. Ponelis (1967.71) vir die beskrywing van hierdie strukture by die beknopte bysin.

n Verdere geval tref ons aan by

steek die vuur brand
 hy sal hom brand steek

wat hier opponeer met die infinitief aan die + ww. in die AB-sisteen.
 (Vgl. Paardekooper 1966.16.)

1.3.4 n Verskynsel wat oor die hele taalgebied voorkom, is die opposisie

was x was gewees
 in gevalle soos
 die man was siek
 die man was siek gewees.

Hoewel beide sinsinhoude voltooidheid t.o.v.

die man is siek
 uitdruk, verskil was funksioneel in die twee gevalle.

In

die man was siek
 is was n koppelwerkwoord (+ adj. komplement) terwyl dit in die tweede geval n hulpww. van tyd t.o.v. die hoofvorm gewees is.

Albei vorme kom in die skrif voor. Dit wil egter voorkom asof die vorm was (koppelww.) die oorhand begin kry. Hier bestaan nietemin n stryd tussen sisteme en beide vorms word soms afwisselend deur een spreker gebruik.

Binne die algemene was.....gewees-sisteen word dié twee werkwoordsvorme altyd deur die onderwerp geskei na die voorlopige onderwerp daar, bv.

daar was vyftig mense gewees.

By GW 9 en IP4 is gevalle opgeteken waar die onderwerp deur gewees voorafgegaan word:

daar was toe gewees dertig rebelle

daar was vroeër gewees baie wild in hierdie wêreld.

Hierdie voorwerpsplasing is waarskynlik ook toe te skryf aan die druk van die was-sisteen:

daar was dertig rebelle.

1.4.1 In die joernalistieke taal van die afgelope paar jaar word die woord dood dikwels as oorganklike werkwoord gebruik:

hy dood sy teenstander

hy het hom gedood

In die gesproke AB word dood egter slegs adjektiewies en partisipiaal gebruik:

hy is dood

hy is gedood (= is dood gemaak)

In Namakwaland en SWA word dood dikwels as oorganklike werkwoord gebruik in opposisie met die AB gestarf, gevrek, bv.

ek dood as dit my moet oorkom

die beste/skape het gedood met die droogte

ek voel of ek kan dood

In SWA is die gebruik van dood as oorganklike ww. (x maak dood) baie algemeen, bv.

hy dood die ongedierte

hy het hom gedood

By IS10 is die idiomatiese uitdrukking

hy dood onder die blinkende armoed

(= hy kry swaar omdat hy hom ryker voordoen as wat hy is)

opgeteken.

1.4.2 In die AB is werkwoorde soos kuier en verlang nie-oorganklik ten opsigte van n direkte voorwerp, hulle gaan slegs voorsetselvoorwerpe vooraf. In die omgewing van HP16 en IP4 word dikwels gehoor:

ons kom julle kuier
ek verlang die kinders

n Uitbreiding hiervan word gevind by die verbale gebruik van jaloers en bang waarvoor die AB slegs adjektiewiese teenhangers het. (Vgl. par. 1.5.5.)

ek jaloers jou
ek bang dit nie.

Laasgenoemde gebruik is algemeen in die "slang" van Transvaalse skoolkinders.

n Soortgelyke vorm wat betreklik frekvent in die hele Noordweste voorkom is

dit donker vinnig (: dit word vinnig donker).

Vir die AB-spreker bestaan lyk (ww.) slegs as koppelwerkwoord. Die oorganklike gebruik van lyk

ek lyk dit
is frekvent in die Noordweste. Dit is egter nie dieselfde lyk as die koppelwerkwoord nie. Dis baie waarskynlik n transposisie van die Engels like.

1.5 Enkele woorde word dialekties dikwels in n woordklasverband aangetref wat vreemd is aan die AB. Hier volg enkele voorbeelde.

1.5.1

die hele beeste was in die tuin
(x: al die beeste....) HT3
my hele hande is besmeer
(x: albei my hande is besmeer) HT14.

Die woord hele behoort tot n periferele klas adjektiewe (wat net twee lede omvat: hele en volle) wat miskien omvangsbepalers genoem kan word. Hulle verskil van telwoorde daarin dat hulle nie in die naamwoordgroep verbind met meervoudsvorme nie

Dus: die hele bees

p.131/.....maar

maar nie

*die hele beeste nie.

By bg. AB-vorm

al die beeste....

tree al op as n omvangsvoorwoord. Sintakties het al die teen -
hangers alles en almal wat in n tangkonstruksie saam met die naamwoord
optree

al die kos is gaar

die kos is alles gaar

al die mense is tuis

die mense is almal tuis

Die dialektiese gebruik van heel in

die pad is heel geteer (Namakwaland)

toon n verskuiwing van heel wat met al saamval; dit hou verband met
die vroeëre gebruik

al dwaal ek heel die wêreld rond

("O, Boereplaas" - F.A.K.)

nl.

*heel die pad is geteer

die pad is heel geteer.

1.5.2

dit laat my n disnis voel

HV9.

(x AB:..... is disnis
disnis slaan)

Opposisie: s.nw. : b.nw./bw.

1.5.3

jy gee my mismoed

(x AB: jy maak my mismoedig)

Opposisie: s.nw.: bw.

Hier bestaan ook n morfologiese opposisie wat in hfst. IV bespreek
is.

- 1.5.4 hy is invalied (= bedlêend) HUS
 (x AB: hy is n invalide)

Na n koppelwerkwoord word die lidwoord voor n naamwoordkomplement dikwels weggelaat, bv.

hy is onderwyser x hy is n onderwyser.

Die vorm invalied x invaliede val egter buite die sosiolektale gebruiksfleer van vergelykbare wisselings soos

alkaloïed x alkaloïde

bromied x bromide

Opposisie: b.nw. : s.nw.

1.5.5

ek jaloers jou HS11
 (x AB: is jaloers op/beny)

Opposisie: ww. b.nw.

1.5.6 Die woord sies bestaan in die AB slegs as tussenwerpsel.

By FV15 is die vorm ver-sies as oorganklike ww. opgeteken,

hy ver-sies die hele spul
 (d.i.: maak n genors daarvan)

Dis besonder interessant aangesien tussenwerpsels morfologies eenvoudig is; nie in woordgroepe optree nie en boonop nooit as kern van n sinstuk nie.

By LR2 is n soortgelyke geval teëgekorn:

ek vernaar my
 (d.i.: word naar/hewig ontsteld)

In die AB het naar geen werkwoordelike teenhanger nie.

1.5.7 Na die gebruik van mot en mis as onpersoonlike werkwoorde is in hoofstuk IV in morfologiese verband verwys.

- 1.5.8 die honde brak
 (d.i. kef) HU7.

Opposisie: ww. : s.nw.

In die AB word die woord brak pejoratief gebruik vir die saak "hond". Die woord tree nie buite die s.nw.-groep op nie.

1.5.9 In die AB bestaan die woord baster slegs as s.nw. In die NWK word die woord baie frekwent as intensiveerder of graadwoord gebruik as teenhanger van woorde soos nogal, betreklik, bv.

ek het baster baie werk vandag

ek het baster lus om....

dis baster mooi,

ens.

1.6 Ons onderskei in Afrikaans tussen die beknopte infinitief en die lang infinitief:

te + ww. en om te + ww.

Sekere wwe. soos

verdien, weier, eis, leer, oefen, uitstel

verbind nie

met die beknopte infinitief nie.

Ander soos

hoef, behoort, durf,

kombineer nie met die lang infinitief

nie.

By LT 3 is dikwels n uiteenplasing gevind soos

ons begin te blokke maak

Iets soos

ons begin te werk

is gebruiklik in die AB, hoewel n AB gebruiksgesval hier eerder

ons begin om blokke te maak

of: ons begin blokke maak

sou wees.

Die opposisie bestaan egter daarin dat die te en ww. nie deur n nie-verbale vorm skeibaar is in die AB nie.

Die modale partikel te (vgl. Ponelis 1967) word hier nog as hulpww. aanvoel.

- 1.7 n Bekende opposisie by die ww. bestaan by
 had x het gehad
 bv. hy het n perd gehad
 hy had n perd.

Aangesien hierdie verskynsel saamhang met die verdwyning van tempora in Afrikaans, word hierdie verskynsel as n ouer taallaag oor (waarskynlik) die hele taalgebied aangetref. Weens die druk van die skrifvorm is dit vinnig aan die verdwyn.

In n enkele geval is n kontaminasievorm opgeteken
 ek had gehad (KT14)

wat dui op n stryd tussen sisteme.

Andersyds is n verdere nivellering te bemerk in gevalle soos die volgende wat sporadies langs die Weskus voorkom:

voertsek, jy het gehet jou kos
 ons het al baie swaar gehet.

Archaïse Ablautwisselinge wat nog by sommige van die ouer skrywers voorkom soos
 gedaan x gedoen

(vgl. Eugène Marais: /"....wat alle ander soldate ... dadelik gedaan het", Die koningin in haar sel) is nie in ons monster opgeteken nie. Moontlik het die Nederlandse skryftradisie hier groter invloed gehad as die bestaan van sulke vorme in die spreektaal.

Volgens Heiberg (1957.35) kom ablautsvorme soos

sloeg
 smeeet
 sprong
 vloog

nog frekwent in die visserstaal voor. Waar ons sulke vorme teëgekomen het, word hulle stilisties aangewend met die betekenisaspek "intensivering van die handeling":

hy het hom nie geslaan nie; hy het hom behoorlik gesloeg.
 (FW5)

ek vloog toe daar weg
 (: ek het baie haastig/skielik gee pad) (FX6)

Vroeëre opnames (30 jaar gelede) toon n betreklike frekwente voorkoms van kon naas het geken:

ek het hom goed geken

ek kon hom goed.

Dit het klaarblyklik ontstaan deur n vereenselwiging van ken met die modale kan x kon. Volgens getuienis was kan as dialektiese wisselvorm van ken vroeër baie algemeen.

Gegewens hieroor bestaan ongelukkig net vir Transvaal - vgl. kaart nr.2. Verskille binne die grammatika nivelleer egter baie vinnig waar n geografiese patroon soos hierdie aangetref word. Sover ons kennis strek, bestaan hierdie gebruik van kon nie meer nie.

2. Valensionele verskille

2.1 In die klas hoofwerkwoorde het lede geen valensie vir lede van hulle eie klas nie.

Dit kom wel voor in dele van die Noordweste (hoewel dit deesdae al minder onder Blankes gehoor word) dat twee hoofwerkwoorde in opposisie met die hendiadys-konstruksie van die AB gebruik word:

wat sit speel jy nog?

(x AB: ... sit en speel)

wat lê loop jy hier rond?

(n.a.v. lê en speel

lees

loop)

Vir die AB-spreker bestaan daar ook n logotaktiese weerstand by iets soos lê loop.

Hoewel hierdie konstruksie blykbaar aan die verdwyn is, word dit tog nog sporadies oor n groot gebied aangetref.

dis mense wat son-uit nog lê slaap (HS11)

ons sit rook hier onder die wingerd (IT8)

die koring staan verdroog (IT9)

die meid staan stryk (IS16)

n Verlede deelwoordsvorm met ge- soos

*ons het gesit rook

is nêrens in ons monster teëgekome nie. Dit is slegs teëgekome by gestaanmaak wat nie n analoë konstruksie is nie.

Die ouer ww. + te + ww. naas die gewone hendiadys-konstruksie is net by IS 4 opgeteken:

ons het net gesit te eet toe

ons sit te wag nog op die uitslag.

2.2 n Verdere opvallende verskynsel in die Noordweste is die herhaling van die voorsetsel in

Dit is iets wat ook in die AB voorkom:

ek loop in die huis in.

maar hierdie "agtersetsels" volg slegs op werkwoorde van beweging. Hier bestaan n semantiese weerstand teen die gebruik van

ek woon in die Karoo in

..in die pan in gebraai

ons hou die water in n tenk in

die skaap is in die kraal in.

n Vergelykbare verskynsel is by IU9, GV2, GU6, HS8, en KT13 opgeteken. Volgens getuienis was dit vroeër vry algemeen in die Noordweste. Dit raak die voorsetsel-agtersetsel-konstruksie by die werkwoorde loop, slaan, en draai in gebruiksevalle soos

ons loop met die pad saam

hy slaan hulle met n sambok saam

die pad draai met die rivier saam

Binne die AB-sisteem bestaan daar blykbaar n idiolektiese volgordeverskil:

ek gaan saam met hom

ek gaan met hom saam,

Hoewel lg. histories ouer is, (vgl. ook Nederlands:

hij ging met hem mee)

bestaan die gebruiksoorwig blykbaar by die saam....met-konstruksie.

In die geselskapsbetekenis van hierdie konstruksie bestaan die genoemde idiolektiese wisseling. Die dialektiese met die pad saam

dui op n semantiese plasing in die derde kategorie, nl. plekbetekenis:

van die dak af
teen die wind in

In hierdie kategorie kom met....saam nie in die AB voor nie. Dialekties kom met....saam wel as n uitbreiding in hierdie kategorie voor in die geval

die pad draai met die rivier saam
 in teenstelling met die AB

met.....langs
 al.....langs

2.3 n Sintaktiese kontaminasievorm binne die vlakbou wat by KR16 opgeteken is, is

ons sit daar sit en gesels
 ons staan daar staan en praat
 uit: ons staan daar (en gesels)
 ons staan en gesels.

2.4 Die gebruik van nee by ontkenningssinne soos

nee, ek doen dit nie,
 is gebruiklik in die AB

By KT14 is dit gebruiklik om enige ontkenningse sin wat benadruk word, af te sluit met nee:

ek doen dit nie, nee
 ek sal nie, nee
 hy kan nooit nie, nee.

Weens die beperkte spreiding van nee in die AB kan dit slegs op grond van die betekenis as n ontkenningwoord beskou word. In bg. geval vorm dit struktureel n klas saam met nè:

jy sal mos nie, nè

en kan dit as n versterkende ontkenningwoord beskou word.

2.5.1 n Vaste groep wat kenmerkend van die Groot Karoo is, is

jare vroeër
(x AB: jare gelede)

Benewens die semantiese uitbreiding wat hier plaasgevind het, het n volgordeverskuiwing ingetree. Komparatiewe en superlatiewe tree slegs voorbepalend op in die AB òf hulle volg op koppelwe. Hier tree vroeër nabepalend op soos n bw.:

die kinders daar
die mense buite.

By LT3 is ook gevind dat die superlatief met die onbepaalde lidwoord n verbind:

n neureker is n vuilste ding
daarlangs is n fraaiste plek.

In die AB het n slegs n valensie vir die eerste twee trappe.

2.5.2 In SWA kom die vaste groep so by so dikwels voor, bv.

jy sal dit so by so moet doen
(d.i.: in elk geval, buitendien.)

Indien die taalkontaksituasie in ag geneem word, wil dit voorkom asof dit n transposisie van die Duits so wie so is.

2.6 By die werkwoordgroep kom heelwat dialektiese variasie voor.

2.6.1 In die AB-sisteem bestaan die sintaktiese valensie het....ge- slegs by n konstruksie hulpww.....hoofwerkwoord.

Indien daar n skakelwerkwoord voorkom, het nòg die skakelww. nòg die hoofww. n prefiks ge-; vgl.

ek het gekom
naas: het probeer werk
het gaan haal
het begin oefen, ens.

Diasistemies kry ons die volgende struktuur

AB: hulpww. + skakelww. + hoofww.

Dialek A: hulpww. + ge=skakelww. + hoofww.

B: hulpww. + skakelww. + ge=hoofww.

in die volgende gevalle:

- A: hy het dit gegaan neersit (IP 4)
 sy het koffie gegaan skink (IP 4)
 toe ek na die skaap geloop kyk het (IT 5)
- B: hulle het die skuit loop weggebring
 hulle het die trolnet loop reggemaak.

(Volgens Heiberg 1957.265).

Dit is opvallend dat loop as skakelww. baie frekwenter is as gaan in die NWK.

Naas:

het gaan slaap/speel/werk, ens.

word meestal gehoor

het loop slaap/speel/werk.

2.6.2 In die AB-sisteen word die volgende paradigmatische reeks aangetref by modale:

is	was	wees
het		
wil	wou	
sal	sou	
kan	kon	
mag	(mog)	
moet	moes	
word		
durf		
behoort		
hoef		

Die vorm mog is archaïes en word net onder die ouer geslag gehoor.

Daarteenoor bestaan die teenhangers sou, kon, moes van sal, kan, moet dialekties dikwels nie.

Hierdie verskynsel is nie gelokaliseer nie en kom sporadies oor die hele land voor.

Naas sou, kon, moes word gehoor:

sal/kan/moet/ + ge - ww. + het

bv. hy sou kon/gekom het

hy sal gekom het

hy kon(nie)kom(nie)

hy kan nie gekom het nie

hy moes kon/gekom het

hy moet gekom het

By hierdie dialektiese vorme ontbreek die modaliteitsaspek "onsekerheid".

2.6.3 In naamwoordsposisie kan sowel die ge + ww. of n gesubstantiveerde ww. + ery optree, bv.

die gestaan maak my moeg

die stanery maak my moeg

Kontaminasievorme soos

gestanery, gehuilery, gelopery, gespelery, gemorsery kom eweneens sporadies oor die hele land voor.

2.7 Woordgroepkontaminasies kom baie min voor waar daar kongruensie binne die groep gestig word.

2.7.1 n Kenmerk van die kerngroep adjektiewe is hulle verbinding met te en genoeg:

te mooi

mooi genoeg

Die sintaktiese sametrekking

tekleingoeters

wat algemeen in die Namakwaland voorkom, is heel ongewoon aangesien die groep te klein elders net predikatief gebruik word.

Die vorm besondere wat landswyd voorkom, lyk ook na n epentetiese invoeging van s op grond van die para-morfeem -s in

iets besonders
n besondere -

2.8 Die analitiese karakter van die dialekspreker se sintaksis is gewoonlik baie opvallend. In die meeste gevalle bring dit nie n strukturele opposisie met die AB-sisteen mee nie.

2.8.1 Parenthesis is baie frekvent naas betreklike bysinne

Daar kom toe n man - hy ry met n Beaufort-kar - en
hy sê vir my.....(IU8)

2.8.2 Proleptiese sinstukverhoudinge is ewe frekvent:

maar die bobbejane, soos n klonp skaap straal hulle langs
die berg af.....(IT5)

2.8.3 Dieselfde psigiese antisipasie is baie merkbaar by verbale vorme:

Werk, werk ek nie meer nie, nee (LT3)

Heiberg (1957.78) het n baie hoë frekwensie van hierdie vorme in die visserstaal teëgekron:

suip, suip hulle net
kla, kla ons nie
vloek, vloek ek nie,
ens.

2.8.4 By betreklike bysinne is die waar + voorsetselkomponent skaars. Die oorwig is by wat.....voorsetsel:

dis nog dieselfde stoel wat oorle vaar altyd op gesit het....
(EV16)

Die vormverandering by

tot....(waar) toe	
vir	voor
met	mee

kom min voor.

2.8.5 n Verdere baie frekwente verskynsel is die vooropstelling van n direkte voorwerp

dassies skiet ons by die honderde
(IT 11)

Soms hou dit verband met n ouer gesplete-naamwoordstuk-konstruksie:

groente plant ons baie (HV7)
(x: ons plant baie groente)

Vgl. Wij noenden deselve de oliphants Revier, door dien daar menig vuldig oliphanten moeten wesen door de Paden en andere tekenen die wij menig vuldig vonden.

(Dagregister van Francois de Cuiper;
vgl. Van der Merwe 1964.187.)

2.8.6 n Verskynsel wat hon sporadies oor die hele land voordoer, is dat daar geen "bysinvolgorde" aangetref word na onderskikkende of bywoordelike voegwoorde nie:

hulle weet te vertel dat die plaas kan net vyf honderd
skaap dra.....(IU3)

ek moes toe oorgee omdat ek sou toe doodbloei (GV9)

Volgens Heiberg (1957.230) kon hierdie verskynsel baie dikwels voor na omdat en aangesien in die visserstaal.

x x x x x x x x x x x x x x x x x x

3. Logotaktiese verskille

Benewens sy sintaktiese sisteem het elke taal n unieke "innere Form" of logotaktiese⁵ sisteem. Hierna word dikwels verwys as die idioom van die taal. Dit is veral opvallend by sg. "letterlike vertalings" en gevalle van taalbeïnvloeding, bv. Anglismes in Afrikaans.

n Sekere aanbod word in sisteem A anders gemaak as in sisteem B hoewel daar geen grammatiese weerstand teen n soortgelyke aanbod bestaan nie.

Na aanleiding van sy hipotetiese voorbeeld
de vek blakte de mukken
vervolg Reichling (1962.77):

De grammatiesh systematiek is outonoom - eigenwettelijk - in zoverre zij fungeert afgezien van elke individuele lexicale betekenis van de gebruikte woorden van de betreffende taal.

Die "individuele lexicale betekenis" berus egter op n konvensie wat van taalgemeenskap tot taalgemeenskap kan verskil. Dialekties gebeur dit nou dat n woord X in dialek A n toepassingsmoontlikheid mag hê wat dit nie in dialek B het nie. Dit bring sintaktiese implikasies mee, aangesien sekere individuele leksikale items n direkte semantiese verband met mekaar aangaan in dialek A, maar nie in dialek B nie terwyl daar geen weerstand op die vlak van die paradigmatische betekenis is nie.

Dit volg nie op n "logiese" weerstand tussen woorde se semantiese verhoudingsmoontlikhede nie. Daarvan getuig gevalle soos

harde water
rooi beeste
blou stofwolk

en die talle sinestetiese en oksimoron-konstruksies soos

wit geraas; rooi woede
hartseer-bly; bitter-soet.

Logotaksis is deel van die taalgebruikskonvensie wat meermale net uit n historiese verband blyk. Ons praat bv. van koeëlrond (omgeset: so rond soos n koeël) terwyl koeëls tans nie neer rond is nie.

Kortom: n besondere woord se betekenis lê beperkinge op sy sintaktiese gebruik. Vgl.

ek raak opgewonde/die kos raak klaar
ek word opgewonde/*die kos word klaar

Die geykte voorbeeld ter illustrasie is

dood gaan x *mal gaan.

Vir Engels geld hier net die omgekeerde, d.w.s. n ander konvensie.

Versteurings op logotaktiese vlak is veral talryk by taalkontak-situasies. (Vgl. Beeton 1968.)

Die probleem i.v.m. die semantiese aspek van woorde is ook waarneembaar op morfologiese vlak. Naas benoorde en besuide kom *be-ooste en *be-weste nie voor nie. By komposita kry ons gevalle soos beesmelk x koeimelk, maar nie bokmelk x *ooimelk nie.

Konvensionaliteit en arbitrariteit is twee begrippe wat mekaar negatief definieer in die Taalkunde. Hoewel logotaktiese verskille nie sistematies is nie en bloot toevallig is, is hulle dialekties belangrik aangesien hulle verskillende konvensies veronderstel⁶.

3.1 Logotaktiese verskille by die werkwoord

boer

die skape boer
(=het geslagsverkeer) IS10

Binne die AB-konvensie word boer slegs gebruik n.b.t. mense. Die semantiese skakel is duidelik in

ons boer vooruit

af trek

die skaap word afgetrek SWA
(x AB: word afgeslag)

brand

brand my pyp IR7
(x AB: steek my pyp aan
steek my pyp aan die brand)

gooi

die gousblon gooi kniehoog HRI2
(x AB:staan/groei kniehoog)
hy gooi lê HPI6
(x AB : hy is lui/traag)

knoop

knoop die draad vas
(x AB: maak/bind die draad vas)
knoop die perd aan die paal vas
(x AB: maak die perd aan die paal vas) KR5

kon

dit kom reën HV9
(x AB: dit gaan reën)

By HS3 is opgeteken:

dit gaan kon reën
 wat die vermoede versterk dat bg. n
 kontaminasie is van

dit gaan reën
 die reën kon.

kry ek het snaaks gekry IR7

(x AB: ek het snaaks gevoel
 ek het lag gekry)

ontskiet

dit het my ontskiet/ontskoot IS4

(x AB: dit het my ontgaan)

Hierdie vorm bestaan as antoniniese teenhanger vir
 dit skiet my te binne.

onwettig

die kind is onwettig

(x AB: die kind is stout) S. en O. Tvl.

oorhang

Die uitdrukking kos oorhang dateer uit die tyd toe kos
 letterlik aan n driepoot oor n oop vuur gehang is. Met die verdwyning
 van dié gebruik is die vorm oorgedra op die veranderde saak:

kos opsit

kos gaar maak

Meer resent is die oordraging

kos op die vuur sit

terwyl n elektriese stoof gebruik word.

Oordragings van hierdie aard is kenmerkend by migrasies. Be-
 kende woorde word op nuwe sake toegepas. Dit blyk duidelik uit n
 vergelyking van die Nederlandse en Afrikaanse woorde (of hulle ekwiva-
 lente); wolf, tier, eland, ens.

Met die ontstaan van spoeldiamantdelwerye in SA is bestaande
 landbousterme op dié bedryf oorgedra. So praat delwers van delwersgrond

wat swaar trek, skraal of arn is, ons.

raak

dit moet gemaak raak IT5
 (x AB: dit moet (gemaak)/gedoen word)
 die kinders raak groot LT3
 (x AB: die kinders word groot)

sit

die koppie sit op die rak HT14
 (x AB: die koppie staan op die rak)
 kan ons n bankie sit?
 (Namakwaland)
 (x AB: kan ons opsit?)

In SWA is dit ook gebruiklik om te sê
 die graaf sit teen die boom
 (x AB: die graaf staan teen die boom)

Die oorganklike gebruik van sit is baie beperk in Afrikaans.

Dit is waarskynlik n elisieform van op n bankie.

hy sit klein (NWK)
 (= hy ry nie goed(perd)nie.)

staan

sy staan al vier maande lank HS11
 (= is al vier maande swanger)

toeslaan

die skape se wol begin toeslaan IR11
 (= die skape se wol begin groei)

val

die blomme het al geval (Namakwaland)
 (= die blomme is nie meer so mooi nie)

Dis te betwyfel of hierdie val met (af-)val verband hou. Die semantiese inhoud stem eerder ooreen met wat die AB-spreker met verval sou weergee.

3.2 Logotaktiese verskille by die s.nw.

bars

daar is bars in die pos

daar is bars aan die kom IU5

(x AB: daar is moeilikheid aan die kom)

kleintyd

van die kleintyd af

in die kleintyd (NMK)

(x AB: van kleins af
in die kinderdae)

Hierdie gebruik toon in die Noordweste n verdere uitbreiding
by vorme soos

voortyd

droogtetyd

somers/winterstyd, ens.

lyf

dis Piet se lyf self wat hier aankom

(x AB: dis Piet self)

sy voorlyf is kaal

(x AB: sy bolyf is kaal) IP4

sê

ek het hom ingesê

(= geskrobbeer, sleg gesê)

Hier het ons moontlik te doen met n kontaminasie van
ingevlie + sleg gesê.

toemis

die toemis hang swaar vanmôre/dis vandag weer toemis IR11

(x AB: dis n digte/swaar mis)

3.3 Logotaktiese verskille by die b.nw.

bedompig

hy is bedompig

(= hy is kwaad) HR11

bouvallig

sy gesig lyk bouvallig

(= sy gesig vertoon tekens van siekte/swaarkry/ouderdom)

SWA

gaar

Hoewel die AB-spreker praat van

rou rieme

rou wonde

rou bakstene

staan rou nie antonimies teenoor gaar in sulke gevalle nie.

Oor groot gedeeltes van Kaapland word een of meer van die volgende gehoor

die rieme is gaar

dis gaar rieme

die leer is gaar gebrei

gebukkend

die tyd is gebukkend IS1

(= dit gaan sleg)

oulik

die gesaaide is oulik (NWK)

(= nog nie heeltemal groot nie)

privaat

die skoene is privaat (< profaat)

(= gehawend)

(Opgeteken onder Angola-Afrikaners.)

Hier het ons egter al met n ander woord as die AB privaat te doen. Vir hierdie sprekers bestaan daar egter n semantiese skakel "nie gepas, bedoel vir die openbaar nie".

Die woord profaat het vroeër frekvent voorgekom as teenhanger vir agterlik. Die verswakking in die vokaal het gelei tot n verbandlegging met n heel ander woord.

p.149/....troewel/

troewel

die plek is troewel HR11

(x AB: die plek is deurmekaar)

uitgeryg

hy is uitgeryg IR14

(= ongewild)

Hierdie gebruik hang moontlik saam met die AB-vorm

hy is uitgebak

(= nie langer gewild nie).

wyle

Vir die AB-spreker gaan wyle slegs eiename (semanties: persoonsname) vooraf:

wyle Pieter Coetzee

wyle mnr. X

Dialekties kom die vorme

wyle my pappie

wyle my broer

ens. voor.

Dit is verder opvallend omdat wyle se spreiding uniek is onder die adjektiewe m.b.t. buiteboukenmerke.

n droë/kaal koppie koffie/tee

d.i. koffie of tee sonder iets om daarby te eet. KU6.

3.4 Logotaktiese verskille by die bw. (groep)

ek staan man te min

(x AB :man alleen)_(NWK)

Hier bestaan ook n grammatiese steurnis. te en genoeg verbind soos volg met adjektiewe:

te min

min genoeg

In beide gevalle moet die s.nw. volg of die b.nw. met n koppelww. voorafgaan

ek is....sterk genoeg

mans

Die bw. groep man te min val dus benewens logotakties (genoeg: te min) ook sintakties buite die gewone sisteem.

Dit wil voorkom of man te min antonimies vir mans genoeg gebruik word. Dit beteken dat die -s (histories n partitiewe genitief) as meervoudsmorfeem geïnterpreteer word.

mans genoeg x genoeg mans.

die ketting breek op vier af

(= die ketting breek regoor die vierde os af.) KT14

n Meer algemene gebruik tref ons aan by die gebruik om na osse in hulle trekposisies te verwys as

die hot-op-ses

die haar-op-vier

die moer is dol gedraai

(= die draad is beskadig) FW7

Vir die meeste AB-sprekers bestaan dol daarbenewens slegs as b.nw.

hy gaan dol te kere

word nietemin landswyd gehoor.

jy kom/loop wyd

(= jy praat nie reguit nie) KT9

In die AB is

jy loop wye draaie

wel gebruiklik, maar nie m.b.t. kom nie.

die koring groei kloek

(= baie mooi/na wense) (Gantoos)

hy is dik verkeerd

(= baie verkeerd/kwaad) HX15

3.5 Partikels

ek weet nie as dit so is nie

(x AB: ek weet nie of dit so is nie)

Vir die AB-spreker is as altyd n onderskikkende voegwoord en of in die meeste gevalle n newskikkende voegwoord.

Hierdie dialektiese as is nie vervangbaar met wanneer x indien soos in die AB nie.

Logotaktiese verskille ontstaan dikwels op die indiwiduele stylvlak. Mettertyd raak die vorme egter geyk en word dit n konvensie in beperkte kring. Logotaktiese kombinasies verskil daarom ook sosiolekties. Dit is veral opvallend in die campus-taal van studente. Die verskil bestaan daarin dat dit n mode-aanwending binne die sosiolek is. Vernuwning vind hier teen n geweldige tempo plaas. Daarteenoor is logotaktiese vorme binne die dialek gebonde aan die normale tempo van verandering wat vir die betrokke taal op enige gegewe tydstop geld.

Hiervandaan kan sulke verskynsels natuurlik uitbrei, maar nie volgens die patroon van gewone uitstraling nie. Buite die milieu van die sosiolek skakel die spreker oor na n ander stylvlak.

Die volgende lys bevat n klompie voorbeelde van logotaktiese konstruksies wat verskil van die AB soos gebesig deur studente in Transvaal.

ek breek my

: lag my n papie

ek fokus dit

: ek begryp dit

hy gooi drama

: hy probeer n goeie indruk (kunsmatig) maak.

hy kop dit nie

: hy begryp dit nie

(Hier bestaan ook n woordklasopposisie s.nw.: ww.)

iemand is oop/toe

: iemand is vlug/swaar van begrip

hy pos hom

: hy duik hom (in voetbal)

hulle vang gees

: hulle raak geesdriftig

hy vang graad

: hy ontvang/behaal n graad

hy sleep n nooi

: hy neem n nooi uit

hy stamp n toets

: hy druipe n toets

Hierdie gevalle dui op n interessante stilistiese variasie in die taal wat ewenwel van min belang is aangesien die lewensduur van hierdie vorme nie baie lank is nie.

4. Idiomatiese verskille

"Spreekwoorde" of idiomatiese uitdrukkinge verskil van gewone sinne aangesien hulle in n mindere of meerdere mate n formule- karakter het (Vgl. Jespersen 1963⁹.18)

Net soos die woord is idiomatiese uitdrukkinge deel van die taal se arsenaal. As eenhede bestaan hulle vir taalgebruik en kom nie soos sinne eers in die taalgebruik tot stand nie.

Verder verskil idiomatiese uitdrukkinge van gewone sinne in twee opsigte wat die taalgebruiksituasie betref.

- a) Die semantiese inhoud van n sin is slegs interpreteerbaar binne n bepaalde taalgebruiksituasie. By idiomatiese uitdrukkinge word meermale n konvensionele situasie veronderstel.

Wanneer iemand sê:

in die land van die blindes is Eenoog

koning word daar inderdaad nie van die saak "blinde mense" gepraat nie. n Saakaanbod X word dus gedoen wat toepasbaar is op die huidige gespreksituasie. (Vgl. De Groot 1964.35.)
D.w.s. n woord A noem n saak A;

die saak A word binne n bepaalde situasie gelyk gestel aan n saak B.

Idiomatiese uitdrukkinge het dus n metaforiese karakter.

- b) Metaforiese strukture word beperk deur die individuele woordbetekenis en die konvensionele oordeel. D.w.s. die metaforiese verband kan slegs bestaan t.o.v. die konjunkte betekenistoepassing van toepassingsmoontlikhede waaroor die woord reeds beskik. In die tweede plek kan n metafoor soos

hy is n aap

nie dieselfde betekenis in n kultuur (bv. Indië) waar die aap n heilige dier is nie.

Benewens die konvensie t.o.v. die woordgebruik (betekenis) bestaan daar ook n konvensie t.o.v. die saak.

Kortom: idiomatiese uitdrukkinge word net soos woorde as taaleenhede aangeleer en nie as taalgebruikseenhede nie. Dialekties verskil hierdie formules namate die besondere sosiale konvensies verskil. Binne n omsettingsverband is hierdie verskynsel ook opvallend by komposita. Vgl. ATA 6, 28.

(n dik sny brood):

hotnotshomp

herdersporsie

skaapwagtersny

bokwagtersny

beeswagtersny

hanskloppersny

uitslaapsny

Die volgende lys idiomatiese uitdrukkinge is, sover ons kennis strek, beperk tot sekere streke en nie landswyd bekend nie. Aangesien hierdie inligting nie sistematies ingewin kon word nie, is dit nie bekend in watter streke n bepaalde idiomatiese formule oral voorkom nie. Ons verwysings dui daarom slegs op opnamepunte en nie op die geografiese verspreiding nie.

Ons lys is gerieflikheidshalwe tematies gerangskik.

4.1 Hofmakery en troue

In die voorhuis grootgemaak en in die kombuis getroud

: gesê van n lid van n deftige gesin wat benede haar stand trou. IU7

Dis nie n kombersliefde nie

: dis nie n verhouding wat op n huwelik sal uitloop nie.

KR10

Hy vreet in n ander se spaarveld

: hy kuier by iemand anders se nooi. FV15

Hy het likkewaan gery

: hy het vir n nooi gaan kuier en toe iemand anders daar aangetref. EW12

Die jakkals het in die dam gerol

: die liefde het afgekoel IV14

Sy het getrou soos n weglê-hen

: gesê van iemand wat stilletjies of in die geheim trou.

IS10

Deur die wingerd loop en die kromste loot sny

: baie uitsoekerig wees en ten slotte n swak huwelik doen.

KR13

Sif tot jy met die semels sit

- selfde as vorige.

Iemand is spierwit op die bleik

: die persoon se kop is vol muisneste. FX14

As jy n boontjie is, kook almal van jou sop.

: as n man trou wat voorheen rond en bont vlerk gesleep

het, het almal iets te sê. FV14

Sy is al stompoor gemerk

: gesê van n vrou wat al dikwels getroud was. FW6.

4.2 Leuens

Hy het die hond begrawe maar die stert steek uit

: hy vertel n deursigtige leuen. FW16

Leef op jou rente en teer op jou kapitaal

: gesê van iemand wat hom ryk voordoen terwyl hy arm is.

LR2

4.3 Persoonlike voorkoms

Iemand het n rokkie/hempie uitgetrek

: gesê van iemand wat gewig verloor het. GV6

Sy het n pampoer onder die voorskoot

: sy is swanger. IR6

Die duiwel se rygnaald

: gesê van n baie maer persoon (KR14)

Iemand lyk soos n wildewragtag op n ganna geënt

: gesê van n baie lelike of verwaarloosde persoon. IU9

Iemand is onduidelik

: iemand is lelik. KT3

Hy loop tou-in-die-bek

: sy maag hang oor sy lyfband. LR2

Sy asem brand

: gesê van n persoon met onaangename asemreuk.

HX13

Hy kort n skoffel

: Sy hare moet gesny word. HX13

Hy is groen afgepluk

: hy is baie kort/klein. NWK

Lelik is nie mooi nie, selfs nie in oorlogstyd nie

: gesê van n baie lelike persoon. GW1

Sondag is langer as Maandag

: gesê van n vrou wie se onderrok uithang. KU6

Vir n swart vy word hoog in die boom geklim

: gesê ter verdediging van n blas persoon. LR2

4.4 Werk

My rieme is dertien

: ek het te veel werk om te behartig. IU7

Jy sal hom nie met n ligterhout roer nie

: gesê van n baie lui persoon. HX1

Die spook loop

: dit is betaaldag. FW13

Hy het weer laasnag gebul

: gesê van n plaaswerker wat vermoedelik sonder rede van die werk af wegbly. Krl2

Hy kou met albei kakebene

: hy doen twee dinge gelyk. HV8

4.5 Oordele

Wolf se sak vol bokderms

: gesê van iemand wat trots is op iets waardeloos

GV6

Iemand se trane sit vlak

: gesê van iemand wat maklik huil. GV6

Iemand is n bokmakierie

: gesê van n kwaadstoker. GU12

n Sleghalter

: n niksnuts . KR6

Hy is n dubbele dikvel

: n erg onbeskofte persoon

n Sagte dokter maak stinkende wonde

: n mens moet ferm optree om die kwaad uit te roei.

HV8

Iemand is n briek en n baksteen

: n staatmaker. KT13

Hy is alkant skerp

: bekwaam. KT13

Iemand is so uitgedy soos wit rys

: uifers verwaard. KT13

Sy tande is nie kros (< karos) nie

: hy glimlag voortdurend SWA

Iemand is doringskof

: onvriendelik SWA

Hy sit hom ver neer

: hy is afsydig HR11

Sy skeur die almanak af

: gesê van iemand wat haar jonger voordoen as wat sy
werklik is. KR15

Sy agtertuie is deurgesleep

: Sy verlede is nie onbesproke nie. Moot

Ou kardoos en klein kardoos

: gesê van twee persone wat kop in een mus is.

Iemand is uitgeryg

: ongewild. GV16

Hy het Jantjie se baadjie aan

: hy is jaloers. GV10

Sy ploeg loop vlak

: gesê van n oppervlakkige persoon. IR12

Hy sorg vir die motte

: gesê van n suinige persoon. KT1

Hy is Rooms

: lastig. KV6

Iemand is n kruid der onkruid

: n volslae niksnuts. GV7

Hy is n boedelparasiet

: gesê van iemand wat op n ander se inkomste leef.

GU12

4.6 Swaarkry

Dit gaan haks en taks. GV13

Dit gaan onder in die emmer. IR7

Die ellende staan wit in die blom. FV15

Hy kry dit hotrood. Langkloof

Waar die wal die laagste is, loop dit die gouste oor
 : in n moeilike tyd kry arm mense eerste swaar.

FW4

3.7 Werkswyse

Kontant verklaar

: prontuit sê. HV9

Iets is oor die breë klip deurgebrei

: dit is stadig gedoen. KR12

Koffie deur die vlak jaag

: uit die piering drink. HU6

Iemand/iets met die haakkierie vang

: met kort kennisgewing bereik. KT2

Agter die kap van die byl kom

: presies uitvind. HU7

: op n veilige afstand bly. IR12

Liederewys eet

: staan-staan eet. HS8

Stof maak met n ander se wind

: met n ander se kalwers ploeg. NWk

3.8 Dood

Die blou vink wink

: iemand lê op sterwe. HP16

Sy kloue trek toe

: hy is sterwend. HP16

Iemand is onder die grondkometers

: begrawe. HT14

3.9 Varia

Juk jou allejeetjie?

: waarom so kriewelrig? HS11

Hy het vir die vyfde pootjie van die afval betaal

: hy is verkul. KR15

n Mens gaap nie teen n bakoond nie

: jy stry nie met jou meerderes nie. KR14

n Stuk sny

: n storie vertel. NWK

Die koeie loop in die brand

: die koffie is swart. GW7

Gansbeen staan

: m.b.t. vrou - swanger wees

: m.b.t. man - in die knyp wees

(n gans se "lê" sak soms uit en dan loop hy wydsbeen en met moeite.)

GW4

Spiering gooi (om kabeljou te vang)

: iemand probeer uitlok. KU16

n Wors het twee punte

: elke saak het twee kante. GV2

Op die beeswagter se tafel

: op die grond. KT9

Wat weet n kat van sy geraamte

:n aap van godsdien. NWK

Die ark het oopgegaan

: baie gaste het opgedaag. FV7

Ons twee het mekaar se broek vasgemaak

:was saam klein. GW16

p.160/.....Daar

Daar het n swart perd oor die oond gespring
: die brood het verbrand. FU16

Soek vlooië in jou eie neus
: bemoei jou met jou eie sake. FU16

3.10 "Volks"-metonemia

Die voorkoms van eiename in idiomatiese uitdrukkings is talryk. In byna elke streek hoor n mens iets soos:

hy is n Kromhout/Coetzee/Swart

n.a.v. n oorheersende kenmerk van n besondere gesin/familie in die streek met dié naam.

Soms reik so iets ver terug in die geskiedenis, bv. jakopewer-oë (< Jakob Evertsen - oë)

In die Noord-Vrystaat word na n agterlike persoon as n appel-dammer verwys. Deur volksetimologie het hier al distorsie plaasgevind. Die woord kom van Abels Dam (er) oorspronklik n plaas in die distrik van Bothaville.

Op verskeie plekke in die land hoor n mens

hy het van Koerland/Blokland, ens. se vleis geëet

wanneer van n lui persoon gepraat word. Hierdie name word in die betrokke streke tradisioneel gebruik vir n lui os.

AANTEKENINGE

1. Woorde soos hy x hom kan selfs nie binne die raamwerk van "discontinuous morphemes" (Hockett 1964.171) anders beskou word as verskillende woorde wat grammaties komplementêr sprei nie.
2. Uit n sinchroniese oogpunt is dit nie moontlik om te sê of onse in onse mense of onse Vader n verboë vorm van ons is en of dit ons se is nie.
3. D.w.s. n verdere uitbreiding buite die kern van die groep; vgl. Quirk 1965.
4. Ons gebruik die term omsetting eerder as transformasie buite die aksiomatiek van die generatiewe grammatika. Vgl. die voorgestelde lys transformasionele terme van Ponelis in Taalfasette 6.
5. Hierdie term moet nie met die sg. "logistiek" verwar word nie. (Vgl. De Groot 1964.64/5.). Dit gaan nie hier daarom of n woordgroep n semantiese kombinasie vorm wat op n nuwe saakeenheid dui nie, maar of die betekenis van twee of meer woorde hoegenaamd kombinatories voorkom.
6. Whorf (1966) se hele teorie kom neer op n uitbouing van hierdie waarneming in n wyer kulturele verband. In die opstel On the connection of ideas (op cit., p.35 - 39) wys hy op die verband tussen die vrye assosiasie en die konvensionele assosiasie.

H O O F S T U K VIDie Leksikon

Die opvallendste en omvangrykste verskille in Afrikaans word binne die leksikon aangetref. Leksikale verskille is sowel kwalitatief as kwantitatief t.o.v. woordvorm en betekenis.

Die samstelling van die Afrikaanse woordeskat was een van die vroegste fokuspunte van die Afrikaanse taalwetenskap. Boshoff (1921) se uitmuntende studie het verlede jaar gekulmineer in die publikasie van Afrikaanse Etimologieë (in medewerking met G.S. Nienaber). Ofskoon talle Afrikaanse woordeboeke (verklarend en vertalend) oor die jare verskyn het, en daar sedert 1926 aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) gewerk word, is daar nog geen omvattende teoretiese studie oor die Afrikaanse leksikon aangepak nie.

Die meeste woordeboeke van groter omvang hou ook rekening met territoriaal-bepaalde of "gewestelike" woorde. Ons beperk ons daarom tot dié woorde wat in ons korpus voorgekom het in die mate wat hulle nie elders beskryf is nie.

1. Woorde wat kenmerkend van n bepaalde streek is

Dialekties word baie woorde aangetref wat nie in opposisie met n bepaalde AB-vorm staan nie. Indien dialek A n woord X bevat wat nie in dialek B voorkom nie, word die betrokke saak in dialek B òf anders benoem (bv. deur n woordgroepbepaling) òf met n woord wat sinonimies is met die betrokke woord X in dialek A. Dit gaan dus hier om die kwantitatiewe besetting binne n bepaalde woordveld. Hierdie verskynsel word gewoonlik die NUL-faktor genoem.

Dit geld nie van woorde wat in n sekere streek onbekend is (vgl. ATA 1, 3; 3, 12; 3, 13; 3, 14; 4, 20; 5, 21) omdat die betrokke saak in die streek onbekend is nie. Dit is o.i. n metodologiese fout wat Von Wielligh (1925) deurgaans begaan het. Woorde soos garingboom, kiepersol, maroela, naboom, noorsdoring is nie kenmerkend

van die taalgebruik van n bepaalde streek nie, omdat die sake wat deur hierdie woorde benoem word, nie oral bekend is nie. Dieselfde geld van leenwoorde waar die kontaksituasie geografies beperk is. (Vgl. kaart nr. 8.)

1.1 Woorde met n geografies-beperkte gebruik

Die volgende woorde wat in ons korpus voorgekom het, is nie landswyd bekend nie. Op grond van die kartografiese beeld van die ATA wat in hoofstuk II bespreek is, kan vermoed word dat hierdie woorde ook geen digte aaneenlopende gebied vorm nie. Verwysings dui daarom slegs op opnamepunte.

afgesenfel

KR 14.

b.nw. - uitgeput, afgemat, afgesloof

aroesa

HR 11. Vgl. BN. 140.

beuk

KR 10. Vgl. BN. 163.

diariks

IU 4.

: s.nw. - paniekerigheid, vreesbevangenheid.

- moenie die diariks kry nie -

diewejool

W. Tvl.

: s.nw. - (in die) war

- ek is die diewejool in -

Vgl. BN. 210: dubbeljoe

dikkedensie

FW 14. Vgl. BN. 199.

dusketyd

GV 9. Vgl. BN. 211.

duurbaar

LT 3.

: b.nw. - mooi, voortreflik
 - dit is n duurbare plek -

eenspaierig

HV 7. Vgl. BN. 213.

Ens (deurgaans genasaleer)

KR 11

: ww. - waardeer, op prys stel
 - hy ens niks wat jy vir hom doen nie -
 Vgl. ook BN. 219.

fielekomis

Namakwaland.

Vgl. WAT 2.282: fielekomet

fletter

NWK.

: ww. - skoert, gee pad
 - skeldwoord: gaan fletter.
 Vgl. HAT. 169; WAT 2.709

gespanspok

KR 14

: b.nw. - moeg, afgemat
 Vgl. HAT .806: spaansbok

gomtras

GV 4

Vgl. WAT 3.351 : gomtros.

henerom

KU 6.

: bw. - heen en terug (: wederom)
 - hulle is henerom dorp toe -

hits

KV 10

: s.nw. - die rooiwit gloed van n warm yster
 Vgl. HAT .302 : hitsig

katot

IR 7. Vgl. BN. 345.

Koerang/boerang

KR 6.

b.nw. - agterlik, eenvoudig
- hulle is boerang mense -

koerie

HP 16.

: ww. - (aan n been) kou.

koeroegat

HS 3

: s.nw. - gat in klipbank waarin reënwater bly staan.
In hierdie geval het daar blykbaar n betekenisoordraging
plaasgevind; vgl. BN. 225.

koetjak(maker)

KT 2.

: s.nw. - grap(maker)

kraster

HS 4.

: b.nw. - pronkerig, windmakerig.
- hy is weer kraster vanmôre -
Vgl. HAT .479: gesond, lewendig.
- hy is nog kras vir sy ouderdom -

leberig

HS 6.

: b.nw. - slap, pap, onvas.
- die pap is leberig -
Vgl. HAT .500 : leb(be)

letel

FV 15.

: b.nw. - los, rammelend, ratelend.
- die wa se wiele is letel -

liemaak

IS 10.

: ww. - gekskeer, spot.

lie het vroeër frekwent voorgekom as eufemistiese vorm van lieg en hou verband met kammalielies.

Vgl. BN. 390.

mies

HT 10.

: modale wd. - immers, ten minste, net.

- as jy my mies gesê het.....

moek-moek

Namakwaland.

: bw. - byna, amper.

- hy het die trein so moek-moek nie gehaal nie -

mouk

FW 14.

: b.nw./s.nw. - (betreffende) n slegte perd.

- die perd is mouk/n mouk -

mnteneer

FW 14.

: ww. - versorg, onderhou

- hy kan nog nie n vrou mnteneer nie -

naringstaar

FK 6.

: s.nw. - n aartappelstoel wat klaar gedra het.

ongansIR 16. Vgl. HAT .589.ongegineerd

IV 9 : b.nw. ongepoets, onbeskof.

ongesinneerd

HT 3 : b.nw. ongepoets, onbeskof.

onkantig

GV 7.

: b.nw. : stuitig, oormoedig.

Vgl. BN.460 : onkantig m.b.t. n "persoon wat moeilik is om mee klaar te kon".

onsonsig

FW 15.

: b.nw. - ongehoord, onbesonne

opgeknikker

S. Vrystaat.

: b.nw. - deftig aangetrek, fyn uitgevat.

ottestots

KT 13

B.nw. - oulik, ouderwets

- die kind word nou te ottestots -

oudertous

IR 7. Vgl. HAT .626

pekaaiier

KR 11.

: s.nw. - astrante persoon.

petiek

KT 14.

: s.nw. - spul, klomp

- die hele petiek het opgedaag -

pier

NWK.

: ww. - verkul. Vgl. BN. 498.

piesam-passam

KT 13

: ww. - drentel, draal, niks uitvoer nie.

- jy het die hele oggend gepiesam-passam en nou is die werk nie klaar nie -

poer

FW 14.

: s.nw. - n snoep en aserige persoon.

Vgl. BN, 509.

prinie

LT 4. Vgl. BN. 520.

pruut

IP 4.

: b.nw. - netjies, oulik.

- die seuntjie lyk pruut in sy nuwe pakkie -

(Vgl. Ndl. : leuk)rammenas

IS 10. Vgl. VD .777

rapats/kapatsIS 10. Vgl. HAT. 680.

FW 14 : b.nw. - stuitig

- die dogter word rapats/rapatjierig -

ravot/revot

OVS. Vgl. BN. 533.

reuselKS 2. Vgl. HAT. 698.setiel

GW 5.

: b.nw. - onbruikbaar, ongeskik

- die lap is te setiel vir n melkdoek -

sito-sito

LT 3. Vgl. BN.577.

skaggery

IV 11.

: s.nw. - tergery, gepla.

Moontlik van die Duits: Schäkerei.

skrynerig

HS 6. Vgl. HAT . 775.

slobber

GW 4. Vgl. HAT. 787.

sou/souerig

HS 6. Vgl. BN. 607.

splinakend

LR 4. Vgl. BN. 611; spleinakend

sprokkels

IR 7

: s.nw. - groepies, klompies.

- die skaap wei in sprokkels -

Vgl. HAT .818: sprokkel (ww.). Dis te betwyfel of hier

enige semantiese skakel is.

stoets

FV 4. Vgl. BN .618; HAT .842.

strawwasie

LR 4. Vgl. BN .621; HAT .849.

swaal/skwaal

KU 16.

s.nw. - n klomp, groot groep.

- n hele skwaal mense het opgedaag -

trens

NWK.

: ww. - draal, slenter

- moenie agter my aan trens nie -

turnult/trumult

NWK.

: s.nw. - rumoer, geraas

Moontlik n kontaminasie van rumoer en turnult

vadsig

Langkloof.

b.nw. - lui, sleg, verslons.

Vgl. HAT .936.Verboeps

NWK.

Vgl. BN .679 : verboek; HAT .953.verjoeka

FW 14

: ww./b.nw. - stukkend, onklaar (maak)

- jy verjoeka die ding -

- die windpomp is verjoeka -

vernindal

IS 10. Vgl. BN .682.

1.2 Woordveldverdigting en noukeuriger saakonderskeiding

n Spreker se kwantitatiewe beheersing van die geheelsisteem se leksikon hang af van die aantal sosiolekte waaraan hy deelneem en die behoefte aan saakonderskeiding en benoeming wat in sy bepaalde milieu bestaan.

By landelike dialekte vind n mens op onomastiese vlak n baie groter aktiewe woordeskat onder die sprekers as wat in die AB-spreektaal aangetref word. D.w.s. die betrokke netwerk in die woordveld is baie digter in die dialek as in die AB. Hierdie kwantitatiewe opposisies staan in die verhouding X naas X, X₁, X₂..... Die volgende voorbeelde kan dien om hierdie beginsel te illustreer:

by x by:

geelby

wysby/wysnes

hommelby/kapaterby

malkopby

motby

p.170/.....vlieg

vlieg	x	vlieg:	steekvlieg
			norsvlieg
			perdevlieg
			blouvlieg
(n) bietjie	x	bietjie:	titseltjie
			knypie
			grypie
			(bietjie/meer/nog meer/nog meer)
akkedis	x	akkedis:	dikdy (groot soort)
			veldversleg
			dikmakê (groot soort met harde skubbe)
			tiekelielie (klein soort)
sneeu	x	sneeu:	sneeu (yshael)
			kapok (vlokkies)
			(Eng.: <u>snow</u> x <u>sleet</u>)
uintjie	x	uintjie:	bobbejaanuintjie
			patrysuuintjie
			sanduintjie
			swartuintjie
stomp	x	stomp:	stoets (stomp en hakerig)
beskuit	x	beskuit:	grofbeskuit
			mosbeskuit
			hopbeskuit
			krakelinge

Die taalsisteem is altyd adekwaat ten opsigte van die besproke wêreld van die sprekers. Die geografiese milieu van n dialek (veral fauna en flora) het daarom n groot invloed op kwantitatiewe verskille van hierdie aard.

1.3 Naamgewing en metaforiese benoeming

Die omvang van n bepaalde dialek se leksikon is nie direk eweredig met die behoefte aan saakonderskeiding nie. Daar bestaan nl. ook die beginsel van kombinatoriese simbolisasie (Reichling 1965.53). Die talle toepassingsmoontlikhede van n bepaalde woord kan beperk word deur die sintagmatiese verband waarin dit voorkom.

Die woord oë se betekenis word bv. beperk in die woordgroep rooi gehuilde oë.

In hierdie geval dui oë nie meer op enige saak "oë" nie.

n Besondere aspek van die nul-faktor is dat hierdie presisering t.o.v. die saak dikwels in een dialek d.m.v. n woordgroep verkry word, terwyl dit in n tweede dialek met n enkele woord benoem kan word. Naas iets soos rooi gehuilde oë bestaan n samestelling perske-oë (HS 11).

In hierdie proses speel metaforiek n baie groot rol, d.w.s. die beginsel van ekonomie in die taal word gehandhaaf deur beweeglike simbolisasie (Reichling, loc. cit.): n woord word toegepas op n saak waarop dit normaalweg nie van toepassing is nie.

Dit is nodig om hier tussen twee funksies van die dialek-metafoor te onderskei. Metafore soos die volgende:

aapsekas - kondukteurswa
 kardoesoer - donkie
 kieriëgeld - pensioen
 mufmoue/velkuite - konstabel
 pieringklou - perd
 psalmpompie - konsertina
 ringbek - muil
 sweetneus - bees

is geweldig omvangryk in Afrikaans. Sulke metaforiese benoeminge weerspieël n sekere gevatheid, humor, oordeel en volkse beeldrykheid, maar is vir ons doel nie van belang nie. Die woord velkuite x konstabel word nl. op presies dieselfde saak toegepas. Die beginsel van presisering wat by perske-oë aanwesig is, ontbreek hier.

In die volgende gevalle het ons met n opposisie woord x meer-as-woord te doen. Hoewel hierdie woorde nie buite die gewone woordbousistees van Afrikaans val nie, is hulle gebruik territoriaal beperk.

aasvoëlstyf

FW5.

: b.nw. - m.b.t. die toestand van verstywing van die lede wat na die dood intree: rigor mortis.

afnekkies

KR15.

: s.nw. - (enige) geblikte vis.

(balkies)pompdonkie

KR14.

s.nw. - iemand wat aanhoudend sleurwerk doen.

biesbruilof

FW2

: s.nw. - bruilof waarop geen sterk drank verskaf word nie.

binnejas

KU6.

: s.nw. - n drankie voor aandete.

bloudak

SWA

: s.nw. - enige weiveld wat vir n jaar of meer oorstaan.

bloekomweer

EX13.

: s.nw. - harde reën wat etlike dae aanhou.

boomkuiken

W. Tvl.

: s.nw. - n kind wat nog by sy ouers woon, maar finansieel selfstandig is.

dikbekwind x garslandwind

KR13 x OVS

p.173/.....: s.nw.

: s.nw. - die koue wind wat dikwels 3 vm. in die winter opsteek.

donkiebrille

HV19.

: s.nw. - lappe op n broek se sitvlak.

doringskof

SWA.

: b.nw. - onvriendelik, prikkelbaar en opvlieënd.

droogpram

NWK.

s.nw. - die jongste kind in n groot gesin.

effe-koffie

KR6.

: s.nw. - koffie sonder melk en suiker.

haaswakker

Namakwaland.

: b.nw. - vlug van begrip.

invaller x uitvaller(tjie)

KR15.

: s.nw. - die eerste en laaste sopie van die dag wat aan plaasarbeiders gegee word.

juriesdag

HU6.

: s.nw. - dag van afrekening; dag waarop n verpligting nagekom moet word.

kafferkansie

HR12.

: s.nw. - klein rukkie; onvoldoende geleentheid.

klipsop

FU16.

: s.nw. - sop met min bestanddele.

knyppkoppe

OVS.

: s.nw. - bekrompe mense.

koublaasdrink

HS6.

: ww. - koffie uit n piering drink. In dieselfde verband is skuitry by HV9 opgeteken.kuier-Jood

HT14.

: s.nw. - iemand wat baie van ander se gasvryheid gebruik maak.

kuisnes

Langkloof.

: s.nw. - heuningnes wat nie tussen die kranse bereikbaar is nie.

kwakkie

Namakwaland.

: s.nw. - dubbele ken.

loodlem

FW14.

: s.nw. n onhandige persoon, swak werker.

lyfskoon

IV12.

: b.nw. - m.b.t. vee wat vet genoeg is om bemark te word.

mannotjieswolke

FW13.

: s.nw. - wolke wat geen belofte van reën inhou nie.

oogskoonmaak

KP14.

: s.nw. - kort middagslapie.

pampoonlys

GU12.

: s.nw. - landbousensusopname vir subsidieoelendes.

pertalig

KT14.

: b.nw. - wel ter tale; uitgesproke.

ram-hamel

HS3

: s.nw. - ram wat groot gekastreer is. So ook bul-os,
hings-reun.ramwagtersdrag

HP16.

: s.nw. - n baie ernstige loesing.

toemis

Namakwaland.

: s.nw. - digte, swaar mis.

tropuit

IV9.

: b.nw. - totaal verskillend.

voortyd

KR14.

: s.nw. - die tyd voor die spreker se geboorte.

voskop

Langkloof.

: s.nw. - iemand met ligbruin hare.

waterkweekreën

: s.nw. - ligte Bolandse reën.

waterloop

NWK.

: bw. - so dat die water loop
- dit het waterloop gereën -wywater

KS10.

: s.nw. - die water van dikmelk.

2. Ouer taallae

2.1 Obsoleetheid van woorde het veral ingetree met die verdwyning van sekere gebruiksartikels, gewoontes en bedrywe. Baie woorde in hierdie ouer taallaag bestaan nog net in die herinnering omdat die funksie van die saak uitgedien geraak het.

Hier volg n paar voorbeelde:

abba-os:

n es wat buite aan die huis aangebou is as die vertrek te klein was. Vgl. BN.121 : abbakoon

bitterhoutjie:

n handpomp. Vgl. HAT. .69.

Die idiomatiese uitdrukking
jy sal bitterhoutjie trek
(d.i. swaarkry, les opsê)
kom nog algemeen voor.

bulsak:

Vgl. HAT .90.

doringdraadbroek:

n broek gemaak van n baie sterk materiaal bekend as "barbed-wire cloth".

drup:

Vgl. HAT .135

ghrietel:

Vgl. WAT 3.249.

hanobalke:

Vgl. WAT 4.81.

hoerknoop:

Vgl. WAT 4.330.

Dialekties bestaan die woord nog in die noemfunksie:

"enige groot knoop"

"maswerkknoop"

"skuifknoop".

hoos

Vgl. WAT 4.40. Die woord het ook beteken "die laag dekstrooi wat onder n rietdak gesit is".

hotnotsklouties

: soort lekkers ("Colonial sweets"). Soortgelyke woorde soos oumensdrol en pensopneukers is om eufemistiese redes verdring.

jaagbesem/jagbesem/jaarsbesem:

Vgl. HAT .375.

karet:

Vgl. BN .338.

kielgat:

Vgl. HAT .428.

knypdiaken:

n diaken wat vroeër in die Sendingkerk aangewys is om Kleurlinge onder die preek wakker te hou.

kondeetjie:

Vgl. HAT .464.

ouderlingdeur:

die linkerkantste deur van die motor.

Hierdie woord het ontstaan in die dae toe die predikant een van die min mense was wat n motor besit het. Tydens huisbesoek het die ouderling hom vergesel.

oulap:

Vgl. BN .473.

Met die nuwe geldstelsel is woorde soos oulap, stuiwer, en bokstert iets van die verlede.

Die idiomatiese uitdrukking

dit was die dikoulapdae

(d.i. pre-inflasionêre tyd)

is ook nie meer baie bekend nie.

ousie:

n plat blikkie met lampolie wat met n pit van lap gedraai (floersie) gebruik is i.p.v. n kers in noodgevalle.

snorkoppie:

n koppie met n balkie oor wat keer dat die persoon
se snor nie in die koffie beland nie.

voersis/voersies:

Vgl. BN .693.

waterhuis:

n vierkantige tenk met n koepeldak waarin reënwater
opgevang is.

2.2 Die toenemende verstedeliking het van die eertydse algemene
boerderytaal n sosiolek gemaak.

Woorde soos

gusbok/gusooi

hamel

kapater

koggelram

klophings

loeder

oorloperooi

orrabok

is vir die stedeling vreemd.

In die moderne boerderytaal het sekere woorde ook obsoleet
geraak. Woorde soos die volgende is aan die verdwyn.

bliknêrs:

Vgl. BN .167. Hier het egter n semantiese verskuiwing
plaasgevind by
ek voel bliknêrs
(d.i. ongesteld) - NWK.

gasie

Vgl. BN.238.

kebêsak:

Vgl. BN.358: kobêmelk.

koppelstok/koggelstok:Vgl. HAT .472.listerhout:Vgl. BN. 390; HAT.511.vlym:

Vgl. BN.692.

weesboom:Vgl. HAT.1046.woeling/woelstok:

Vgl. BN.729.

Die idiomatiese uitdrukking

hy kan nog nie n woeling styftrek nie

(d.i. hy is sommer nog n bog kind)

is eweneens aan die verdwyn.

Hierdie verskynsel is veral te bemerk m.b.t. plaasgerigte soos

bloedbul x bloedbilling:

gereg van skaapbloed, rosyne

en vet in die skaappens gebak.

brood:

Namate tuisgebakte brood iets van die verlede word, verdwyn die onderskeidinge in die woordveld soos

mieliebrood

neutebrood

oondbrood

potbrood

sakbrood

vloerbrood

dooievulletjie:

lewer, niere, hart en milt van n skaap in die melkpensie gestop en gebak.

driedaedik x tweekeerdik:

dik sop.

droeta-tee:

tee gemaak van die droetabos

haksel:

gemaalde lewer met asyn.

harde ghaai:

soort boerbeskuit.

hutspot:

bredie van groenbone.

inkrum:

brood en melk (soos pap geëet).

japies:

stukkies waatlemoen wat weggegooi word.

krakeling:

soort boerbeskuit wat baie bros is.

kruitvetkoet x ammunisiebrood:

vetkoek gebak met koeksoda i.p.v. bakpoeier.

langwatersop:

sop wat nie vleis bevat nie.

melksnyfels x snyselmelkkos x slinger-om-die-smoel:

ouvrou-onder-die-kombers:

vleis in koolblare toegerol en gaar gemaak.

pofmoeder:

gembokvetderm gestop met stukkies lewer, hart en vet.

ruiter:

- die kos is ruiter -
(d.i. nie goed gaar nie)

skelms-in-die-kombers:

vleis in vetkoekdeeg toegerol en in vet gebak.

snotneuse:

soort handtertjies.

stamp-en-stoot:

stampmielies en bone saam gekook.

stormjaers:

soort roosterkoek.

swaapsekluitjies:

soort souskluitjies.

swapie x dombooi:

deeglaag oor n pastei.

toekos:

kos wat saam met vleis opgedis word.

2.3 Baie woorde het uit die spreektaal verdwyn vanweë die kwyning van n besondere bedryf. Selfs albasterspeletjies soos "grootkrans", "driehol" en "tjoek" (gespeel met sinkwasters) is nie meer bekend behalwe onder n kwynende geslag nie.

Die wamakersbedryf is n goeie voorbeeld hiervan. Vgl. die volgende:

2.3.1 Name van rytuie:

bokwa

Dandy

druwebak

Grahamstadter

Merry-Weather

skybak

spaaider

springbokbak

twyfelaarkar.

2.3.2 Dele van rytuie:

draaiboord

kalf en kalfplaat

keurhout

kopband

moerband

naafband
 remskoen
 skamel
 smeerband
 skeen en stootskeen
 teerput(s)

2.3.3 Sweepname:

agterossambok x horssweep
 karwats
 kats
 peits
 plak x taboes x hoeps
 ossweep
 sambok x nop

Woorde uit hierdie groep is meermale nog net in vaste uitdrukkinge algemeen bekend: trens, lunsriem, teerputs, briekblok, remskoen.

2.4 Etlike woorde se gebruik het afgeneem namate die historiese verband vervaag het of daar het volketimologiese vormverandering ingetree. Ons noem enkele voorbeelde.

burgermanstyd

Vgl. WAT 1.559.

dolliewarie x doriewarie

: b.nw. - spoggerig. Vgl. BN.203.

gatjieponders

: Vgl. BN .239.

graslêer

: s.nw. - n versteekte geweer (tydens die konfiskasie van burgerlikes se vuurwapens tydens die Tweede Wêreldoorlog).

jakopewer/jakopoer

Vgl. BN. 305.

makkonatjies

Vgl. BN. 403: makkonetjies.

remskoenparty

Skeldnaam vir die Gereformeerdes tydens die Kerkstryd.

wolfskof

Die eerste tog van die dag in die transportryersdae :
3vm. tot sonop.

2.5 Die teenwoordigheid van Engels as ampstaal in SA het in n stadium gedreig om n SUPERSTRATUM in die Afrikaanse woordeskat te vorm. Enigermate is dit ook die geval. Saam met die ingevoerde Engelse produk of gebruik het ook die Engelse woord in SA ingeburger geraak.

Sedert 1925 is die invloed van Engels deur puristebewegings al sterker toegestaan. Sedertdien is daar n sterk druk te bespeur van die "suiwer Afrikaanse" teenhangers op Engelse vorme wat deur taal-kontak in die algemene omgangstaal ingang gevind het.

Die hoë mate van eentaligheid onder die breë bevolking van enkele dekades gelede het meegebring dat die meeste van hierdie leenwoorde getransfonemiseer is.

Aangesien hierdie taalkontak nie geografies beperk was nie, is hierdie vorme ook nie geografies gelokaliseer nie.

Die volgende voorbeelde wat in ons monster voorgekom het, gee enigermate n beeld van hierdie ouer vermengingslaag.

besyds:

opsy, eenkant

Eng.: beside(s)

vgl. WAT 1.395.

bodder:

pla, hinder

Eng.: bother

dombooi:

deeglaag (oor vleis)

Eng.: dough-boy

(Hier het n volksetimologiese aanpassing plaasgevind sodat die herkoms nie meer duidelik is nie.)

juts:

regter, landdros

Engels: judge

Vgl. BN. 315.

koetemplaar:

geheelonthouer, afskaffer

uit: Good Templar, eertydse lede van die "Temperance Society".

(Hierdie vorm is nog bekend in die OVS, maar elders het dit vermoedelik al vergete geraak.)

koort:

(geregs-)hof

Eng.: court

Vgl. BN.365.

kothuis:

klein woonhuis

Eng.: cottage

Vgl. HAT.476

langdrop:

putlatrine

uit die "slang"-vorm: long drop

lout:

toelaat

bv. my ma lout dit nie.

Eng.: allow

makkadas:

Die naam van n trein wat vroeër tussen Calvinia en Hutchinson geloop het -

uit: make a dash

(Sedertdien het dit weer lewendig geword in werkwoordelike gebruik: "maak gou".)

p.135/.....notisie(-tjie):

notisie(-tjie):

lysie, veral kooplysie

Eng.: notice

Vgl. HAT.572.

nousbek:

voersak (wat aan halter vaskom)

Eng.: nose-bag

opsent:

afwesig, weg

uit: absent

(Hier het die transfonemisering van /æ/na/ɔ/ plaasgevind en nie na /^ɛ/_ɔ/nie.)

peul:

n lang silindervormige kussing gebruik by verebeddens.

vermoedelik uit: pillow (BN496)

preferer:

verkies

Eng.: prefer

Vgl. HAT.661

reperment:

betig, berispe

Eng.: reprimand

rou:

rusie maak

Eng.: row

ruksies:

moeilikheid, ontevredenheid

Eng.: ructions

rym:

swaar ryp

Eng.: rime (GV7)

seelskinstrop:

skeermesstrop

Eng.: seal-skin strapsentepiet:

kruiptrekker

Eng.: centipede

(Hier het ons met n baie meer resente ontlening te doen.)

serbande:

bediende, arbeiders

(Dis te betwyfel of hierdie woord via die Frans in Afrikaans gekom het. Die v/b-wisseling wat hier betrek is, dui andersyds weer daarop dat die woord baie oud kan wees.)

sjaam:

sloop, oortreksel, bedsprei

Eng.: (pillow) shamsopper:

aandete

Eng.: suppersosys/sosytjies:

wors, worsies

Eng.: sausage(s)

(In die Langkloof het n oordraging op die saak "gemaalde vleis" plaasgevind.) Vgl. BN.607.

torment:

treiter, terg, pla

uit: torment

(Die woord kom sporadies voor as torneer. Hier het n verdere transsistemativering op morfologiese vlak plaasgevind.) Vgl.

HAT.896: tormenteer.uitwans/etwans:

dadelik, sonder meer

Eng.: at once

In die ATA kom ook enkele gevalle voor waar net die Engelse woord of n getranssistematiseerde ekwivalent bekend is; eienaardig genoeg nie altyd in die gebied waar Engels oorwegend gebesig word nie. Dit het waarskynlik via die formele skoolonderrig in Afrikaans gekom.

<u>ATA</u> 1, 3	steek--jacks
2,6	kollek, kollekt, koelek, kellek
5, 23	step(pie)
6,26	(wilde) gooseberry,
6,27	jam-appeliepie, gooseberry, kaapse-, engelse -.
7,35	sjok-beentjie, funnybone
8, 40	(winter) boetson: Hier het n oordraging plaasgevind. <u>Boots on</u> is die skurfte wat hoenders aan hulle pote kry. Vgl. BN.174.
9,42	pêrefienvet (BN.483)
9,45	skwint

2.6 Die norme van fatsoenlikheid wissel van tyd tot tyd. Die lewensduur van EUFEMISMES is daarom beperk.

Baie woorde wat eertyds as onfatsoenlik beskou is, het intussen algemeen gangbaar geword vanweë hulle vormlike obskuriteit, bv. hanepoot, kaalgaarperske, skete, e.d.m.

Eertydse eufemismes soos brombees (bul) en voetvingers (tone) word vandag as oormatig preuts beskou. Die volgende voorbeelde uit ons monster behoort o.i. ook aan n verbygegane era:

besit: verkrag, onsedelik aanrand.
damp: stank, onaangename reuk.
kamernagkastrol: (kamer)pot.
n knip optel: koue vat (i.v.m. aanbeie)
ongestorwe weduwee: geskeie vrou.
die ramme speel: d.i. dek die ooie.
Saterdagskind: buite-egtelike kind.
uitsluk: vomeer, braak, opgooi.

Omgekeerd het enkele woorde dialekties gangbaar in die verkeerstaal geword vanweë n melioratiewe betekenisverskuiwing, bv.

ketools: lastig, stuitig. FW15.
 moer(se): baie (gewone intensiverder) HR14.
 slet: slordige, onnette vrou. LT3.

3. Semantiese opposisies

Dit gebeur dikwels dat dieselfde woordvorm in verskillende dialekte voorkom, maar verskillende sake noem. Spreker A gebruik n woord(orm) waarin hoorder B n konvensionele woordinhoud dink wat verskil van die konvensionele denkinhoud van spreker A wat hierdie vorm gerig het.

Die redes vir hierdie semantiese opposisies is verskillend van aard.

3.1 In dialek A bestaan bv. twee woordvorme kakiebos en knapsekêrel om twee sake "kakiebos" en "knapsekêrel" te noem. In die streek waar dialek B gepraat word, is die saak "kakiebos" onbekend. Hierdie sprekers noem nou die saak "knapsekêrel" met die woordvorm kakiebos. D.w.s. die volgende semantiese opposisie ontstaan:

SAAK	WOORDVORM	DIALEK
"knapsekêrel"	knapsekêrel	A
(<i>Bidens pilosa</i>)	kakiebos	B

(ATA 1, 3)

Soms bestaan sodanige semantiese opposisies tussen dialekte op grond van oorkruisbenoeming van twee of meer verwante sake, bv.

SAAK	WOORDVORM	DIALEK
"Duisendpoot"	duisendpoot	A
(<i>Diplopoda</i>)	honderdpoot	B
"Oorkruiper"	honderdpoot	A
(<i>Chilopoda</i>)	duisendpoot	B
"linksom"	hotom	A
	haarom	B

p.189/....."regsom"

SAAK	WOORDVORM	DIALEK
"regsom"	haarom	A
	hotom	B

Soms bestaan hierdie semantiese opposisie net by die benoeming van een van die twee sake.

SAAK	WOORDVORM	DIALEK
"Duisendpoot"	duisendpoot	A
	roloppie/roltoe/ jantoes	B en C
"Oorkruiper"	oorkruiper	A
	duisendpoot	B

Die variante duisendpoot x roloppie is dus net n woordvorm-variant sonder dat hier n semantiese versteuring ontstaan by interdialektiese verkeer.

3.2 In die meeste gevalle bestaan daar nie verwarring by die saak of by sake wat verwantskap of ooreenkoms vertoon nie. n Bepaalde woordvorm X word in een dialek op n saak A toegepas en in dialek B op n ander saak, bv.

WOORDVORM	SAAK	DIALEK
blaasoppie	"vissoort"	A
	"opblaasmatras"	B
karmenaadjie/ kernaaidjie	"stuk vleis"	A
	"vetderm van skaap"	B
	"kottelet"	C
rapats	"oulik, ouderwets"	A
	"verspot, stuitig"	B
roloppie	"duisendpoot"	A
	"koeksisters"	B

3.3 Die feit dat eenderse woordvorme verskillende sake in afsonderlike dialekte noem, bring mee dat ons met dialektiese homonimie in die geheelsisteem van Afrikaans te doen het.

In die volgende gevalle het ons sake wat in een dialek met n sekere woordvorm benoem word wat elders (in ander dialekte) gebruik word om ander sake te benoem.

SAAK	WOORDVORM
"knapsekêrel"	klitsgras sydissel boetebos (ATA 1, 3)
"misbredie"	sydissel hanekam (ATA 1, 4)
"duwweltjie"	beesdoring kakieklits wandelendejood (ATA 1, 5)
"duisendpoot"	skerpioen haarwurm (ATA 2, 8)
"dwarrelwind"	orkaan (ATA 2, 10)
"tolletjie"	houtjie rolletjie katrolletjie (ATA 3, 11)
"wenakker"	kopakker bank land (ATA 3, 13)

p.191/...."kopakker"

SAAK	WOORDVORM
"kopakker"	wenakker middelman braakland bank rougrond (<u>ATA</u> 3, 14)
"motreën"	misreën stuifreën boegoe (<u>ATA</u> 4, 16)
"landsreën"	misreën (<u>ATA</u> 4, 17)
"onkruid"	bossies gras vuilgoed (<u>ATA</u> 4, 18)
"lewerik"	klipspringer kiewiet (<u>ATA</u> 6, 29)
"kokkewiet"	jangroentjie janfiskaal kopervink (<u>ATA</u> 6, 30)
"hoi-hoi"	hokaai plaastoe (<u>ATA</u> 7, 31)
"koeksisters"	roloppies stormjaers vetkoek (<u>ATA</u> 7, 32)
"suikerbekkie"	kapokvoëltjie tinktinkie (<u>ATA</u> 8, 36)
"waterhondjie"	duikertjie kakkerlakkie brandnekel (<u>ATA</u> 8, 39)

p.192/....."winterskurfte"

SAAK	WOORDVORM
"winterskurfte"	brandsiekte
	voersies
	boetson
	aanbrandsel
	skurweyantjies
	(ATA 8, 40)

3.2 Verskille van n heel ander aard kry ons op die vlak van die indiwiduele woordbetekenis.

Die woordbetekenis is n konstante kenniseenheid wat konvensioneel in n bepaalde woordvorm vasgelê is "dat by de meeste woordsoorten een veelheid van verskillend bruikbare onderskeidingsvertoont" (Reichling 1962.37).

Die som van n woord se gebruiksmoontlikhede hang dus saam met die som van sy betekenisonderskeidings- of betekenis-toepassingsmoontlikhede.

Dialekties kan die som van betekenisonderskeidings- van n betrokke woord wissel. n Sekere betekenisonderskeiding kan in een dialek in onbruik raak en mettertyd verdwyn òf daar kan n betekenisuitbreiding plaasvind, d.w.s. daar kan bykomende betekenisonderskeidings- ontwikkel.

Teoreties vermoed n mens dialektiese verskille van geweldige omvang op hierdie vlak. Hierdie aspek van die dialektstudie het nog altyd agterweë gebly hoofsaaklik omdat die metode van monsterring hier ernstige probleme oplewer.

Hier saak is reeds bespreek in hfst. 5 par. 3. Ons noem hier enkele gebruiksevalle waarby daar nie valensionele implikasies is nie.

afwesig:

afgesonderd, eensaam.

- hy bly afwesig daar langs die rivier -

- sy is maar afwesig vandat haar man dood is -

HR7.

aanstoot:

stamp (s.nw.)

- die bakkie het n aanstoot gehad -

HP10.

bedompig:

kwaad, terneergedruk

- iemand is bedompig -

HR11.

gehad:

ontmoet, raakloop

- ek het hom op die dorp gehad -

KR2.

gekrap:

honger

- ek is gekrap vanaand -

HR13.

hak:

sit

- kom hak hier langs my -

SWA

insleep:

tuiskom

- ons het eers laat ingesleep -

IT11

klou:

steel

- die meide klou die suiker -

SWA

knop(pie):

bult, hoogte.

- hy woon net oorkant die knoppie -

IR1.

lap:

groep, klomp

- n hele lap mense/kinders -

Namakwaland.

mak:

siek, lusteloos

- die kind is mak/makkerig vandag -

IR9.

mense:

blankes

- ons was drie mense en sewe skepsels -
GW8.

omsit:

omspring, omdraai.

- jy moet omsit en laat spat -
SWA.

onduidelik:

lelik

- hy is van die onduidelike Janses -
IR16.

ontuis:

nie tuis nie

- Saterdag is hulle altyd ontuis -
GT11.

pram:

melk (ww.)

- gaan pram die bok -
HS6.

roei:

(gedurig) raas, lol

- wat roei jy so met die kinders -
LT3.

ruin/geruimd:

geset, vet.

- die vrou is darem geruimd, hoor -
HP5.

souerig:

onwillig SWA.

(elders: bang, bangerig)

staan:

swanger wees

- sy staan al vier maande -
Namakwaland.

4. Woordvormopposisies

4.1 n Kenmerk van die woord binne n bepaalde sisteem, is sy volstrekte vormlike bepaaldheid (Reichling 1962.30).

Binne die geheelsisteem van n taal kan identiese semantiese inhoude verskillende woordvorme rig. Soms is die verskil in woordvorm van so n aard dat die hoorder die "ander" woordvorm kan transponeer net soos by gewone distorsies in die kommunikasiekanaal. Die hoorder interpreteer hierdie woordvorm nog steeds as "dieselfde woord" wat hy gebruik, bv. tarnataal x tarentaal, maar by poelpetater x tarentaal ervaar die tarentaal-spreker n "ander woord" wat dieselfde saak noem.

Waar die grens tussen hierdie twee soorte variante getrek moet word, is nie duidelik nie. Soms is dit beskryfbaar in terme van n algemene fonetiese mutasie, bv. die v/b-wisseling. Dikwels het analogiese, volksetimologiese e.a. invloede ingewerk. Vgl. bv. horingkuif x doringkuif x koringduif (ATA 1, 2).

Distorsie in die woordvorme van dialektiese variante tree dikwels in by duistere morfeemvoeging en unieke komponente. Vgl. bv. kasaterwater (: flou koffie)

kasadewater

kasadelwater

sjlavatiwater

Die variante kebewater, masoelawater, en marawater behoort egter tot variasies van die tweede tipe.

Soms is n verskil te bespeur in die woordmaking wat die woordgebruik voorafgegaan het, bv.

beesdoring x skaapdoring

bynes x heuningnes

kaffervink x langstertvink

Dit is moontlik om n kernklas by albei varianttipes te onderskei. Die grens is egter nie duidelik te trek nie. Die veiligste is daarom om alle dialektiese variante wat verskil in foneembou toon eenders te behandel, aangesien woordvormverskille nie altyd diachronies herleibaar is na n gemeenskaplike grondvorm nie.

Hier moet die taalbeskrywer uitgaan van die betrokke saak. n Saak X in dialek A word benoem met n woord waarvan die woordvorm V_1 is.

In dialek B, C,..... word woordvorme V_2 , V_3 ens. gebruik.

Die verband tussen woordvorme V_1 , V_2 ens. is baie maal slegs kenbaar in terme van die geografiese beeld. Geen dialekwoordelys kan n taalkaart vervang nie. Die volgende lys woordvormvariante het dus slegs waarde indien die gegewens later sistematies op taalkaarte verwerk kan word.

4.3 Die aard van die steekproef waarmee in hierdie studie gewerk is, sal uit die aard van die saak meebring dat min lae-frekwensie-variante aangetref word, veral by naamwoorde (wat volgens die ATA die meeste variante het).

Die volgende lys bevat variante in ons korpus wat nie reeds in hfst. II bespreek is nie. Opnamepunte word nie vermeld nie, aangesien daar geen rede is om te vermoed dat hierdie variante nie dieselfde deureenlopende geografiese patroon sal volg as dié in die ATA nie.

aalwyn x aalwee x alewee
aanstaande x aankomende (week)
aartappels x ertappels
afgemat x afgesenfel x afgesoera
ag/agstes x agt/aks
affêre x affêring
agterlik x profaat
arkedis x akkeldis x hagedis x pootjieslang
almelewe x amelee x ameleë
anders x anderster
as x dan (bw. van vgl.)
asgaa wortel x agostou
aspris x ekspres
babber x baardman x katkop
baie x altevolveel
bang x sou (erig)
basterhartbees x njala
bed x kooi x katel

p.197/.....beskuit

beskuit x bolletjies
bitterbos x (agdae)geneesbos x meidiewillemse x
 perdebossie x tandpynbessie x pokkiesblom
 x aambeibos
boontjies x bone
bosbok x waterskaap
bosdruif x bobbejaandruif
boskraai x gorra
briek x brieks
brommer x kamoekie
broodpan x broodplaat
(bruin)ganna x windmakerbos
bult x hoogte x koppie
bynes x heuningnes
dahlia x adalia
dat x lat
deeglik x deetlik x deëlik
doekpoeding x waterbul x waterbulling
doem-doempie x warmassie
doringdraad x hakiesdraad
dors x trap(masjien)
draaghout x jukhout
drabok x drawik
 (dubbel)ken x kwakkie/kwakie
duiwelsdrek x klipsweet
duiwelsnuif x pramproes x ouseidboef x duiwelsbrood x
 meidesnuif
eerskomende x aankomde
einste x seimde
erdvurm x grondwurm x jankantonne
ertjies x erte
ewenwel x enewil
fladder x fletter
flêrrie x flirt x flerts
gare x garing
garingboom x makaalwyn

geheel-en-al x gladenal
geitjie x dikdy
ghwar x gaip
gombos x draaibos x noembos
gomtor x gomtras
grawe x gra x grau x grou
groete x groetnis
grondboontjies x tongamanas
grootvee/kleinvee x grofgoed/fyngoed
helse x helske (loesing)
helsefýnbos x fyntaaibos x taaibos
hemelbed x ledekant
hinder x hênner
hoe(danige) x hoeke x hoelike x hoelke
hoeka x toeka
hommelby x kapaterby
hottentotsgod x grashotnot
hubaar x guslyf
in plaas van x pleks van
jaagbesem x jagbesem x jaarsbesem x kafbesem
jakopewer x jakopoeker
kaboemielies x ghoeboemielies
kakkerlak x kokkerot x kokkeloor
kambro x kameroo x baroe x kambá
kapok x sneeu
karakoel x swartskaaip
kareebos x kreebos x kriebos
karot x koeret
karkoer x makketaan x likketaan x dorslander x
kafferwaatlemoen
karmenaadjie x karnaaitjie x kremenaaidjie x knaaitjie
kasaterwater x kasadewater x sjlawatiwater x kebêwater
X marawater x masoelawater
kastig x kamstig x kantig x kamalielies
keerdam x sliksam
kleinvanaand x skemeraand
kleremaakster x sitnaaister

koekmakranka x bramakranka
koelies x seekaffers
koeroegat x kliptjoeroe
koevert x komfert
koervoet x gra-yster x uintjie-yster x gnwala
kompleet x kepleet
kiepersol x sambreelboom x nooiensboom x waaiboom
konka x boula x ghêllie
koppie x kommetjie
koshuis x hostél
krimpvarkie x rolopvarkie x steekvarkie
krummelpap x stywepap x hardepap x "gravel"-pap x
 poetoepap x poeriepap
kwê-voël x pê-voël
kwitansie x voldaan
laksman x fiskaal x janfiskaal x kanariebyter x
 karnalliebyter
lappieskombers x doekkombers
lemoenskyfie x -skuifie x -huisie
liewer x liewerster
lokasie x kroek x stik
maaifoedie x maaifoerie x maaifoeter
mamba x beesbyter x makoppa x blou slang
mankoliek x lankoliek
marmotjie x malmokkie
medisyne x meddersyne x mesyne
meerkat x erdman x erdeman x graatjie
moeilikhed x dikkedensie
muil x esel x ringbek
olienhout x oliewenhout x oleenhout
ontbyt x brekfis x agtuur x vroestuk
oorlede x oorle
oorloperooi x gusooi x kweinooi x kwinooi x trassie x
 marolomooi
ouderlingdiens x menskerk

oulik/ouderwets x oudertous x ottestots x mondig
ouvolk x karkoerhotnot x klipsemander x skurwejan
paddastoel x boef x pramproes
paddavis x ghallaghiel
pensioen x spetsioen x spensioen x (s)pensjin
petat x petatta x betat
plato's x plate
plesierig x pelsierig
ploeg (ww.) x ploëë x ploë
poenskop x koeskop x boeskop
potkluitjies x poelekoek x stormjaers
program x pelgram
pruimpie x kieskoutjie
rensmelk x kensmelk
rosyne x ghaghies
rumoer x remas
sambok x nop
sitkamer x voorhuis x woonkamer
skaam x skimmel
skoenlapper x skoelapper
skoenlees x ysterlees
slakblom x snotblom x vlieëvanger
slap/pap x leberig
slet x sloerie x slapsloerie x slons
soggens x smôrens/smôrs x smorens/smoors
sonop x staanson
spearveld x bloudak
spekboom x olifantskos
springmielies x kiepiemielies
strykyster x parsyster x pasyster
suikerriet x soetriet
swartbas(boom) x aapsekos
taamlik x tamelik
taboes x taboets x hoepe
tamaryn x tamryn x tambryn
teerputs (persoon) x tera x vuilfiks

terpentyn x tramtyn x tarmtyn
tierboskat x tierkat
tollie x jongos
totaal x toet-en-taal
trippel x pasloop
uintjie x watergras
uitgevat x (: deftig aangetrek) x opgeknikker
vabond x vagebond
vadoek x koppiedoek x teegoeddoek x jammerlap
varing x faroe x maanfaroe
velskoenblaar x geneesblaar
verbrou x vervoos x verjoeks
verkleurmannetjie x trapsuutjies
verkreukel x verkrous
verlede x pessede
verskil x diffrent
verspot x kerjaans
vlakke x vlak
vlaktekoraan x janwragtie
voerbak x koker
volgens x vollens
voorbeeld x eksempel
vroeg-vroeg x vroe-vroe
vrykamer x spaarkamer x gastekamer x oorkamer

5. Dialektiese kompositumvariante

5.1 De Saussure (1964.131) het daarop gewys dat komposita se arbitrariteit as taaltokens slegs relatief is. Daarmee het hy bedoel dat die betekenis van n kompositum interpreteerbaar is t.o.v. sy samestellende komponente wat op hulle beurt absoluut arbitrêre taaltokens is.

Die interpreteerbaarheid van komposita (en daarmee die moontlikheid tot die vorming van nuwe komposita) hang saam met die sintaktiese verhouding tussen kompositumkomponente.

Die woordsoortlike korrelate van komponente in Afrikaanse komposita is uitvoerig beskryf deur Kempen (s.j.). Binne n

omsettingsraamwerk kan die sintaksis van komposita soos volg beskryf word.

Voorbeeld: kromsteelpyp

a) Bodem en vorming van die samestellingsbron:

....pyp het/....steel (steel is krom)/>

....pyp het/....steel (wat krom is)/>

(verbetreklikingsreël)

....pyp het....krom steel

(byvoeglikenaamwoordinlywingsreël)

pyp het n krom steel is die samestellingsbron; die....

dui aan dat hier in die bodem voorbepalings kan staan, bv. n, die.

b) Van bron tot samestelling

....pyp het....krom steel >

....pyp wat....krom steel het >

kromsteelpyp.

Die onderwerp van die bron, nl. pyp is die kern in die samestelling.

5.2 In beginsel bestaan daar net soveel kompositumstrukture as groepe waarin hierdie komponente optree. Vir ons doel is dit slegs nodig om te let op gevalle van verduistering van die semantiese verband. Hiervoor hoef die taalbeskouer hom slegs te verlaat op sy eie taalgebruiksvermoë; n volledige beskrywing van die kompositumsisteem is nie as basis nodig nie.

In hfst. IV is reeds gewys op morfologiese verdigting by unieke komponente en op gevalle waar die kernkomponent in een variant n bepalingskomponent in die ander variant is.

5.3 Volksetimologiese vormverandering gee dikwels aanleiding daartoe dat die saakverband wat deur n kompositum genoem word onduidelik is. Vgl. bv.

koringduif

Die besondere voëltjie is nie n duif nie en eet ook nie koring nie. Naas ander variante soos

horingkuif

doringkuif (ATA 1, 2)

kan die onduidelikheid op die vlak van relatiewe gemotiveerdheid opgeklaar word.

Die vermoede is baie sterk dat volksetimologie verantwoordelik is vir die volgende variasies:

magerie
 nagmerrievoël
 ATA 1, 2
 klapperdop
 klapperbos
 ATA 6, 26.
 lewerikie
 liebertjie
 lieberker
 liebekker
 leeubekkie
 ATA 6, 29.

5.4 Soms is die invloed van folklore en bygeloof duidelik. Vgl. die volgende:

ATA 2, 8 (oorkruiper):
 skaapsteker
 gatkruiper
 lagwurm

Dit is n algemene kinderswysheid dat iemand onbedaarlik aan die lag gaan as n duisendpoot hom "byt".

ATA 4, 16 (motreën):
 skôtsedou.

Die toespeling is hier op die spreekwoordelike suinigheid van die Skotte.

jakkalstrou.

Hier het n benoemingsoordraging plaasgevind: die uitdrukking die jakkalse trou x jakkalstrou met wolf se vrou is landswyd bekend as kommentaar op die feit dat dit reën terwyl die son skyn.

ATA 4, 20 (flap):
 kafferkonig.

Verskeie Bantoebygelowe word aan hierdie voëlsoort gekoppel.

ATA 6, 30 (kokkewiet):

byevreter

byevanger

ATA 7, 34 (stinkblaar):

malpit

n Ou bygeloof wil dat die pitte van die stinkblaar nie net giftig is nie, maar ook kanksinnigheid veroorsaak.

Saunders (1956) bring die variante

nuusdracr

goue kroontjie

salomoeskroon

op ATA 1, 2 i.v.m. n ou legende oor koning Salomo en die koningin van Skeba. Vgl. ook die variant wandelendejood op ATA 1, 5 (duwweltjie).

5.5 Dialektiese onderlinge verstaanbaarheid word dikwels opgehef waar metaforiese verbande moeilik agterhaalbaar is. Vgl. bv. die volgende op ATA 7, 32:

wildebeeskaaings

kwaggakaaings

dopperkaaings

krulopsolders

wolwedraai

Dit geld des te meer waar meer as een komponent metafories is; vgl. bv. die variant garingslang op ATA 2, 10 (dwarrelwind).

5.6 Dikwels tree daar verkorting in by dialekvariante wat uit meer as twee stamme bestaan. Sodoende gaan die oorspronklike sintaktiese verband dan verlore, bv. varkoorblom x varkblom. Voorbeelde van hierdie aard is baie talryk in die ATA.

6. By leenwoorde ontbreek dit dialekspreekers dikwels aan eerste-handse kennis van die brontaal van die ontlening; gevolglik tree geweldige baie vormverandering op fonemiese vlak in, dikwels onder druk van skynmorfeme (Vgl. hfst. IV). Vgl. die blou en oranje tekens op ATA 8, 40.

S Y N O P S I S

The claim has often been made that Afrikaans has no dialects. The general implication is that the range of variation of language usage in Afrikaans is relatively limited. This study does not deal with the range of dialectal variation but is concerned solely with the nature of the variations.

The study is based on a corpus in which the material has been derived from the following sources:

the Afrikaanse Taalatlas;

tape recordings and unpublished material collected for the ATA;

unpublished material collected in the early forties by Prof. S A Louw through questionnaires;

several hundred letters from listeners to a language programme organised on the SABC.

Chapter I is a statement on principles and methodology.

The concepts, SYSTEM, DIASYSTEM, AB (Algemeen Beskaafd) and DIALECT are discussed in terms of Weinreich's model for dialect description.

The problem of criteria for distinguishing between LANGUAGE, AB and DIALECT is then examined.

It is assumed that variations in language usage can be discussed without reference to a geographical context by making use of the all-or-nothing principle regarding the identity of systems.

The assumption is made that polyglots participate in different language communities. In terms of this, certain

p.206/.....distinctions

distinctions are drawn which restrict our interpretation of the concept "Afrikaans".

In CHAPTER II the status of Afrikaans as a language is discussed. The rise of AB-Afrikaans is discussed in its relation to AB-Dutch and to English. It is claimed that there is no strong socio-cultural pressure from an AB norm in Afrikaans on geographically restricted forms of language usage. The norm of AB-Afrikaans is rather a norm of generality.

The problem of cartographic patterns in the Afrikaans language region is then discussed. Language usage variations in Afrikaans criss-cross geographically to a tremendous extent. An arbitrary and technical classification based on the principle of generality or frequency of occurrence is applied to the ATA.

On this basis it is possible to distinguish certain language landscapes.

Finally, the nature of these isoglosses in language landscapes is discussed.

CHAPTER III is devoted to a discussion of dialectal variations in phonology.

As we have no proof of dialectal variations in the phoneme inventory, only variations in the phonemic content of word form variations are noted. Phonemic alternants are the most frequent phenomena at this level. Individual vowels form especially large paradigmatic series.

Sub-phonemic variations are discussed by noting, among other things, the correspondence with optional phonic variations in one dialect.

In CHAPTER IV word form variations are treated on the morphological level. Morphological variations occur in various lexical items although without anywhere forming a fully structured category. In addition, the question of morphological compaction and status variations between components in separate dialect systems is discussed.

CHAPTER V surveys syntactic, logotactic and idiomatic variations. Syntactic variations are limited exclusively to isolated instances and individual minor categories, particularly in the verbal group.

Logotactic and idiomatic variations are non-grammatical and thus of necessity restricted to cases which do not occur in series.

CHAPTER VI discusses variations within the lexicon. The most striking and extensive variations in Afrikaans are formed at the lexical level.

In this chapter attention is given to words with a geographically restricted usage, older lexical strata, semantic and formal variations. The pattern of loanword landscapes and the syntactic transparency of composita are briefly considered.

K U R Z F A S S U N G

Es wurde schon des öfteren behauptet, im afrikaansen Sprachraum gäb es keine Dialekte. Darunter wird allgemein verstanden, dass der Umfang der Unterschiede im Sprachgebrauch verhältnismässig gering sei. In dieser Untersuchung wird das Ausmass der Dialektunterschiede nicht berücksichtigt, dagegen wird aber das Wesen dieser Unterschiede im einzelnen untersucht.

Die Untersuchung fusst auf einer Materialsammlung, die den folgenden Quellen entnommen wurde:

- dem Afrikaansen Sprachatlas
- Tonbandaufnahmen und unveröffentlichtem Material, welches für den Afrikaansen Sprachatlas (ATA) gesammelt wurde.
- aus unveröffentlichtem Material, welches nach 1940 von Herrn Prof. S.A. Louw in Form von Fragebögen gesammelt worde.
- aus ein paar hundert Hörerbriefen an die Programmleitung einer regelmässigen Sendung über Sprachfragen des Südafrikanischen Rundfunks.

Kapitel I gibt einen Überblick über die Grundlagen und die dieser Arbeit zugrundeliegende Methodologie. Die Begriffe SYSTEM, DIASYSTEM, GEMEINSPRACHE (AB) und DIALEKT werden im Sinne des Weinreich'schen Modells für die Beschreibung von Dialekten erörtert.

Die Auswahl der Masstäbe wonach z.B. SPRACHE, GEMEINSPRACHE und DIALEKT unterschieden werden, wird eingehend untersucht.

Es wird vorausgesetzt, dass Unterschiede im Sprachgebrauch unabhängig von ihren geografischen Bindungen beschrieben werden

p.209/.....können

können und zwar durch Verwendung des "Alles-oder-nichts-Prinzips" in Bezug auf die Identität der Systeme.

Es wird davon ausgegangen, dass Mehrsprachige an verschiedenen Sprachgemeinschaften teilnehmen. Hieran anschliessend werden bestimmte Trennungen herausgestellt wodurch die Interpretation des Begriffs 'Afrikaans' eingeschränkt wird.

In Kapitel II wird der Status von Afrikaans als Sprache erörtert. Die Entstehung der afrikaansen Gemeinsprache (AB) in ihrem Verhältnis zu Algemeen Beschaafd Nederlands und Englisch wird näher erläutert. Es wird davon ausgegangen, dass die AB-Norm keinen soziokulturellen Druck auf die geographisch beschränkten Sprachgebrauchsformen ausübt. Die normative Wirkung eines AB-Afrikaans äussert sich eher als Allgemeinheitsnorm.

Ferner wird das Problem kartographischer Linien im afrikaansen Sprachraum behandelt, die sich stark überschneiden. Eine willkürliche Klassifikation auf der Grundlage des Allgemeinheits- oder Häufigkeitsprinzips wurde dem afrikaansen Sprachatlas (ATA) zugrundegelegt. Im Anschluss hieran können bestimmte Sprachlandschaften unterschieden werden.

In Kapitel III werden die Dialektunterschiede im Hinblick auf die Lautlehre behandelt. Da keine Beweise über Dialektunterschiede im Phoneminventar vorliegen, werden lediglich die Unterschiede im Phoneminhalt von Wortformvarianten untersucht. Die Merkmale, die hier am häufigsten auftreten, sind Phonemalternationen. Bei einigen Vokalen konnten besonders grosse paradigmatische Serien festgestellt werden. Subphonematische Unterschiede werden vor allem im Hinblick auf ihre Entsprechungen zu fakultativen Phonunterschieden innerhalb eines Dialekts behandelt.

In Kapitel IV werden Wortformunterschiede auf der morphologischen Ebene untersucht. Morphologische Unterschiede kommen bei verschiedenen lexikalischen Einheiten vor, obgleich sie nirgends eine durchstrukturierte Kategorie darstellen. Ferner wird die Frage der morphologischen Verdichtung und der Statusunterschiede zwischen Komponenten verschiedener Dialektsysteme erörtert.

In Kapitel V werden die syntaktischen, logotaktischen und idiomatischen Unterschiede untersucht.

Syntaktische Unterschiede beschränken sich auf einige Einzelfälle und bestimmte kleinere Kategorien, vor allem auf Verben.

Logotaktische und idiomatische Unterschiede sind agrammatisch und beschränken sich grundsätzlich auf Fälle, die nicht paradigmatisch gebunden sind.

In Kapitel VI werden Unterschiede im Wortschatz behandelt. Die auffälligsten und zahlreichsten Dialektvarianten innerhalb des afrikaanschen Sprachraums liegen auf der Ebene des Wortschatzes.

In diesem Kapitel werden vor allem Wörter mit einem geographisch begrenzten Anwendungsbereich, ältere lexikalische Schichten und semantische sowie Formunterschiede eingehender untersucht. Die Strukturierung von Lehnwortlandschaften und die syntaktische Transparenz von Komposita wird kurz erörtert.

AANGEHAALDE LITERATUUR

- BEETON, D.R. 1968. Some Aspects of English Usage in South Africa. Taalfasette VI.
- BLOCH, B. en G.L. TRAGER. 1942. Outline of Linguistic Analysis. Baltimore, Waverley Press.
- BOESEKEN, A. 1948. Geskiedenis-atlas vir Suid-Afrika. Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg, Nasionale Boekhandel.
- BOSHOFF, S.P.E. 1921. Volk en taal van Suid-Afrika. Pretoria, De Bussy.
- BOSHOFF, S.P.E. en G.S. NIENABER. 1967. Afrikaanse Etimologieë. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- COETZEE, A. 1951. Taalgeografiese Studies. Kaapstad, Citadel Pers.
- COETZEE, A. 1953. The Geographical Distribution of Afrikaans and English in South Africa. Orbis, vol. II.
- COETZEE, A. 1958. Teenstellings in die taal. Kaapstad/Bloemfontein/Pretoria, Nasionale Boekhandel.
- COMBRINK, J.G.H. 1965. Die Afrikaanse middele tot semantiese verband. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, jg. V, nr.I.
- COMBRINK, J.G.H. 1967. Reklameneologiesmes. Taalfasette II.
- DAAN, J. 1960. Afrikaanse Taalatlas. Taal en Tongval, vol. XII.

- DE GROOT, A.W. 1964. Inleiding tot de Algemene Taalwetenschap. Groningen, Wolters.
- DE KLERK, W.J. en M.C. Taalgeografie en taallandskappe.
- VAN RENSBURG. 1966. Standpunte, nuwe reeks nr. 68, Des. 1966.
- DE SAUSSURE, F. 1959. Course in General Linguistics. Verwerk deur Bally, C. en A. Sechaye; vertaal deur Baskin, W. Londen, Peter Owen.
- DE VILLIERS, M. 1965. Afrikaanse klankleer. Kaapstad, Balkema.
- HAUGEN, E. 1953. The Norwegian Language in America. Philadelphia, Pennsylvania University Press.
- HARRIS, Z.S. 1963. Structural Linguistics. Chicago/Londen, University of Chicago Press.
- HEFROMA, K. 1965. Taal en talen. Groningen, Wolters.
- HEIBERG, L.R. 1957. Afrikaanse visserstaal. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- HOCKETT, C. 1954. Two Models of Grammatical Description. In Martinet, A. en U. Weinreich 1954.
- HOCKETT, C. 1964. A Course in Modern Linguistics. New York, McMillan.
- HUISMAN, J.A. 1965. Het Nederlands tussen dialect en wereldtaal. Groningen, Wolters.
- IVIČ, P. 1962. On the Structure of Dialectal Differentiation. Word, vol. XVIII.

- JESPERSEN, O. 1963⁹. The Philosophy of Grammar. Londen, Allen and Unwin.
- JOOS, M. 1963. Readings in Linguistics. New York, American Council of Learned Societies.
- KEMPEN, W. s. j. Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans. Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg, Nasionale Boekhandel.
- KIRSIPUU, A. 1967. Resensie van Valkhoff, M. Studies in Portuguese and Creole. Taalfasette V.
- KWANT, R.C. 1964. Fenomenologie van de taal. Utrecht/Antwerpen, Aula Boeken.
- LANHAM, L.W. 1964. Phonetics. In Van der Merwe red. 1964.1 - 17.
- LE ROUX, J.J. 1949. Praatjies oor ons taal. Kaapstad, Nasionale Pers.
- LE ROUX, T.H. 1965. Afrikaanse taalstudies. Pretoria, Van Schaik.
- LOUBSER, J.E. 1954. Aspekte van die Afrikaanse spreektaal-gebruik in en om Loeriesfontein. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- LOUW, S.A. 1941. Taalgeografie. Pretoria, Van Schaik.
- LOUW, S.A. 1948. Dialekvermenging en taalontwikkeling. Kaapstad, Balkema.
- LOUW, S.A. 1959. Afrikaanse Taalatlas. Pretoria, Staatsdrukker.


- LOUW, S.A. 1963. Afrikaanse spraakgebiede. In Taalkundige opstelle van oud-studente opgedra aan prof. T.H. le Roux. Kaapstad/Pretoria, HAUM.
- LOUW, S.A. 1963. Afrikaanse Mundartforschung. Manuskrip aanvaar vir publikasie in die Mitzka Festschrift.
- MARTINET, A. en U. WEINREICH red. 1954. Linguistics Today. New York, Publications of the Linguistic Circle of New York, nr.II.
- MONKHOUSE, F.J. en H.R. WILKINSON. 1964. Maps and Diagrams. Londen, Methuen.
- MOULTON, W.G. 1960. The Short Vowel System of Northern Switzerland. A Study in Structural Dialectology. Word, vol. XVI.
- NIENABER, G.S. 1950. Taalkundige belangstelling in Afrikaans tot 1900. Johannesburg, A.P.B.
- PAARDEKOOPEL, P.C. 1966. Kleine ABN-Syntaxis. Den Bosch, Malmberg.
- PIENAAR, E.C. 1946. Die triomf van Afrikaans. Kaapstad, Nasionale Pers.
- PIENAAR, P. de V. 1939. Praat u beskaaf? Johannesburg, Voortrekkerpers.
- PIENAAR, P. de V. 1947. Die Afrikaanse spreektaal. Pretoria, Van Schaik.
- PONELIS, F.A. 1967. Sintaktiese teorie en die "om te"-groep in Afrikaans. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth.

- PONELIS, F.A. 1968. Lys terme in die Transformasionele Grammatika. Taalfasette V.
- POSTHUMUS, M.J. 1964. Die taak van die taalkundige in Suid-Afrika. Intreerede, Universiteit van Suid-Afrika.
- POSTHUMUS, M.J. 1968. Sillabeprominensie en woordbegrensing in die konstruksie kern-bepaling in Afrikaans. Taalfasette VI.
- PULGRAM, E. 1964. Structural Comparison, Diasystems, and Dialectology. Linguistics, nr. IV.
- QUIRK, R. 1965. Descriptive statement and serial relationship. Language, nr.41.
- RADEWYER, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Amsterdam, Swets en Zeitlinger.
- REICHLING, A.J.B.N. 1962. Verzamelde studies. Zwolle, Tjeenk Willink.
- SAPIR, E. 1921. Language. New York, Harcourt.
- SAUNDERS, S.S. 1966. Oor die ontwerp en vertolking van taalkaarte na aanleiding van enkele voorbeelde uit die Afrikaanse Taal-atlas. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- SCHOLTZ, J. du P. s.j. Afrikaans uit die vroeë tyd. Kaapstad, Nasou.
- SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 1968. Referate-vaktaalkongres.
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1967. Jaarverslag. SAUK-Publikasies.


- STANKIEWICZ, E. 1956. The Phonemic Patterns of the Polish Dialects, A Study in Structural Dialectology. In For Roman Jakobson 1967. Den Haag, Mouton.
- STREVENS, P. red. 1966. Five Inaugural Lectures. Londen, Oxford University Press.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1964. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. red. 1964. Studierigtings in die taalkunde. Pretoria, Van Schaik.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1964. Scheepsjournael ende Dagregister. Pretoria, Van Schaik.
- VAN GINNEKEN, J. 1913/1928². Handboek der Nederlandsche taal. Nijmegen, Malmberg.
- VAN RENSBURG, M.C. 1967. Taalgeografie: twee rekonstruksies. Taalfasette IV.
- VAN WARMELO, N.J. 1952. Taalkaart van Suid-Afrika. Pretoria, Staatsdrukker.
- VAN WYK, E.B. 1962. Die Bantoetaalkunde as Beskrywende Taalwetenskap. Intreerede, Universiteit van Pretoria.
- VAN WYK, E.B. 1966. Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes. Taalfasette II.
- WEIJNEN, A. 1958. Nederlandse dialectkunde. Assen, Van Gorcum.
- WEIJNEN, A. 1961. Het bewustzijn van dialectverskil. Groningen, Wolters.

- WEINREICH, U. 1954. Is a Structural Dialectology
Possible? Word, vol. X.
- WEINREICH, U. 1964. Languages in Contact.
Den Haag, Mouton.
- WHORF, B.L. 1966. Language, Thought and Reality.
Cambridge, M.I.T. Press.
-


GRÖNDKÄART



KAART NR. 1




KAART NR.2




• het geken
*kon

KAART NR.3



Die wisseling
/ V x b /
volgens AIA I,1

KAART NR 4




Isoglosse
ATA 1-20


KAART NR.5

- 1 bojaan
- 3 predikant
- 5 -doring
- 6 kwaleteer
- 7 meul
- 8 -skeerder, -steker
- 9 roltoe(s), roldoes
- 13 Win-
- 17 perskereën
- 18 bossies


ISOGLOSSE
ATA 1-20



KAART NR. 6
SPRAAKLANDSKAPPE



KAART NR.7




Die bry-R

★: [R]

⊕: [r]

KAART NR. 8



Kontakgebiede

- ☆ ATA 1,4
- ATA 2,9
- ATA 4,14
- ATA 4,17
- ATA 4,20

Taalgrense.

- NS - N. Sotho
- S - S. Sotho
- SW - Swazi
- T - Tswana
- TS - Tsonga
- X - Xhosa
- Z - Zoeloe